



UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0110011



111048588701220100013

DEZDIE EKEEMPLAAR MAG ONDER  
GLEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE  
BIBLIOTHEEK EN WERD NIE



'N GEOGRAFIESE ANALISE VAN DIE BANTOEBEVOLKING  
VAN DIE ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD

deur

GABRIËL DU TOIT DE VILLIERS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

Departement

GEOGRAFIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

(in twee dele)

Deel I

Datum van Indiening: 5 Januarie 1970.

Promotor: Prof. D. E. Nel, M.A., D.Litt. et Phil.

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

- 7-4 - 1970

KLAS No.

No. 110011

BIBLIOTEEK

### DANKBETUIGINGS.

Dit is vir my besonder aangenaam om langs hierdie weg my opregte dank teenoor my promotor, Prof. D.E. Nel, te betuig. Sy geesdriftige belangstelling, besondere vakkennis en heldere insig het vir my steeds as aansporing gedien.

'n Besondere woord van dank aan alle persone en instansies in die Oranje-Vrystaatse Goudveld by wie ek gegewens gekry het. U vriendelike en waardevolle hulp is te alle tye hoog waardeer.

Aan my vrou wat soveel moes opoffer ook 'n spesiale woord van dank. Sonder haar ondersteuning sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

Ten slotte is dit met eerbied dat skrywer sy moeder bedank vir alle hulp en bemoediging wat sy aan hom verleen het. Dit is uitsluitlik aan haar te danke dat die geleentheid vir 'n universitêre opleiding werklikheid geword het.

G. du T. de Villiers.

5 Januarie 1970.

I N H O U D S O P G A W E.'N GEOGRAFIESE ANALISE VAN DIE BANTOEBEVOLKING VAN  
DIE ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD.BLADSY

|                    |   |    |
|--------------------|---|----|
| <u>Hoofstuk I</u>  | <u>Die Doel van die Onderzoek en die</u>                      |    |
|                    | <u>Navorsings- en Karteringsmetodes.....</u>                  | 1  |
| 1.                 | Agtergrond tot die Doel van die Onderzoek.....                | 1  |
| 2.                 | Die Doel van die Studie.....                                  | 1  |
| 3.                 | Navorsingsmetodes.....  | 1  |
| 4.                 | Karteringsmetodes.....  | 2  |
| <u>Hoofstuk II</u> | <u>Die Natuurgesteldheid van die Gebied.....</u>              | 5  |
| 1.                 | Ligging.....  | 5  |
| 2.                 | Die Omvang en Vorm van die Oranje-Vrystaatse<br>Goudveld..... | 6  |
| 3.                 | Geologiese Formasies.....                                     | 10 |
|                    | A. Die Voor-Witwatersrandgesteentes.....                      | 10 |
|                    | B. Die Sisteem Witwatersrand.....                             | 10 |
|                    | (i) Die Onderste Witwatersrandse Sedimente..                  | 10 |
|                    | (ii) Die Boonste Witwatersrandse Sedimente...                 | 11 |
|                    | C. Die Sisteem Ventersdorp.....                               | 12 |
|                    | D. Die Sisteem Karoo.....                                     | 12 |
|                    | E. Oppervlakafsettings.....                                   | 12 |
| 4.                 | Geologiese Struktuur.....                                     | 13 |
| 5.                 | Gouddraende Riwwe.....  | 15 |
|                    | a) Die Basale Rif.....  | 16 |
|                    | b) Die van den Heeverstruwwe.....                             | 19 |
|                    | c) Die Gidsrif.....   | 19 |
|                    | d) Die „B“ rif.....   | 19 |
|                    | e) Die „A“ rif.....   | 19 |

|    |   |    |
|----|---|----|
| 6. | Die Oorsprong van die Goudafsettings.....     | 19 |
|    | a) Die Gewysigde Spoelteorie.....             | 19 |
|    | b) Die Aanvoering van die Goudafsettings..... | 20 |
| 7. | Reliëf.....                                   | 21 |
| 8. | Algemene Afwatering.....                      | 21 |
| 9. | Klimaat.....                                  | 22 |
|    | i) Algemeen.....                              | 22 |
|    | ii) Klassifikasie.....                        | 23 |

### Hoofstuk III Die Beheer en Beplanning van die

|    |  |    |
|----|--|----|
|    | <u>Oranje-Vrystaatse Goudveld.....</u>   | 24 |
| 1. | Die Gebied Voordat die Goudafsettings<br>Ontdek is.....                                      | 24 |
| 2. | Die Ontdekking van die Goudafsettings en die<br>Toekenning van die Mynverhuringsgebiede..... | 25 |
| 3. | Die Verskaffing van Elektriese Krag, Water en<br>Verbindingsweë aan die nuwe Goudveld.....   | 28 |
|    | A. Elektriese Krag.....  | 28 |
|    | B. Water.....  | 30 |
|    | C. Verbindingsweë.....   | 31 |
|    | i) Spoorweë.....   | 31 |
|    | ii) Paaie.....   | 32 |
|    | iii) Lugdiens.....   | 33 |
| 4. | Die Dorpe en Buitestedelike Ontwikkeling.....  | 34 |
|    | A. Die Regsagtergrond.....   | 34 |
|    | B. Faktore waardeur die Plasing van Dorpe en<br>hul Samestellende Dele bepaal is.....        | 36 |
|    | C. Die Groei van die Dorpe.....  | 40 |
|    | i) Odendaalsrus.....   | 42 |
|    | ii) Welkom.....  | 44 |
|    | iii) Virginia.....   | 46 |
|    | iv) Allanridge.....  | 47 |
|    | v) Blaauwdrift en Riebeeckstad.....  | 48 |
|    | D. Buitestedelike Ontwikkeling.....  | 48 |

|  |    |
|--|----|
| <u>Hoofstuk IV Die Mynbantoebevolking van die</u>  |    |
| <u>Oranje-Vrystaatse Goudveld.....</u>   | 51 |
| 1. Die Herkoms van die Mynbantoebevolking van die Republiek van Suid-Afrika.....                           | 51 |
| 2. Die Herkoms van die Trekarbeiders wat werksaam is in die Oranje-Vrystaatse Goudmyne..                   | 52 |
| 3. Die Werwing van die Trekarbeiders vir die Suid-Afrikaanse Goudmynbedryf.....                            | 54 |
| 4. Die Dienskontrakte van die Trekarbeiders wat verbonde is aan die Oranje-Vrystaatse Goudmynbedryf.....   | 55 |
| 5. Die Vervoer van die Trekarbeiders na die Oranje-Vrystaatse Goudveld.....                                | 57 |
| 6. Die Aanvraag na die Mynbantoe-arbeiders.....  | 57 |
| 7. Die Beroepskategorieë van die Bantoeowerknemers van die Oranje-Vrystaatse Goudmynbedryf.....            | 60 |
| 8. Die Salarisse en Lone van die Bantoeowerknemers van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.....                 | 61 |
| 9. Die Verskaffing van Mediese Dienste aan die Mynbantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.....  | 62 |
| 10. 'n Terrein-ontleding van 'n Tipiese Oranje-Vrystaatse Goudmyn.....                                     | 64 |
| <br><u>Die Verbreiding van die Oranje-Vrystaatse</u>   |    |
| <u>Mynbantoebevolking.....</u>   | 66 |
| Die Demarkering van die Oranje-Vrystaatse Goudveld in Hoof Bevolkingstreke.....                            | 68 |
| A. Die Suidelike Goudveld.....   | 69 |
| 1. Ligging, Omvang en Totale Digtheid.....   | 69 |
| 2. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking volgens die Mynverhuringgebiede van die Suidelike Goudveld..... | 70 |
| 3. 'n Analise van die Nedersettingspatroon en die Verbreiding op die Bol-stippelkaart..                    | 74 |
| 4. Die Grootte van die Bantoebevolkings by die onderskeie Produksieskagte in die Suidelike Goudveld.....   | 75 |
| a) Enkelkwartiere.....   | 75 |
| b) Getroude Kwartiere.....   | 77 |

|    |  |    |
|----|--|----|
| 5. | Die Samestelling van die Mynbantoebevolking.....   | 78 |
|    | a) Enkelkwartiere.....   | 78 |
|    | b) Getroude Kwartiere.....   | 81 |
| 6. | Die Produksievermoë van die Arbeiders.....   | 82 |
| 7. | Die Toename van die Mynbantoebevolking.....  | 83 |
| B. | Die Oostelike Goudveld.....  | 85 |
|    | 1. Ligging, Omvang en Totale Digtheid.....   | 85 |
|    | 2. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking volgens die Mynverhuringsgebiede van die Oostelike Goudveld.....  | 86 |
|    | 3. 'n Analise van die Nedersettingspatroon en die Bevolkingsverbreiding op die Bol-stippelkaart.....         | 88 |
|    | 4. Die Grootte van die Bantoebevolking by die Onderskeie Produksieskagte.....                                | 89 |
|    | a) Enkelkwartiere.....   | 89 |
|    | b) Getroude Kwartiere.....   | 90 |
|    | 5. Die Samestelling van die Mynbantoebevolking.....  | 90 |
|    | a) Enkelkwartiere.....   | 90 |
|    | b) Getroude Kwartiere.....   | 92 |
|    | 6. Die Produksievermoë van die Arbeiders.....  | 92 |
|    | 7. Die Toename van die Mynbantoebevolking.....   | 93 |
| C. | Die Noordelike Goudveld.....   | 95 |
|    | 1. Ligging, Omvang en Totale Digtheid.....   | 95 |
|    | 2. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking volgens die Mynverhuringsgebiede van die Noordelike Goudveld..... | 97 |
|    | 3. 'n Analise van die Nedersettingspatroon en die Bevolkingsverbreiding op die Bol-stippelkaart.....         | 98 |
|    | 4. Die Grootte van die Bantoebevolking by die Onderskeie Produksieskagte.....                                | 98 |
|    | a) Enkelkwartiere.....   | 98 |
|    | b) Getroude Kwartiere.....   | 99 |

|  |     |
|--|-----|
| 5. Die Samestelling van die Mynbantoe-<br>bevolking.....   | 100 |
| a) Enkelkwartiere.....   | 100 |
| b) Getroude Kwartiere.....   | 102 |
| 6. Die Produksievermoë van die Arbeiders.....  | 102 |
| 7. Die Toename van die Mynbantoebevolking.....   | 103 |
| <br>   |     |
| <u>Hoofstuk V Die Stedelike Bantoebevolking van die</u><br><u>Oranje-Vrystaatse Goudveld.....</u>            | 106 |
| Die Suid-Afrikaanse Naturellebeleid met Betrekking<br>tot die Stedelike Bantoe en Stedelike Bantoegebiede... | 106 |
| Die Stedelike Bantoewoongebiede van die<br>Oranje-Vrystaatse Goudveld.....                                   | 108 |
| A. Thabong.....  | 108 |
| 1. Historiese Oorsig.....  | 108 |
| 2. Die Ligging en Omvang van die Gebied; die<br>Grootte en Toename van die Bevolking.....                    | 109 |
| 3. Die Samestelling van die Bevolking.....   | 111 |
| 4. Geboorte- en Sterftesyfers.....   | 113 |
| <u>Residensiële Struktuur.....</u>   | 114 |
| 1. Die Aard en Omvang van die Bantoebehuisings-<br>probleem.....   | 114 |
| 2. Bantoebehuisingskemas.....  | 116 |
| i) Erf-en-diensskema.....  | 118 |
| ii) Sub-ekonomiese Behuising.....  | 120 |
| iii) Ekonomiese Behuising.....   | 121 |
| iv) Behuising vir Enkellopende Bantoes.....  | 121 |
| 3. Samevatting.....  | 122 |
| <u>Kommersiële Struktuur.....</u>  | 122 |
| 1. Proudfoot se Konsep van die Kleinhandel-<br>struktuur.....  | 122 |
| i) Die Sentrale Sakekern.....  | 122 |
| ii) Die Verderliggende Sakegebied.....   | 123 |
| iii) Die Hoof Sakedeurweg.....   | 123 |
| iv) Die Omgewingsakestraat.....  | 124 |
| v) Die Afgesonderde Kleinhandelondernemings..  | 124 |



|  |     |
|--|-----|
| 2. Die Kommersiële Funksie in die Thabong-Bantoewoongebied.....                                  | 124 |
| <u>Verspreide Funksies</u> .....   | 125 |
| 1. Opvoeding.....  | 125 |
| 2. Sport en Ontspanning.....   | 126 |
| 3. Openbare Kantore en Openbare Dienste.....   | 126 |
| 4. Kerklik.....  | 127 |
| <u>Verkeer as Geïntegreerde Funksie</u> .....  | 127 |
| 1. Straatfunksies.....   | 127 |
| 2. Tipes Straatverkeer.....  | 127 |
| 3. Vervoermiddels en Vervoervolume.....  | 128 |
| <u>Werkverskaffing aan die Stedelike Bantoebevolking van Thabong</u> .....                       | 128 |
| I. Die Verbreiding van die Nywerhede met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....              | 128 |
| 1. Inleiding.....  | 128 |
| 2. Die Ligging.....  | 129 |
| 3. Klassifikasie.....  | 129 |
| i) Landbouprodukte.....  | 130 |
| ii) Hout, Klip, Klei en Glaswerke.....   | 130 |
| iii) Metaal- en Ingenieurswerke.....   | 130 |
| iv) Bou- en Konstruksiewerke.....  | 131 |
| v) Chemiese Bedrywe.....   | 131 |
| vi) Allerlei.....  | 131 |
| 4. Samevatting.....  | 131 |
| II. Die Verbreiding van Klein- en Groothandelaars met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing..... | 132 |
| III. Die Verbreiding van Openbare Dienste met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....         | 133 |
| IV. Werkverskaffing aan Bantoevroue.....   | 133 |
| B. Kulluanong.....   | 133 |
| 1. Historiese Oorsig.....  | 133 |
| 2. Die Ligging en Omvang van die Gebied; die Grootte en Toename van die Bevolking.....           | 133 |

|   |     |
|---|-----|
| 3. Die Samestelling van die Bevolking.....  | 134 |
| 4. Geboorte- en Sterftesyfers.....  | 136 |
| 5. Residensiële Struktuur.....  | 137 |
| 6. Kommersiële Struktuur.....   | 139 |
| 7. Verspreide Funksies.....   | 139 |
| i) Opvoeckundig.....  | 139 |
| ii) Sport en Ontspanning.....   | 141 |
| iii) Openbare Kantore en Openbare Dienste.....  | 141 |
| iv) Kerklik.....  | 141 |
| 8. Verkeer as Geïntegreerde Funksie.....  | 141 |
| i) Straatfunksies.....  | 141 |
| ii) Tipes Straatverkeer.....  | 142 |
| iii) Vervoermiddels en Vervoervolume.....   | 142 |
| <u>Werkverskaffing aan die Stedelike Bantoebevolking</u>  |     |
| <u>van Kulluanong.....</u>  | 143 |
| I. Die Verbreding van die Nywerhede met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....              | 143 |
| II. Die Verbreding van Klein- en Groothandelaars met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing..... | 143 |
| III. Die Verbreding van Openbare Dienste met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....         | 144 |
| IV. Werkverskaffing aan Bantoevroue.....  | 144 |
| C. Meloding.....  | 144 |
| 1. Historiese Oorsig.....   | 144 |
| 2. Die Ligging en Omvang van die Gebied; die Grootte en die Toename van die Bevolking.....      | 145 |
| 3. Die Samestelling van die Bantoebevolking.....  | 146 |
| 4. Geboorte- en Sterftesyfers.....  | 148 |
| 5. Residensiële Struktuur.....  | 148 |
| 6. Kommersiële Struktuur.....   | 150 |

|   |     |
|---|-----|
| 7. Verspreide Funksies.....   | 151 |
| i) Opvoedkundig.....  | 151 |
| ii) Sport en Ontspanning.....   | 152 |
| iii) Openbare Kantore en Openbare Dienste.....  | 152 |
| iv) Kerklik.....  | 153 |
| 8. Verkeer as Geïntegreerde Funksie.....  | 153 |
| i) Straatfunksies.....  | 153 |
| ii) Tipes Straatverkeer.....  | 153 |
| iii) Vervoermiddels en Vervoervolume.....   | 154 |
| <u>Werkverskaffing aan die Stedelike Bantoebevolking</u>  |     |
| <u>van Meloding.....</u>  | 154 |
| I. Die Verbreiding van die Nywerhede met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....                   | 154 |
| II. Die Verbreiding van die Klein- en Groothandelaars met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....  | 155 |
| III. Die Verbreiding van Openbare Dienste met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.....              | 155 |
| IV. Werkverskaffing aan Bantoevroue.....  | 156 |
| D. Allanridge.....  | 156 |
| 1. Historiese Oorsig.....   | 156 |
| 2. Die Ligging en Omvang van die Bantoewoongebied; die Grootte en Samestelling van die Bevolking..... | 156 |
| 3. Geboorte- en Sterftesyfers.....  | 157 |
| <u>Hoofstuk VI Die Slotsom.....</u>   | 158 |
| <u>Bibliografie.....</u>  | 161 |

L Y S V A N T A B E L L E .

| <u>TABEL</u><br><u>NR.</u> |   | <u>BLADSY</u> |
|----------------------------|---|---------------|
| 1.                         | Goudmyne en Finansieringsondernemings van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.....                               | 9             |
| 2.                         | Die Relatiewe Ekonomiese Belangrikheid van die Gouddraende Rivwe.....                                       | 16            |
| 3.                         | Die Bevolkingsaanwas in die Dorpe van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.....                                   | 41            |
| 4.                         | Die Waarde van die Goedgekeurde Bouplanne.....  | 41            |
| 5.                         | Die Sterftesyfers van die Mynbantoebevolking van die Vernaamste Goudproduserende Streke in Suid-Afrika..... | 64            |
| 6.                         | Die Bedryfskoste, Bedryfsinkomste en Bedryfs-wins van die Myne van die Suidelike Goudveld...                | 71            |
| 7.                         | Die Digtheid van die Mynbantoebevolking van die Suidelike Goudveld.....                                     | 72            |
| 8.                         | Die Grootte van die Bevolking in die Enkelkwartiere van die Suidelike Goudveld.....                         | 75            |
| 9.                         | Die Aantal Arbeiders in die Getroude Kwartiere van die Suidelike Goudveld.....                              | 77            |
| 10.                        | Die Samestelling van die Mynbantoebevolking in die Enkelkwartiere van die Suidelike Goudveld..              | 79            |
| 11.                        | Die Samestelling van die Bevolking in die Getroude Kwartiere van die Suidelike Goudveld..                   | 82            |
| 12.                        | Die Produksievermoë van die Arbeiders in die Suidelike Goudveld.....  | 82            |
| 13.                        | Die Produksiestyging en Bevolkingstoename van die Suidelike Goudveld vanaf 1950 tot 1968.                   | 84            |
| 14.                        | Die Digtheid van die Mynbantoebevolking van die Oostelike Goudveld.....                                     | 86            |
| 15.                        | Die Bedryfskoste, Bedryfsinkomste en Bedryfs-wins van die Myne van die Oostelike Goudveld...                | 87            |
| 16.                        | Die Grootte van die Bevolking in die Enkelkwartiere van die Oostelike Goudveld.....                         | 89            |
| 17.                        | Die Aantal Arbeiders in die Getroude Kwartiere van die Oostelike Goudveld.....                              | 90            |
| 18.                        | Die Samestelling van die Mynbantoebevolking in die Enkelkwartiere van die Oostelike Goudveld.....           | 91            |
| 19.                        | Die Samestelling van die Bevolking in die Getroude Kwartiere van die Oostelike Goudveld..                   | 92            |
| 20.                        | Die Produksievermoë van die Arbeiders in die Oostelike Goudveld.....  | 93            |

| <u>TABEL</u><br><u>NR.</u>   | <u>BLADSY</u> |
|--|---------------|
| 21. Die Produksiestyging en Bevolkingstoename van die Oostelike Goudveld vanaf 1950 tot 1968.....      | 94            |
| 22. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking van die Noordelike Goudveld.....                           | 97            |
| 23. Die Bedryfskoste, Bedryfsinkomste en Bedryfs-<br>wins van die Myne van die Noordelike Goudveld..   | 98            |
| 24. Die Grootte van die Bevolking in die Enkel-<br>kwartiere van die Noordelike Goudveld.....          | 99            |
| 25. Die Aantal Arbeiders in die Getroude Kwartiere van die Noordelike Goudveld.....                    | 100           |
| 26. Die Samestelling van die Mynbantoebevolking in die Enkelkwartiere van die Noordelike Goudveld..... | 101           |
| 27. Die Samestelling van die Bevolking in die Getroude Kwartiere van die Noordelike Goudveld.          | 102           |
| 28. Die Produksievermoë van die Arbeiders in die Noordelike Goudveld.....                              | 102           |
| 29. Die Produksiestyging en Bevolkingstoename van die Noordelike Goudveld vanaf 1950 tot 1968....      | 104           |
| 30. Toename van die Bevolking in die Thabong-<br>Bantoewoongebied.....                                 | 110           |
| 31. Die Samestelling van die Bevolking wat in Gesinsverband saam woon.....                             | 112           |
| 32. Die Inwonertal in Thabong se Enkelkwartiere....  | 121           |
| 33. Leerlingtal van die Bantoeskole in Thabong.....  | 125           |
| 34. Die Totale Aantal Bantoes wat in die Ses Hoof Nywerheidsgroepe in Welkom werksaam is....           | 132           |
| 35. Die Toename van die Bevolking in die Kulluanong-<br>Bantoewoongebied.....                          | 134           |
| 36. Die Samestelling van die Bevolking in die Kulluanong-Bantoewoongebied.....                         | 136           |
| 37. Leerlingtal van die Bantoeskole in Kulluanong.....   | 140           |
| 38. Die Nywerhede in Odendaalsrus en die Aantal Bantowerknemers.....                                   | 143           |
| 39. Die Toename van die Bevolking in die Meloding-<br>Bantoewoongebied.....                            | 146           |
| 40. Die Samestelling van die Bevolking wat in Gesinsverband saam woon.....                             | 147           |
| 41. Die Inwonertal in Meloding se Enkelkwartiere...  | 150           |

| <u>TABEL</u><br><u>NR.</u> |   | <u>BLADSY</u> |
|----------------------------|---|---------------|
| 42.                        | Leerlingtal van die Bantoeskole in<br>Meloding.....                       | 151           |
| 43.                        | Die Vermaaste Nywerhede in Virginia en die<br>Aantal Bantowerknemers..... | 155           |

---

DIAGRAMME.

| <u>DIAGRAM</u><br><u>NR.</u> |  | <u>BLADSY</u> |
|------------------------------|--|---------------|
| 1.                           | Geologiese Seksie om die Gouddraende Riwwe<br>aan te dui.....  | 15(a)         |
| 2.                           | Die Herkoms van die Mynbantoebewolking van<br>die Republiek van Suid-Afrika se Goudmyn-<br>bedryf..... | 51(a)         |

## HOOFSTUK I.

### DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

#### EN DIE NAVORSINGS- EN KARTERINGSMETODES.

##### 1. Agtergrond tot die Doel van die Onderzoek.

Sedert die ontdekking van goud in die huidige Oranje-Vrystaatse Goudveld het die Bantoe in 'n toenemende mate sy verskyning binne die streek gemaak. Vir hierdie instroming van Bantoes in die Vrystaatse Goudveld kan 'n groot verskeidenheid redes aangevoer word. Die belangrikste was volgens Welkom se Direkteur van Bantoesake waarskynlik die volgende:

- a) Die gebrek aan toestromingsbeheer in die gebied, veral in die begin jare toe ontwikkeling, soortgelyk aan die van die Witwatersrandse gebied, nog in die vooruitsig gestel is.
- b) Die groot behoefte wat daar by die goudmyne in die Oranje-Vrystaatse Goudveld bestaan aan ongeskoolde Bantoe-arbeiders.
- c) Die hoër loonpeile wat aan Bantoes in die Vrystaatse Goudveld betaal word.
- d) Die aantreklikheid van die lewe in die Oranje-Vrystaatse Goudstreek.

##### 2. Die doel van die Studie.

Die vooropgestelde doel van hierdie navorsing is dan om : die dinamiese en statiese aspekte van die Bantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld geografies te evalueer en te verklaar.

##### 3. Navorsingsmetodes.

In die besprekings wat hierop volg, word daar gepoog om 'n duidelike uiteensetting te gee van die metodes wat gevolg is by die insameling, die verwerking en die kartering van gegewens wat op die Bantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse



Goudveld betrekking het.

Daar moet hier dadelik op gewys word dat, tensy anders vermeld, alle syfermateriaal wat op die bevolkingsaspekte betrekking het, uit ongepubliseerde tabelle by die Kamer van Mynwese verkry is of andersins van die Departement van Bantoesake.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die Bantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld in twee aparte groepe verdeel, te wete die Mynbantoebevolking en die stedelike Bantoebevolking. Alle geografiese aspekte wat betrekking het op die totale Mynbantoebevolking is daarna ontleed. Hierop is die verbreiding van die Mynbantoebevolking in die onderskeie mynverhuringsgebiede verklaar. Daar is veral gepoog om die verband tussen die opbrengs van die individuele goudmyne en hulle bevolkings te verklaar. Voorts is daar oorgegaan tot 'n geografiese analise van die stedelike Bantoebevolking. Dit behels in die besonder 'n stedelik-geografiese analise.

#### 4. Karteringsmetodes.

By die kartering is die gegewens verwerk tot óf choropleetkaarte óf stippel-bolkaarte óf diagramvoorstellings en later fotografies tot die huidige skaal verklein.

Die relatiewe metode van voorstelling is die aangewese een om die kwantitatiewe verbreidingsaspekte van bevolking aan te dui. Vervolgens was dit nodig om 'n choropleeteenheid te kies. Die feit dat elke goudmyn sy eie mynverhuringsgebied het, het die geleentheid gebied om die mynverhuringsgebiede as choropleeteenhede te neem. Vir hierdie eenhede was daar natuurlik akkurate bevolkingsyfers beskikbaar.

Die volgende stap was om al die choropleeteenhede se oppervlakte te bereken. Dit is gedoen met behulp van die planimeter. Met hierdie oppervlakte en met die bevolkingsyfers



van elke eenheid is die bevolkingsdigtheid bepaal. Daarna is die digtheidsyfers op arbitrêre wyse gegroepeer. Die volgende intervale is gekies : 100 tot 300, 301 tot 500, 501 tot 700, 701 tot 900, 901 tot 1,100 en bo 1,100. Die opbrengs en die bevolking van die onderskeie myne is egter wel by die groepering in ag geneem.

Benewens die voorstelling van die verbreiding van die bevolking volgens genoemde relatiewe metode, is daar ook in hierdie werk 'n kartografiese voorstelling van die bevolkingsverbreiding volgens die absolute metode gemaak. Hierdie tipe kartografiese voorstelling maak gebruik van absolute data en dui die werklike verbreiding en die nedersettingspatroon van die bevolking aan. Alhoewel meer noukeurig, het die absolute kaart die nadeel dat geen definitiewe syfers ten opsigte van verbreiding en digtheid afgelees kan word nie. Vir hierdie doel is oral 'n sfeer gebruik waarvan die volume in verhouding tot die bevolking van die bepaalde nedersetting is. Omdat daar geweldige variasie in bevolkingsyfers van plek tot plek binne die streek voorkom is daar, na eksperimentering, tot die gevolgtrekking gekom dat 'n bevredigende kaartbeeld verkry kan word indien die syferwaardes vooraf met die vierkantswortel proporsioneel afgeplat word. Daarna is 'n verklaring opgestel waarvan die proporsionele grootte van elke sfeer maklik bepaal kan word.

Omdat die bevolkingsverbreiding in direkte verband staan tot die totale produksie van die onderskeie goudmyne is hierdie produksiesyfers ook gekarteer. Hierdie gegewens is voorgestel deur middel van driedimensionele blokvorme waarvan die produksiesyfers direk afgelees kan word.

Ten slotte is enkele topografiese kaarte ook saamgestel om sodoende die begrip van hierdie studie te vergemaklik.

'n Agtergrondstudie van die Oranje-Vrystaatse Goudveld om die geografiese analise van die bevolking ten volle te kan begryp, word in Hoofstuk 2 en 3 gedoen. Daarna word die mynbantoebevolking in Hoofstuk 4 behandel en die stedelike Bantoebevolking in Hoofstuk 5. In die slot-hoofstuk word die gevolgtrekkings gemaak.

HOOFSTUK II.

DIE NATUURGESTELDHEID VAN DIE GEBIED.

1. Ligging.

Die streek wat bekend is as die Oranje-Vrystaatse Goudveld is geleë in die noordwestelike gedeelte van die Oranje-Vrystaat (sien kaart 1). Volgens die graadnet op kaart 2 is die gebied geleë tussen  $27^{\circ}29'$  en  $28^{\circ}16'$  suiderbreedte en tussen  $26^{\circ}35'$  en  $27^{\circ}29'$  oosterlengte.

Die Oranje-Vrystaatse Goudveld is gevestig op die suidelikste punt van die Witwatersrandse sisteem wat bestaan uit 'n opeenvolging van sedimente wat ongeveer 24,000 voet dik is in die verteenwoordigende gebied.<sup>1)</sup> Die sisteem, wat boogvormig strek vir ongeveer drie honderd myl vanaf Heidelberg in die Transvaal tot by Virginia in die Oranje-Vrystaatse Goudveld, bevat gouddraende riuwe van besondere hoë waardes. Die struktuur van die Witwatersrandse sisteem is die van 'n langwerpige komgebied, wat ongeveer twee honderd myl noordoos en ongeveer 'n honderd myl noordwes strek. Al die ekonomiese ontginbare gouddraende riuwe lê langs die noordwestelike rand van hierdie kom. Op 'n paar uitsonderings na, strek die riuwe tot naby die noordoostelike en suidoostelike verste punte van die komgebied en hel dan na binnetoe, na die middelpunt.<sup>2)</sup> Die Oranje-Vrystaatse Goudveld word op hierdie geboë suidoostelike punt van die Witwatersrandse sisteem aangeref, en is ook die enigste streek in die Oranje-Vrystaat waar ekonomiese ontginbare goudafsettings

---

1) Unie van Suid-Afrika. Die Delfstowwe van die Unie van Suid-Afrika, vierdie uitgawe, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1960), p. 90.

2) C.B. Coetzee, The Geology of the Orange Free State Goldfields, memoir 49, (Pretoria: The Government Printer, 1960), p. 90.

aangetref word. Mynboubedrywighede, op 'n betreklike groot skaal, vorm dan ook die kern van die ekonomiese aktiwiteite in dié gebied.

Vanuit 'n fisiografiese oogpunt gesien, vorm die Oranje-Vrystaatse Goudveld deel van die Vrystaatse Plato wat geleë is tussen die Vaalrivier in die noorde en die Caledonrivier in die suide. Aan die ooste word die plato begrens deur die Plato van Lesotho wat die hoogsliggende deel van Suid-Afrika is. Die Vrystaatse Plato het 'n hoogte van tussen vier duisend voet en vyf duisend voet bo seevlak en word na die weste en die noordweste gedreineer. In die weste is die streek gelyk, maar na die ooste kry dit 'n golwende karakter. <sup>3)</sup>

## 2. Die Omvang en Vorm van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.

Voor die ontdekking van goud in Mei 1938 was die gebied, wat later as die Oranje-Vrystaatse Goudveld bekend geword het, 'n yl-bevolkte landboustreek waar daar hoofsaaklik met graansoorte en in 'n mindere mate met vee geboer is. Die ontdekking van goud het egter 'n algehele omwenteling tot gevolg gehad waarin die eertydse landboustreek in 'n mynbougebied omskep is. <sup>4)</sup>

Aangesien alle menslike bedrywighede in die streek mettertyd gebaseer is op die mynboubedryf, is dit vanselfsprekend dat die omvang en vorm van die gebied in direkte verband met die aanwesigheid van ekonomiese ontginbare gouddraende riuwe sal staan. Hierdie formasies het 'n lokale boogvormige strekking vanaf die noordweste na die suidooste oor 'n afstand van ongeveer dertig myl met 'n breedte van ongeveer ses myl. Die totale oppervlakte wat die Oranje-Vrystaatse Goudveld be-

---

3) J.H. Wellington, "A Physiographic Regional Classification of Southern Africa", The South African Geographical Journal (Johannesburg: The South African Geographical Society, Vol. XXVIII, 1946), p. 88.

4) Die Raad vir die ontwikkeling van Natuur Hulpbronne, 'n Streekopname van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1954), p. 14.

slaan is derhalwe slegs honderd-en-tagtig vierkante myl. 5)

Die gouddraende formasies kan in 'n oostelike sektor en in 'n westelike sektor verdeel word met die westelike sektor ongeveer twee maal groter as die oostelike sektor. In ooreenstemming met hierdie verdeling van die formasies is die verskillende mynverhuringsgebiede, waarvan daar agt in die westelike sektor en vier in die oostelike sektor is, dan ook deur die Minister van Mynwese toegeken op aanbeveling van die mynverhuringsraad. Dié Raad is 'n statutêre liggaam wat aanbevelings doen oor aansoeke om mynverhurings. 6) 'n Mynverhuringsgebied is 'n terrein wat toegeken word aan die houers van die delfstofregte wat sodanig is dat 'n ekonomiese ontginbare mynbouonderneming daarop gevestig kan word. 7)

Kaart 3 gee 'n duidelike beeld van die Mynverhuringsgebiede waarop die twaalf goudmyne van die Oranje-Vrystaatse Goudveld gevestig is. Weswaartse en suidwaartse uitbreiding van die gebiede word beperk deur die totale afwesigheid van goudafsettings; terwyl noordwaartse en ooswaartse uitbreiding aan bande gelê word deur dalende goudwaardes van die goudbevattende riewe wat derhalwe ekonomiese ontginning ormoontlik maak. 8) Uit voorafgaande blyk dit dus dat die buite-grense van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, soos dit aangedui word op kaart 3, bepaal word deur dalende goudwaardes of, aan die anderkant, deur die totale afwesigheid van goudafsettings. Die grense tussen die individuele mynverhuringsgebiede is bepaal volgens die gebiedstoekennings wat die mynverhuringsraad aan die houers van die delfstofregte gemaak het, sowel as deur onderlinge kooptransaksies tussen die verskillende myngroepe,

---

5) C.B. Coetzee, op. cit., p. 60, 61, Unie van Suid-Afrika, op. cit., p. 106.

6) Unie van Suid-Afrika, op. cit., p. 13.

7) Ibid., p. 17.

8) Ibid., p. 107.

Derglike transaksies vind nog gedurig plaas met gevolglike wysigings van die grense van die mynverhuringsgebiede. Alle grenslyne is dus blote landmeter-afbakenings.

Die hele goudmynbedryf in Suid-Afrika is volgens 'n groepstelsel georganiseer. Derhalwe is die posisie sodanig dat 'n groep individuele myne onder die beheer van sentrale finansieringsondernemings staan. Die noodsaaklikheid van so 'n stelsel is duidelik indien daar in aanmerking geneem word dat dit bykans R30 miljoen kos om 'n goudmyn tot op produksie-stadium te ontwikkel. Alleen op hierdie wyse kan die goudmynbedryf op die mees ekonomiese wyse funksioneer. Die twaalf goudmyne van die Oranje-Vrystaat Goudveld word op die huidige stadium deur vier finansieringsondernemings beheer, naamlik die Anglo American Corporation of South Africa Ltd., Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd., Rand Mines Ltd. en Union Corporation Ltd. 9)

Volgens Tabel 1 het die Anglo American Corporation of South Africa Ltd., die grootste belang in die goudmyne van die Oranje-Vrystaat Goudveld. Van die twaalf bestaande goudmyne word sewe myne deur die Anglo American groep beheer. Dit is opvallend dat ses van hierdie sewe goudmyne, naamlik President Steyn Gold Mining Company Ltd., President Brand Gold Mining Company Ltd., Welkom Gold Mining Company Ltd., Western Holdings Ltd., Free State Geduld Mines Company Ltd. en Freddie's Consolidated Mines Ltd., aanmekaar grens en geleë is in die suidelike gedeelte van die westelike sektor. St. Helena Gold Mines Ltd., wat onder die beheer van Union Corporation Ltd. is, is die enigste ander goudmyn wat in dié gedeelte van die westelike sektor geleë is. In die noordelike gedeelte van die westelike sektor word die Loraine Gold Mines Ltd., wat onder die beheer van die Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd. is, aangetref. Die vier goudmyne van die oostelike sektor word deur drie verskillende finansieringsondernemings beheer.

---

9) Die Oranje-Vrystaatse Goudveld, (Johannesburg: Brosjure opgestel deur die Anglo American Corporation of South Africa Ltd., 1962) p. 24.

TABEL 1.

| <u>MYN.</u>   | <u>FINANSIERINGSONDERNEMING.</u>                     |
|---|--|
| 1. President Steyn Gold Mining Company Ltd.                 |  |
| 2. President Brand Gold Mining Company Ltd.                 |  |
| 3. Welkom Gold Mining Company Ltd.                          |  |
| 4. Western Holdings Ltd.                                    |  |
| 5. Free State Geduld Mines Company Ltd.                     | Anglo American Corporation of South Africa Ltd.      |
| 6. Freddies Consolidated Mines Ltd.                         |  |
| 7. Free State Saaiplaas Gold Mining Company Ltd.            |  |
| <hr/>   |  |
| 8. Virginia Orange Free State Gold Mining Company Ltd.      | Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd. |
| 9. Loraine Gold Mines Ltd.                                  |  |
| <hr/>   |  |
| 10. Harmony Gold Mining Company Ltd.                        |  |
| 11. Merriespruit Orange Free State Gold Mining Company Ltd. | Rand Mines Ltd.                                      |
| <hr/>   |  |
| 12. St. Helena Gold Mines Ltd.                              | Union Corporation Ltd.                               |



Harmony Gold Mining Company Ltd, en Morriespruit Orange Free State Gold Mining Company Ltd, word deur Rand Mines Ltd, beheer; Virginia Orange Free State Gold Mining Company Ltd, word deur Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd, beheer en Free State Saaiplaas Gold Mining Company Ltd, deur die Anglo American Corporation of South Africa Ltd.

### 3. Geologiese Formasies.

In teenstelling met die gouddraende konglomerate van die Witwatersrand wat bo die oppervlakte waargeneem kan word, kom die goudriwe van die Oranje-Vrystaatse Goudveld van drie-honderd voet tot agt duisend voet onder 'n bedekking van jonger gesteentes voor. <sup>10)</sup> Die geaardheid en verhoudings van die geologiese formasies in die streek is dus hoofsaaklik uit boorkerns en ontsluitingswerk bekend. Die volgende geologiese formasies kan onderskei word: Voor-Witwatersrandgesteentes, Die Sisteem Witwatersrand, Die Sisteem Ventersdorp, Die Sisteem Karoo en Oppervlakafsettings. <sup>11)</sup>

#### A. Die Voor-Witwatersrandgesteentes.

Coetzee (1960) beskryf die voorkoms van graniet, dioriet, rioliet en andesiet soos dit aangetref is in 'n geringe aantal boorgate. Hierdie formasie het egter geen ekonomiese waarde nie.

#### B. Die Sisteem Witwatersrand.

Die Sisteem Witwatersrand bestaan uit 'n Onderste afdeling en 'n Boonste afdeling met 'n skeidingsone tussen die twee afdelings wat bestaan uit kleikwartziet.

##### (i) Die Onderste Witwatersrandse Sedimente.

Die gesteentes van die Onderste afdeling bestaan hoofsaaklik uit skalie, klei-kwartziet en kwartziet. Konglomeraat en grintsteen kom nie baie voor nie. Die aanwesigheid

---

10) Unie van Suid-Afrika, op. cit., p. 95.

11) C. B. Coetzee, op. cit., p. 167.



van die Jeppestown-amandelsteen en sommige skaliebande, wat in 'n hoë mate magneties is, het korrelering van dié formasie met die res van die Witwatersrandse Sisteem vergemaklik. Laasgenoemde gesteentes word gekenmerk deur aanhoudende voorkoms sonder om hulle eiesoortigheid te verloor.

Die boonste perk van die Onderste afdeling is nie skerp nie en word op die reeds genoemde klei-kwartsiet getrek wat met verdrag in die laagste kwartsiet van die Serie Main-Bird oorgaan. <sup>12)</sup> Die afdeling het ook geen ekonomiese waarde nie.

(ii) Die Boonste Witwatersrandse Sedimente.

Diagram 1 is 'n geologiese seksie deur die Boonste afdeling om die gouddraende riwwe van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, wat hierin voorkom, aan te dui. Die afdeling kan onderverdeel word in die Main-Bird serie, die Kimberley serie en die Elsburg serie. In die Main-Bird serie word twee gouddraende riwwe aangetref, naamlik die Basale rif en die Gidsrif. Veral eersgenoemde rif het besondere hoë goudwaardes. In die Kimberley serie word die „B”rif, die onderste „A”rif en die boonste „A”rif aangetref. Die goudwaardes van hierdie drie riwwe is egter betreklik laag. In die Elsburg serie kom die Van den Heeverstruwwe of Reënboogriwwe voor wat weer van groter ekonomiese belang is. <sup>13)</sup> Daar sal later weer na hierdie gouddraende riwwe verwys word.

Die boonste Witwatersrandse sedimente word voorts gekenmerk deur dik lae kwartsiet en konglomeraat. In gedeeltes van die afdeling word een of meer Kakieskalie bande ook aangetref. Die verdere voorkoms van enkele sleutellae wat oor groot afstande nie hulle litologiese kermerke prysgee nie, vergemaklik ook korrelering tussen dié afdeling en die oorblywende gedeelte van

---

12) Ibid., p. 168.

13) F.D.I. HODGSON, The Relationship Between Sedimentology and Gold Distribution. (Annale Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1967) p. 18

die Witwatersrandse Sisteem.<sup>14)</sup> Die boonste afbakening van die Elsburg serie word aan die basis van die onderste lawa van die Sisteem Ventersdorp getrek.

C. Die Sisteem Ventersdorp.

Die Sisteem Ventersdorp bestaan uit drie verskillende lae, naamlik die Onderste Ventersdorplawa, die Ventersdorpsediment en die Boonste Ventersdorplawa. Hierdie drie lae vorm 'n bedekkingslaag oor die Witwatersrandse sisteem. Lawa wat uit splete gevloei het, en wat andosiet is, maak die grootste gedeelte van die bedekking uit. Die sedimente bestaan hoofsaaklik uit skalieagtige materiaal, maar sandsteen en konglomeraat kom ook voor.<sup>15)</sup>

D. Die Sisteem Karoo.

Die Sisteem Karoo het 'n dikte wat wissel tussen agt honderd voet en een duisend ses honderd voet en vorm, met die uitsondering van oppervlakafsettings, die laaste bedekkingslaag. Die volgende onderverdelings van die sisteem kan onderskei word.

(i) Die Serie Dwyka wat bestaan uit tilliet of konglomeraat met een of meer lae sandsteen of skalie.

(ii) Die Etage Middel-Ecca wat bestaan uit sandsteen, sanderige skalie, koolstofhoudende skalie, en plek-plek steenkoollae.

(iii) Die Etage Bo-Ecca wat bestaan uit blougrys en swart skalie wat massief of gelaagd is.

(iv) Die Etage Onder-Beaufort wat bestaan uit skalie, blougrys en swart van kleur, met sanderige skeidingslae en wit en groen sandsteen.<sup>16)</sup>

E. Oppervlakafsettings.

Rivierafsettings is op vier plase langs die oewers van die Sandrivier waargeneem. Oppervlakkalksteen kom op

---

14) C.B. COETZEE, op cit., p. 168.

15) Ibid. p. 172.

16) Ibid. p. 173.

baie plekke onder die sanderige grond voor, maar is meer volop op die Beaufortsediment as op die Eccasediment. Rooi sanderige grond bedek die Beaufortsediment op die meeste plekke terwyl In donker, kleiagtige grond, van swaar tekstuur, die Eccasediment meestal bedek. Die akkumulاسie van water in laagliggende areas het ongetwyfeld bygedra tot die ontstaan van dié grond.<sup>17)</sup>

#### 4. Geologiese Struktuur.

Kaart 5 is 'n geologiese seksie deur die sentrale horst. Die belangrikste verskuiwings van die geologiese formasies kan ook op die kaart waargeneem word. In sommige myne is daar min verskuiwings; in andere is dit oormatig, beide in grootte en veelvuldigheid. 'n Belangrike kenmerk van die verskuiwings is dat swaarteverskuiwings oorheers en opskuiwings swak verteenwoordig word.<sup>18)</sup> Die verskuiwings staan in noue verband tot die produksiekoste van die myne omdat die gouddraende riwwe as gevolg daarvan op 'n groot aantal verskillende vlakke ontgin moet word. Die koste verbonde aan ontginning word derhalwe baie verhoog.

Die struktuur van die Witwatersrandlae in hierdie gebied kom ooreen met 'n verskuiwingsinklien, waarin die westelike sektor en die oostelike sektor van die Oranje-Vrystaatse Goudveld voorkom, waarna daar reeds verwys is. Die westelike sektor van die sinklien vorm 'n graben wat begrens word deur twee stelling hoofverskuiwings wat noord-noordwes strek.<sup>19)</sup> In die graben word die agt westelike mynverhurings aangetref, naamlik Loraine Gold Mines Ltd., Freddie's Consolidated Mines Ltd., Free State Geduld Mines Company Ltd., Western Holdings Ltd., Welkom Gold Mining Company Ltd., St. Helena Gold Mines Ltd., President Brand Gold Mining Company Ltd. en President Steyn Gold Mining

---

17) Ibid., p. 174.

18) Unie van Suid-Afrika, op cit., p. 109.

19) C.B. Coetzee, op cit., p. 176.

Company Ltd., Die lae hel in die graben merendeels na die ooste, en is deur talle afskuiwings ontwrig. In die noordwestelike gedeelte van die graben is daar egter 'n westelike helling, terwyl daar in die suidelike deel 'n noordelike helling aanwesig moet wees. In die lengtestrook, naby die westelike grens van die rifsone is die lae ook gedurende die Witwatersrandtydperk geplooi. <sup>20)</sup>

In die oostelike sektor van die sinklien, in die buurt van Virginia, is die Witwatersrandlae gelig en hel hulle noord- en weswaarts. In hierdie sektor van die sinklien word die vier oostelike mynverhurings aangetref, naamlik: Harmony Gold Mining Company Ltd., Free State Sraiplaas Gold Mining Company Ltd., Virginia Orange Free State Gold Mining Company Ltd. en Merriespruit Orange Free State Gold Mining Company Ltd. Die oostelike en die westelike sektor word van mekaar geskei deur die De Bronverskuiwing en gedeeltelik deur die V-vormige sentrale horst wat bestaan uit Onder-Witwatersrandlae en ander lae wat ouer is as die Basale rif (sien kaart 5). Die suidelike deel van die horst word deur die De Bronverskuiwing in die weste begrens en die Homesteadverskuiwing in die ooste. Die bewegings langs die De Bronverskuiwing en die Homesteadverskuiwing was meervoudig: die horst het eers relatief opwaarts beweeg, en het later weer relatief gesak (sien kaart 6). <sup>21)</sup>

Vir sover dit bekend is, word die westelike grens van die goudbevattende riwwe afgebaken deur 'n intraformasie-diskordansie tussen die rifsone en die boonste gedeelte van die Étage Elsburg en deur die sub-dagsome teen die Sisteem Karoo. Noord van die mynverhurings duik die riwwe af tot groot dieptes; oos van die verhurings word 'n vleuel van die sinklien deur die Virginiaverskuiwing herhaal, en die Bo-Witwatersrandgesteentes

---

20) Ibid., p. 176.

21) Ibid., p. 176.

strek in die rigting van Kroonstad. Betreklik min lonende waardes is uit laasgenoemde veld aangemeld in riwwe wat min of meer oos van die lengtegraad  $26^{\circ}56'$  in boorgate getref is. <sup>22)</sup>

Terwyl die onderste vulkaniese Étage van die Sisteem Ventersdorp geaffekteer is deur die meeste van die verskuiwings waaraan die Sisteem Witwatersrand onderwerp is, is die daaropvolgende twee Étages minder versteur. Die Karoo-sediment is slegs plek-plek deur doleriet-intrusies opgebreek, maar is nie andersins merkbaar verskuif nie. <sup>23)</sup>

#### 5. Gouddraende Riwwe.

Daar is ses sones in die Boonste-Witwatersrandse formasies van die Oranje-Vrystaatse Goudveld waarin daar gouddraende riwwe voorkom. Volgens Diagram 1 word die Van den Heeversrustriwwe of Reënboogriwwe in die Elsburg serie die naaste aan die oppervlakte aangetref. Daarna volg die boonste „A” rif, die onderste „A” rif en die „B” rif in die Kimberley serie en dan die Gidsrif en die Basale rif in die Main-Bird serie. Die Basale rif, met 'n gemiddelde diepte van vier duisend voet, is derhalwe die diepste gouddraende rif in die streek. Die Gidsrif word net bokant die Basale rif aangetref, met die „B” rif ongeveer vier honderd-en-vyftig voet bokant laasgenoemde rif. Die „A” riwwe is ongeveer sewe honderd-en-vyftig voet bokant die Basale sone terwyl die Reënboogriwwe ongeveer een duisend voet bokant dié sone is. Die diepte van die riwwe onder die oppervlakte wissel relatief baie in ooreenstemming met die graad van verskuiwing in die betrokke gebied. <sup>24)</sup>

Indien die gouddraende riwwe in betreklike volgorde van ekonomiese belangrikheid geplaas word, geld die volgende indeling. <sup>25)</sup>

---

22) Unie van Suid-Afrika, op cit., p. 110.

23) Ibid., p. 110.

24) F.D.I. Hodgson, op cit., p. 24.

25) C.B. Coetzee, op cit., p. 140.

Harmony Gold Mining Company Ltd. en Morriespruit Orange Free State Gold Mining Company Ltd. word deur Rand Mines Ltd. beheer; Virginia Orange Free State Gold Mining Company Ltd. word deur Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd. beheer en Free State Saaiplaas Gold Mining Company Ltd. deur die Anglo American Corporation of South Africa Ltd.

### 3. Geologiese Formasies.

In teenstelling met die gouddraende konglomerate van die Witwatersrand wat bo die oppervlakte waargeneem kan word, kom die goudriewe van die Oranje-Vrystaatse Goudveld van drie-honderd voet tot agt duisend voet onder 'n bedekking van jonger gesteentes voor. <sup>10)</sup> Die geaardheid en verhoudings van die geologiese formasies in die streek is dus hoofsaaklik uit boorkerns en ontsluitingswerk bekend. Die volgende geologiese formasies kan onderskei word: Voor-Witwatersrandgesteentes, Die Sisteem Witwatersrand, Die Sisteem Ventersdorp, Die Sisteem Karoo en Oppervlakafsettings. <sup>11)</sup>

#### A. Die Voor-Witwatersrandgesteentes.

Coetzee (1960) beskryf die voorkoms van graniet, dioriet, mioliet en andesiet soos dit aangetref is in 'n geringe aantal boorgate. Hierdie formasie het egter geen ekonomiese waarde nie.

#### B. Die Sisteem Witwatersrand.

Die Sisteem Witwatersrand bestaan uit 'n Onderste afdeling en 'n Boonste afdeling met 'n skeidingsone tussen die twee afdelings wat bestaan uit kleikwartsiet.

##### (i) Die Onderste Witwatersrandse Sedimente.

Die gesteentes van die Onderste afdeling bestaan hoofsaaklik uit skalie, klei-kwartsiet en kwartsiet. Konglo-meraat en grintsteen kom nie baie voor nie. Die aanwesigheid

---

10) Unie van Suid-Afrika, op. cit., p. 95.



Tabel 2.

| Naam van die Rif.          | Relatiewe<br>Ekonomiese Belangrikheid. |
|----------------------------|--|
| a) Basale rif.             | A                                      |
| b) Van den Heeversrustrif. | B                                      |
| c) Gidsrif.                | C                                      |
| d) „B” rif.                | D                                      |
| e) „A” rif.                | E                                      |

a) Die Basale Rif.

Uit Tabel 2 blyk dit duidelik dat die Basale rif relatief die grootste ekonomiese waarde het in die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Die rif word oor bykans die hele gebied wat deur die mynverhurings beslaan word aangetref op dieptes wat wissel tussen een duisend voet en ses duisend voet.<sup>26)</sup> Tot aan die einde van 1959 is bykans al die goud wat in hierdie streek geproduseer is, uit die Basale rif herwin.<sup>27)</sup> Die aard van die rif wissel in verskillende dele van die veld: die een uiterste word verteenwoordig deur 'n koolstoflaag van 0.25 duim dikte en die ander deur piritiese konglomeraat wat in 'n kanaalwydte van ongeveer vier voet versprei is.<sup>28)</sup> Die hoogste goudwaardes word oor die algemeen aangetref waar die rif dikker is, met die hoogste waardes in die suidwestelike gedeelte van die goudveld in die mynverhuring wat aan die Free State Geduld Mines Company Ltd. behoort.

26) Alex. L. du Toit, The Geology of South Africa, revised and enlarged, edited and prepared for publication by S.H. Haughton, 3rd edition (Edinburgh and London: Oliver Boyd, 1954), p. 196.

27) Die Oranje-Vrystaatse Goudveld, op cit., p. 6.

28) Unie van Suid-Afrika, op cit., p. 112.

Alhoewel die goudwaardes van die Basale rif oor die algemeen hoog is, is daar tog 'n definitiewe wisseling in waarde en word daar streke aangetref waar die goudwaardes relatief laag is, terwyl dit weer in ander streke relatief hoog is. Betreklieke hoë goudwaardes word aangetref waar die samestelling van die spoelstene in die Basale rif konglomeraat kompak is. 'n Dergelike kompakte samestelling is veroorsaak deur voue in die onderliggende lae waarin die goudafsettings versamel het. Op die boonste kurwe van die voue word betreklik min goudafsettings aangetref.<sup>29)</sup> In ooreenstemming hiermee blyk dit dat die streke met hoë goudwaardes voorkom in die vorm van betreklieke lang, smal stroke wat vanmekaar geskei is deur stroke met betreklieke lae waardes. Die stroke waarin die goudwaardes relatief hoog is, word hoofsaaklik suid van Odendaalsrus aangetref met 'n algemene ligging van noordwes na suidoos. Hierdie goudstroke is in die noordweste relatief breed, maar na die suidooste word hulle vinnig smaller totdat dit heeltemal doodloop in die oostelike sektor.<sup>30)</sup>

Boorgatopnames wat gemaak is van die Basale rif is bevestigend van bogenoemde in die sin dat betreklieke egalige, goed verspreide goudwaardes oor 'n redelike groot aantal boorgate verkry is. Onder die twee-en-sewentig boorgate wat die rif gekruis het, was daar die twee merkwaardige boorgate in die mynverhuring van Free State Geduld Mines Company Ltd. wat onderskeidelik 23,037 duim-dwt. en 12,528 duim-dwt. geëssaieer het. Teoreties gesproke sal 'n ton erts van eersgenoemde waarde 'n opbrengs lewer van 168,75 ons goud met 'n totale waarde van R3,200. Onder die huidige mynbou-omstandighede word 'n opbrengs van R10 per ton as winsgewend beskou. Slegs dertien van die oorblywende sewentig boorgate het goudwaardes van minder as 50 duim-dwt. opgelewer wat daarop dui dat ekonomiese ontginning

---

29) F.D.I. Hodgson, op cit., p. 26.



nie moontlik is nie. Hierdie resultate van die goudwaardes van die Basale rif is betekenisvol in die sin dat die gemiddelde gehalte veel hoër is as dié van die meeste goudmyne van die Witwatersrand. Volgens skatting sal daar, teen die huidige ontginningstempo, nog vir ongeveer vyf-en-twintig jaar ekonomiese goudontginning uit die Basale rif kan plaasvind. <sup>31)</sup>

Die struktuur van die Basale rif is sodanig dat verskillende sones onderskei kan word met elke sone kenmerkend van 'n verskillende tydperk van deposisie. Vir die doel van hierdie studie word daar slegs drie sones naamlik die K1-konglomeraat, die K2-konglomeraat en die K3-konglomeraat, onderskei.

(i) K1-Konglomeraat.

Dit is die onderste laag van die Basale rif en dit bestaan uit witterige, los saamgestelde konglomerate. Die spoelklippe is hoofsaaklik skakerings van wit met 'n geringe persentasie swart chert en geel skalie. Die matriks is ook wit van kleur.

(ii) K2-Konglomeraat.

Die K2-konglomeraat is besonder kleurryk en stewig saamgestel. Die grootste persentasie spoelstene bestaan uit kwarts, terwyl spoelstene van chert en skalie ook aanwesig is. Haelpiriet word ook aangetref en kom in gestreepte vorm voor. Die matriks is groen-grys van kleur. Besondere hoë goudwaardes word in die sone aangetref.

(iii) K3-Konglomeraat.

K3-konglomeraat kom slegs voor in die Virginia-omgewing en het waarskynlik sy oorsprong aan erosie-werking te danke. Die spoelstene en piriet in hierdie konglomeraat is kleiner as in die K2-konglomeraat en bestaan uit kwarts en skalie. Die matriks is grys-wit van kleur. <sup>32)</sup>

---

31) Die Oranje-Vrystaatse Goudveld, op cit., p. 8.

32) F.D.I. Hodgson, op cit., p. 30.

b) Die Van den Heeversrustriwwe.

In volgorde van ekonomiese belang kom hierdie riwwe net na die Basale rif. Die riwwe, waarvan daar ses teenwoordig is, bestaan uit lense van goudbevattende konglomeraat binne 'n groot dikte van kwartsiet en is beperk tot 'n smal strook wes van Odendaalsrus. Die strook is slegs ongeveer ses myl lank. Die streek waarin die riwwe gevind word, is dus betreklik klein. Al die riwwe bevat ook nie ekonomiese ontginbare goudafsettings nie.<sup>33)</sup> In verhouding tot die Basale rif is die goudwaardes van die Van den Heeversrustriwwe relatief laag.

c) Die Gidsrif.

Alhoewel daar hier en daar betalende sones in hierdie rif is, is die goudwaardes oor die algemeen relatief laag. Goudwaardes van hoër as 400 duim-dwt. is nog nooit in die Gidsrif aangetref nie. Die hoogste waardes word in die oostelike sektor van die goudveld aangetref, terwyl die suidelike gedeelte van die westelike sektor ook betreklike hoë waardes het.<sup>34)</sup>

d) Die „B” rif.

Hierdie rif het slegs in die omgewing van Odendaalsrus goudwaardes wat ekonomiese ontginning moontlik maak.<sup>35)</sup> Die goudwaarde is egter hier ook betreklik laag.

e) Die „A” rif.

Hierdie riwwe het nie enige ekonomiese waarde in die Oranje-Vrystaatse Goudveld nie.<sup>36)</sup>

6. Die Oorsprong van die Goudafsettings.

a) Die Gewysigde Spoelteorie.

Oor die werklike oorsprong van die goudafsettings van die Oranje-Vrystaatse Goudveld is daar baie navorsing gedoen en teorieë geformuleer, maar die mees aanvaarbare is die gewysigde spoelteorie. Hiervolgens is die goud afgeset as detritale

---

33) C.B. Coetzee, op cit., p. 164.

34) Ibid., p. 164.

35) Ibid., p. 165.

36) Ibid., p. 165.

deeltjies saam met die ander bestanddele van die konglomeraat. Die meerderheid van die deeltjies is vervolgens in situ gekristalliseer of is opgelos, vervoer en weer afgeset. Voorstanders van dié teorie is dan ook van mening dat die goud tesame met spoelklippies en ander bestanddele meganies in ou spoelertsafsettings afgeset is.

Die afsettingsgebied, wat 'n binnelandse see was, moes oor die algemeen gesak het. Die sakking was egter langsaam terwyl die sedimentasie min of meer daarmee tred gehou het en die diepte van die water relatief konstant gebly het. Hierdie sedimentasie het die isostatiese balans versteur met die gevolg dat die Sisteem Witwatersrand onderwerp is aan die werking van regionale, lae-gradse metamorfose. Hierdie metamorfose het die oorspronklike eienskappe van die ertsdeeltjies wat op sedimentêre oorsprong sou dui, verberg. Navorsing, veral met betrekking tot spoelstene, het die verband egter bevestig. <sup>37)</sup>

b) Die Aanvoering van die Goudafsettings.

Die grootte van die spoelklippe en die sloepe in die konglomeraat dui daarop dat strome wat vanuit 'n suidwestelike rigting die afsettingsgebied binnegevloei het, verantwoordelik was vir die goudneerslac van die Oranje-Vrystaatse Goudveld. 'n Lokale kom het hierdie suidwestelike strome, met die goudbevattende stroomvrag, egter grootliks gedeflekteer in 'n noordwestelike rigting (sien kaart 6). By vermindering van die stroomsnelheid is die stroomvrag neergelaat. Dit verklaar die hoë goudwaardes in die suidelike gedeelte van die westelike sektor. Die oorblywende minderheid strome, wat nie deur die lokale komgebied gedeflekteer is nie, was verantwoordelik vir die deposisie van die goudafsettings in die oostelike sektor van die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Die betreklike lae goudwaardes van dié sektor kan derhalwe toegeskryf word aan beperkte goudaanvoering vanuit die suid-weste. <sup>38)</sup>

---

37) Unie van Suid-Afrika, op cit., p. 114.

38) F.D.I. Hodgson, op cit., p. 49.

### 7. Reliëf.

Die Oranje-Vrystaatse Goudveld vorm 'n fisiografiese eenheid wat bestaan uit 'n saggolwende grasveld met 'n gemiddelde hoogte van 4,500 voet bo-seespieël. Met die uitsondering van die heuwelagtigheid, Koppie-Alleen, wat sewe myl noord van Welkom aangetref word, word die streek deur geen ander verhewendhede onderbreek nie. Dié koppie het 'n hoogte van 4,762 voet bo-seespieël, en 'n omtrek van ongeveer een myl by die basis en het derhalwe 'n betreklike klein omvang. Koppie-Alleen bestaan uit oorblyfsels van Karoo-doleriet lae wat op Onder-Beaufort sandsteen rus. 39)

### 8. Algemene Afwatering.

Omdat die Oranje-Vrystaatse Goudveld 'n betreklike gelyk oppervlakte het, is die gebied relatief swak gedreineer. Die suidelike gedeelte van die streek word gedeeltelik gedreineer deur die Sandrivier wat van oos na wes deur die suidelike punt van die mynverhuringengebiede vloei. Die belangrikste spruite wat by die hoofrivier aansluit is Rietspruit, Erasmusspruit, Doringspruit en Palmietkuilspruit. Die spruite sluit almal in die omgewing van Virginia by die Sandrivier aan en vloei ook net deur die suidelikste gedeelte van die goudstreek (sien kaart 2). Die Sandrivier en sy takspruite het met tussenposes gedurende die somer 'n sterk vloei, maar origins is dit wesenlik droog. Oor 'n groot deel van die gebied is die dreineringsweg egter weg van die rivier en vind hoofsaaklik langs breë vlaktes plaas waarvan baie in panne uitmond. Hierdie panne is 'n besondere kermerk van die landskap en hulle wissel in grootte van vlak holtes, 'n paar treë in deursnit, tot komme wat 7,000 voet lank is en veertig voet diep. 40) Die hele noordelike gedeelte van die goudveld word deur dergelyke panne, vleie en laagtes

---

39) C.B. Coetzee, op cit., p. 23.

gedreineer. Sommige panne is die eindpunte van dreineringsgebiede waarheen die water aangevoer word deur klein, vlak pannetjies, wat relatief jonk is, en wat voorkom as reekse in dreineringskanale. Ander panne is weer geleë in definitiewe dreineringslaagtes. In laasgenoemde gevalle het die verbindende waterlope, wat oorspronklik bestaan het, klaarblyklik verdwyn. <sup>41)</sup> Die panne is meer volop op die Serie Ecca as op die Serie Beaufort, en het blykbaar ontstaan deur verbrokkeling van die onderliggende gesteentes en deur wegvoering van die verweerde materiaal hoofsaaklik, indien nie uitsluitlik nie, deur wind. Daar is ses betreklike groot panne in die goudveld waarin die water redelik standhoudend is. Die oorblywende panne, wat betreklik klein is, het net gedurende die reënseisoen water, en dan ook slegs vir 'n betreklike kort tydperk omdat die water dreineer en verdamp.

## 9. Klimaat.

### i) Algemeen.

Die klimaat van die Oranje-Vrystaatse Goudveld word gekenmerk deur 'n definitiewe seiscensritme in temperatuurstoestande en 'n seisoenverspreiding in die neerslag. Die hoogte bo seespieël, 4,500 voet gemiddeld, en die afstand van die see verleen aan die gebied 'n klimaattipe met 'n streng kontinentale aard.

Die gebied het 'n somerreënval waarvan 80.6 persent voorkom in die maande Oktober tot Maart, terwyl die wintermaande Junie, Julie en Augustus slegs 4.7 persent van die totaal van ongeveer 520 millimeter ontvang.

Die somers is relatief warm met 'n gemiddelde maandelikse temperatuur van hoër as 22°C. (71.6°F.) vir vyf maande van die jaar, vanaf November tot Maart. Ten spyte hiervan is dit nie bedompig en drukkend nie, aangesien die relatiewe vogtigheid gewoonlik laag is en relatief groot verskille in die daag-

likse maksimum temperatuurtoestande voorkom.

Met 'n gemiddelde maandelikse temperatuur van  $11.5^{\circ}\text{C}$ . ( $52.7^{\circ}\text{F}$ .) in Junie kan die winters as gematig beskou word. Die nagte is egter koud met ryp wat sporadies voorkom vanaf Mei tot aan die begin van September. Gedurende Junie en Julie word die laagste temperatuur aangeteken. Oor die algemeen kan egter aanvaar word dat agt maande van die jaar rypvry is. Die dae is windloos en droog; gevolglik word besonder aangename wintersdae ervaar. <sup>42)</sup>

ii) Klassifikasie.

Volgens Köppen se klimaatklassifikasie, wat 'n algemeen aanvaarde klassifikasie vir klimaat is, het die gebied 'n Cwb klimaattipe wat min of meer ooreenstem met die hele Binnelandse Hoëveld van Suid-Afrika. Streke wat onder die C-klimaatsoort geklassifiseer word moet ten minste gedurende een maand van die jaar 'n gemiddelde temperatuur van onder  $18^{\circ}\text{C}$ . ( $64.4^{\circ}\text{F}$ .) hê, terwyl vir ten minste agt maande van die jaar 'n gemiddelde temperatuur van bo  $1^{\circ}\text{C}$ . ( $33.8^{\circ}\text{F}$ .) vereis word. Daarbenewens moet die gemiddelde temperatuur van die koudste maand bo  $3^{\circ}\text{C}$ . ( $26.6^{\circ}\text{F}$ .) wees. Die w-simbool beteken 'n droë winter terwyl die b-simbool beteken dat die gemiddelde temperatuur van die warmste maand onderkant  $22^{\circ}\text{C}$ . ( $71.6^{\circ}\text{F}$ .) is. <sup>43)</sup> Die Vrystaatse-Goudveld toon dus met betrekking tot die maksimum gemiddelde temperatuurtoestande 'n afwyking wat die klassifikasie kan wysig tot 'n Caw klimaattipe waar a die gemiddelde temperatuur van die warmste maand as bo  $22^{\circ}\text{C}$ . ( $71.6^{\circ}\text{F}$ .) aandui. <sup>44)</sup>

---

42) M.P. van Staden, 'n Geografiese Analise van die Stedelike Gebied van Virginia, (Annale van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1964), p. 47.

43) B.R. Schulze, The Climates of South Africa according to the classification of Köppen and Thornthwaite, The South African Geographical Journal, (Johannesburg: The South African Geographical Society, vol. xxix, 1947), pp. 33-35.

44) M.P. van Staden, op cit., p. 48.



HOOFSTUK III.

DIE BEHEER EN BEPLANNING VAN DIE  
ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD.

1. Die Gebied voordat die Goudafsettings Ontdek is.

Die gebied, wat later as die Oranje-Vrystaatse Goudveld bekend geraak het, was voor die ontdekking van die goudafsettings 'n ylbevolkte, maar betreklike florerende landbougebied. Binne die latere gemeneraliseerde gebied was daar net een dorpie, Odendaalsrus, met ongeveer drie honderd Blanke inwoners en ongeveer sewe honderd Bantoe inwoners. In die omgewing van die Virginia-spoorwegstasie, wat geleë is op die hoofspoorlyn van Johannesburg na Kaapstad, was daar ook 'n klein gemeenskap gevestig wat bestaan het uit ongeveer honderd-en-sewentig Blankes en ongeveer twee honderd Bantoes. Omdat dit nie oor 'n plaaslike owerheid beskik het nie, is dié gemeenskap beskou as 'n plattelandse gehuggie. In die hele streek was daar derhalwe slegs ongeveer 'n honderd woonhuise vir Blankes en ongeveer honderden-twintig Bantoe-hutte.

Die Virginia-spoorwegstasie, wat ongeveer twintig myl suid van Odendaalsrus geleë was, was ook die enigste spoorwegstasie in die omgewing terwyl die spoorlyn ook die enigste was wat die gebied, wat later as die Oranje-Vrystaatse Goudveld ontwikkel het, deurkruis het. Oor die algemeen was die paaie in die streek ook betreklik swak. Die naaste teerpad het ongeveer veertig myl oos van Odendaalsrus verbyge-loop.<sup>1)</sup>

Die streek was ook betreklik arm aan water omdat daar geen standhoudende waterlope is nie. Die oorspronklike inwoners het slegs van boorgatwater gebruik gemaak. Die naaste bron van 'n goeie, versekerde watervoorraad was die Vaalrivier, veertig myl na die noorde. Daar was ook geen plaaslike elektrisiteit beskikbaar nie en ook geen kragnetwerk wat dié streek met die enigste, toeganklike, grootskaalse kragbron by Vereeniging,

---

1) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 'n Streekopname van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, (Pretoria: Die Staatsdrukker 1954). n. 17.

honderd-en-twintig myl daarvandaan, kon verbind het nie. <sup>2)</sup>

2. Die Ontdekking van die Goudafsettings en die Toekenning van die Mynverhuringegebiede.

Twee wydafgesonderde geologiese verskynsels het beweegkrag verleen aan die prospektering en boorwerk wat die ontdekking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld tot gevolg gehad het. Eerstens, aan die suidelike kant van die Vaalrivier, in die Klerksdorp-omgewing, vyf-en-negentig myl suidwes van Johannesburg, duik dagsome van kwartsiete en konglomerate van die Elsburg-serie skotig suidwaarts onder Ventersdorplawa. Hierdie Elsburg-konglomerate bevat 'n beperkte hoeveelheid lonende goudriewe in die Klerksdorp-gebied. Tweedens, sowat vyftig myl suid van hierdie dagsome en agt myl noord van die destydse dorpie, Oendaalsrus, is ontblotings van Ventersdorpsse konglomerate op die plaas Aandenk 227 gevind wat op moontlike goudafsettings gedui het.

Hierdie rotse is alreeds net na 1890 opgemerk gedurende prospektering wat gevolg het op die ontdekking van die Sisteem Witwatersrand. Later, in 1904, het 'n prospekteerder, Arthur Megson, 'n prospekteerput op dié plaas gegrawe. In 1932 het Allan Roberts en Henry Nielsen die dagsome en rotslae wat deur die prospekteerput blootgelê is, ondersoek. Daarop is besluit om 'n maatskappy, die Witwatersrand Extensions Ltd., te stig met die doel om 'n proefboorgat op Aandenk 227, te boor. <sup>3)</sup> In Februarie 1935, na mislukte pogings om geldelike steun te vind, het die maatskappy die boorwerk, wat 'n diepte van 4,046 voet bereik het, laat vaar. In werklikheid het Roberts en Nielsen tot binne vier honderd voet van die Basale rif geboor.

Die geologiese formasies wat in die Aandenk-boorgat gevind is, gepaardgaande met die kennis wat opgedoen is as gevolg van die boorwerk in die Klerksdorp-gebied, het daartoe gelei

---

2) Ibid., p. 18.

3) Die Oranje-Vrystaatse Goudveld, (Johannesburg: Brosjure ongestel deur die Anglo American Corporation of South



dat verskeie mynfinansierings-ondernemings in 1936 opsies oor groot gebiede in die noordelike Oranje-Vrystaat geneem het. Binne hierdie uitgebreide gebied was daar egter nie 'n enkele dagsoom te vinde wat goudwaardes gedra het nie. Net boorgate sou kon bewys of lonende gouddraende riewe onder die swaar deklaag van rots lê. Boorwerk het dan ook oor 'n uitgestrekte gebied begin. <sup>4)</sup>

Drie maatskappye was in hoofsaak vir hierdie boorwerk in die gebied wat later ontwikkel het as die Oranje-Vrystaatse Goudveld verantwoordelik. Hulle was die African and European Investment Company Ltd., Western Holdings Ltd. en Union Corporation.

Op die plaas St. Helena 642 is kwartsiet van die Bo-Witwatersrandse stelsel op 'n diepte van 991 voet raakgeboor en die eerste lonende goudwaardes is in Mei 1938 vermeld. Hierdie goudwaardes is nie in die Basale rif gevind nie, maar die resultate het verdere eksplorاسie sterk aangemoedig. <sup>5)</sup> Dit was egter nie voor Maart 1939 dat lonende goudwaardes in die Basale rif aangetref is nie. Op die plaas Uitsig 694 het boorgat nommer 1, wat deur die African and European Investment Company geboor is, die Basale rif op 'n diepte van 2,701 voet gekruis met 'n gemiddelde essai van 4.0 dwt oor 40 duim (160 duim-dwt). Slegs 'n maand later, in April 1939, is 'n baie hoër goudwaarde op die nabygeleë plaas St. Helena 642 verkry. Boorgat nommer 7, wat deur die Western Holdings maatskappy geboor is, het die Basale rif op slegs 1,143 voet gekruis. Die gemiddelde essai-waarde was 35.65 dwt oor 67.45 duim (2,335 duim-dwt). <sup>6)</sup> Hierdie ontdekking het 'n sensasie in die goudmynbedryf veroorsaak. Teen Julie 1940, toe mynbou-bedrywigheede as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog gestaak is, het voortgesette gunstige

---

4) Ibid., p. 16.

5) Ibid., p. 17.

6) A.P. Cartwright, The Gold Miners, (Johannesburg: Russell & Sons (S.A.) (Pty) Ltd, 1962), p. 25.

boorresultate daarop gedui dat 'n skaggrawingsprogram en ont-  
sluitingsprogram geregverdig sou wees.

In 1941 het die regering 'n mynverhuring toegestaan oor die gebied waar die plaas St. Helena 642 destyds geleë was. Dit was die eerste mynverhuring in die Oranje-Vrystaat en die St. Helena Gold Mining Company is gestig met die oog op die ontwikkeling van die eiendom. Union Corporation het die reg tot administratiewe beheer van hierdie nuwe mynmaatskappy gehad. Na die einde van die Tweede Wêreldoorlog, op 1 Januarie 1947, het die St. Helena Gold Mining Company die eerste skag in die nuwe goudveld onder die bestuur van beamptes van Union Corporation begin grawe. 7)

In dieselfde jaar is 'n mynverhuring ook toegestaan aan Western Holdings Ltd. waarin die Anglo American Corporation die beherende belang verkry het uit die boedel van Sir Abe Bailey. Voorts is mynverhurings ook aan die Welkom Gold Mining Company Ltd., President Steyn Gold Mining Company Ltd. en President Brand Gold Mining Company Ltd. toegestaan. Die gebied waarin laasgenoemde drie myne gevestig is, is deur die African and European Investment Company Ltd. geëksploreer. In 1945 het die Anglo American Corporation beheer oor hierdie beleggingsmaatskappy en gevolglik ook oor die drie goudmyn-maatskappye, verkry. In 1947, nadat boorwerk merkwaardige resultate in die omgewing waar die myn tans geleë is, gelewer het, is 'n mynverhuring ook aan die Free State Geduld Gold Mining Company Ltd. toegestaan. Ook hierdie goudmynmaatskappy het onder die beheer van die Anglo American Corporation geval. 8)

In 1948 het die Anglo American Corporation die Aandenk-boorgat, wat Allan Roberts destyds noord van Odendaalsrus geboor het, dieper geboor en die Basale rif op 'n diepte van

---

7) Ibid.; p. 100.

8) Welkom, (Welkom: Brosjure opgestel deur die Welkomse Stadsraad, 1968), p. 64.

4,440 voet gekruis. Daarna is vyf bore in werking gestel en gunstige resultate het tot gevolg gehad dat daar in 1951 'n mynverhuring in hierdie gebied aan Loraine Gold Mines Ltd. toegestaan is. Vyf jaar later is die Riebeeck Gold Mining Company Ltd. geregistreer om 'n gebied aan die suidelike grens van die Loraine-eiendom te ontgin. Skaggrawing het in 1957 hier 'n aanvang geneem en in Augustus 1958 het hierdie mynmaatskappy en Loraine Gold Mines Ltd. saamgesmelt onder die beheer van die Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd. 9)

In die Odendaalsrus-gebied is twee mynverhurings toegestaan aan Freddie's-noord en Freddie's-suid, en skagte is gegrawe. Later het hierdie twee eiendomme egter saamgesmelt en is aan Freddie's Consolidated Gold Mines Ltd., gesedeer. Die aandeelkapitaal van Freddie's Consolidated Mines Ltd., is in Januarie 1964 ook deur die Anglo American Corporation verkry.

Die myne suidoos van Welkom, in die Virginia-omgewing, is heelwat later as die myne van die Welkom-omgewing ontwikkel. Nadat eksplorasiewerk in 1950 uitgevoer is, is mynverhurings aan Harmony Gold Mining Company Ltd., Merriespruit Orange Free State Gold Mining Company Ltd. en Virginia Orange Free State Gold Mining Company Ltd. toegestaan. Die Free State Saaiplaas Gold Mining Company Ltd., wat in 1955 regs persoonlikheid verkry het, was die laaste goudmynmaatskappy wat daar in die Oranje-Vrystaatse Goudveld gestig is. 10)

### 3. Die Verskaffing van Elektriese Krag, Water en Verbindingsweë aan die nuwe Goudveld.

#### A. Elektriese Krag.

As voorvereiste vir die ontwikkeling van die goudmyn en die vestiging van dorpe moes daar so spoedig moontlik

---

9) Ibid., p. 66.

10) Ibid., p. 67.

krag, water en vervoer beskikbaar gestel word. Die geweldige vraag na elektriese krag, wat deur die na-oorlogse nywerheidsuitbreiding meegebring is, is hierdeur nog verder opgestoot en, eweas in die geval van ander verbruikers van elektrisiteit, was ook die Oranje-Vrystaatse goudmyne verplig om hulle kragbehoeftes te beperk. 'n Tydelike voorraad elektriese krag egter is vanaf die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie se sentrale naby Vereeniging aan hulle beskikbaar gestel.

Die skerp stygende vraag na krag het veroorsaak dat nuwe kragentrales opgerig moes word om in die behoefte te voorsien. Normaalweg duur dit egter van vier tot vyf jaar om 'n groot kragentrale te bou en volledig toe te rus en derhalwe is langdurige tekorte ondervind wat eenvoudig nie vermy kon word nie. 'n Nuwe sentrale is by Vierfontein, veertig myl noord van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, opgerig en in 1953 het dit in werking gekom. Dit is naby die Vaalrivier geleë in 'n steenkoolveld vanwaar die brandstof direk getrek word. Die kragentrale is daar opgerig om veral in die behoeftes van die Klerksdorpse en die Oranje-Vrystaatse goudmyne te voorsien. Nog 'n sentrale, Taaibos, is naby Vereeniging gebou en dit het in 1954 begin krag opwek. <sup>11)</sup> Tot aan die einde van 1965 is 'n bedrag van sowat R10.5 miljoen bestee aan die oprigting van hoogspanning- en verdeelstelsels om die Oranje-Vrystaatse Goudveld te voorsien. Daar loop tans twee hoogspanningslyne van 88 kv. elk vanaf die Vaalkragentrale en ook 'n lyn van 132 kv. vanaf Vierfontein, wat op sy beurt met die Taaibos- en Vaalsentrale verbind is. In die goudveld self is drie verdeelstasies by Alma, Grootkop en Virginia opgerig en daarvandaan loop daar meer as 110 myl verdeellyne van 40 kv. wat die elektrisiteit na die individuele verbruikerssubstasies voer. <sup>12)</sup>

---

11) Ibid., p. 70.

12) Ibid., p. 71.

B. Water.

Die Departement van Besproeiing het onderneem om water vir die goudveld te verskaf en wel uit die Vaalrivier by Balkfontein. Hier word die water gesuiwer en daarna veertig myl na die goudveld gepomp. Die eerste stadium van die skema was die aanleg van 'n 21-duimspyplyn wat in 1950 voltooi is en wat vier miljoen gelling drinkbare water per dag gelewer het. Daarna is nog twee pyplyne gelê: 'n 32-duimspyplyn wat twaalf miljoen gelling per dag gelewer het en 'n 45-duimspyplyn wat veertig miljoen gelling per dag gelewer het.<sup>13)</sup> Benewens hierdie suiwerings- en pompinstallasies wat by Balkfontein opgerig is, is daar ook 'n hoogsuigpomp by De Erf aan die Vaalrivier wat 'n 15-duimspyplyn na Allanridge voed. Voorts is daar ook opgaardamme by Koppie Alleen waarvandaan daar 'n 27-duimsringhoofleiding na Welkom en Odendaalsrus onderskeidelik loop asook 'n 27-duimspyplyn na Virginia.<sup>14)</sup>

Ramings van die vereiste hoeveelheid water is in die eerste instansie op die behoeftes van die myne gebaseer asook op die behoeftes van die dorpe en nywerhede wat nodig is om die dorpe te bedien. Beperkte watervoorrade sou die oprigting van sekondêre nywerhede strem. Aangesien die ontwikkeling van derglike nywerhede egter noodsaaklik is, is daar gepoog om 'n toereikende watervoorraad vir die Oranje-Vrystaatse Goudveld te verseker; dit ten spyte van die feit dat die Vaalrivier ook aan die Witwatersrand water verskaf wat die rivier as waterverskaffingsbron tot 'n groot mate beperk.<sup>15)</sup>

Wat ondergrondse watervoorrade betref, is die opbrengs van die gemiddelde boorgate in die streek maar laag en slegs in 'n paar uitsonderlike gevalle bedra dit meer as 3,000 gelling per uur. Die Bo-Eccaskalie is 'n swak water-

---

13) Ibid., p.73.

14) Ibid., p.75.

15) Ibid., p.77.



draer en die swak ondergrondse watervoorrade oor die streek as geheel, moet hoofsaaklik daaraan toegeskryf word. Ofskoon groot hoeveelhede water uit die myne gepomp word, is hierdie water, weens die hoë soutgehalte daarvan, in die meeste gevalle ongeskik vir menslike gebruik.

By die Theronia-uitvalwerke en die Witpan-uitvalwerke, wat naby die huidige stad Welkom geleë is, word rioolwater gesuiwer. Van hierdie gesuiwerde rioolwater word tans twee miljoen gelling per dag aan die Anglo American Corporation gelewer vir her-gebruik by die goudmyne. 'n Verdere tweehonderd-en-vyftig duisend gelling gesuiwerde rioolwater word ook daaglik aan die Welkomse kwekery beskikbaar gestel. <sup>16)</sup>

C. Verbindingsweë.

i) Spoorweë.

Binne ses maande na die ontdekking van die ryk Geduldgoudrif in 1946, is daar 'n begin gemaak met die aanleg van 'n spoorlyn vanaf Whites na Odendaalsrus. Hierdie spoorlyn is op 5 Januarie 1948 vir verkeer oopgestel. Die 24 myl lange trajek is volgens hooflynstandaarde gebou. Die spoorlyn is later met 8.9 myl verleng tot by Allanridge en op 18 Desember 1952 vir verkeer oopgestel. Die Whites-spoorweghalte, wat 20 myl suidoos van Odendaalsrus is, is geleë op die hoofspoorlyn van Johannesburg na Kaapstad. Hierdie hooflyn loop ook oor Kroonstad en Bloemfontein.

Die spoorlyn na Odendaalsrus en Allanridge is vir 'n tydperk van 10 jaar deur die Anglo American Corporation of South Africa Ltd., die Union Corporation Ltd. en die Johannesburg Consolidated Investment Company Ltd., teen finansiële verlies gevrywaar. Daar word tans gewerk aan 'n verdere verlenging van die spoorlyn vanaf Allanridge om aansluiting met die Klerksdorpse goudveld te bewerkstellig. In September 1953

---

16) Ibid., p. 77.

is daar begin met die aanlê van 'n kort spoorlyn vanaf Virginia na Harmony. Hierdie lyn is in 1955 verleng tot by Welkom.

Dit was duidelik dat, met die ontwikkeling van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, die bestaande spoorlyn tussen Bloemfontein en Kroonstad onmoontlik die toenemende verkeer sou kon dra. Hierdie spoorlyn is derhalwe verdubbel en in 1955 voltooi. 17)

ii) Paaie.

In 1949 het 'n Beplanningshulpkomitee van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, wat saamgestel is uit verteenwoordigers van verskillende Staats- en Provinsiale departemente, ingegaan op die beplanning van paaie en die vasstelling van voorrang ten opsigte van aanleg.

Die Komitee was van mening dat daar allereers so 'n regstreekse aansluiting as moontlik tussen die nuwe goudveld en die Witwatersrand verskaf moes word en die aanleg van die pad vanaf Kroonstad na Odendaalsrus, met 'n uitdraaipad na Welkom, is derhalwe aansienlik verhaas. Aansluitings tussen die verskillende dorpe is volgende op die lys geplaas en 'n padstelsel, om die sakesentra van die verskillende bestaande of beplande dorpe te verbind, is uitgewerk. Voorts is gereken dat die nuwe Goudveld na die noorde, suide, ooste en weste met die nasionale hoofpadstelsel verbind moes word. Laastens is ook besluit dat, ofskoon slegs 'n geringe persentasie van die verkeer waarskynlik die hoofdorpe sou vermy, daar nietemin vir sodanige verkeer voorsiening gemaak sou moes word. Die nodige grond vir die doel sou vroegtydig uitgehou word sodat sulke omwêë enige tyd wanneer hulle vereis mag word, aangelê kon word. Die gevaar dat ander ontwikkelinge die beste roetes vir sulke

---

17) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, op cit., p. 27.

paaie sou belemmer is derhalwe uitgeskakel. 18)

Teen September 1954 was die volgende hoof-teerpaaie reeds voltooi sodat dit 'n uitstekende stelsel van tussendorpse verbinding uitgemaak het:

- (a) Kroonstad na Odendaalsrus.
- (b) Odendaalsrus na Ventersburg oor Riebeeckstad en Hennenman.
- (c) Allanridge na Virginia oor Odendaalsrus, Welkom en Harmony.
- (d) Odendaalsrus na Theunissen met 'n aansluiting na Welkom.
- (e) Hennenman na Virginia.
- (f) Riebeeckstad na Welkom.

Die aanleg van hoofpaaie wat die goudveld na die noorde en die suide met belangrike sentrums sou verbind, is in 1956 voltooi. Die paaie is die volgende:

- (a) Allanridge na Vierfontein oor Bothaville ter aansluiting met die Klerksdorpse goudveld.
  - (b) Theunissen na Bloemfontein oor Brandfort. 19)
- iii) Lugdiens.

Vroeg in die vyftigerjare is daar twee lughawens in die Oranje-Vrystaatse Goudveld gevestig: die een landingsveld is ten suide van Welkom aangelê terwyl die ander een by Harmony in die Virginia-omgewing gevestig is. Eersgenoemde lughawe is intussen gesluit en 'n groter en meer moderne vliegveld is in 1959 op die plaas Theronia ten weste van Welkom aangelê. Slegs betreklike klein vliegtuie kan egter op die lughawe land. Die landingsveld by Harmony is nooit besonder druk gebruik nie en het intussen bykans heeltemal in onbruik geraak. Daar is 'n huurlugdiens vanaf die Witwatersrand na Welkom in werking,

---

18) Ibid., p. 30.

19) Ibid., p. 31.



terwyl vlugte na ander gebiede gereël moet word. <sup>20)</sup>

#### 4. Die Dorpe en Buitestedelike Ontwikkeling.

##### A. Die Regsagtergrond.

Dit is vanselfsprekend dat die wette wat betrekking gehad het op die mynboubedryf, noodwendig die beplanning en ontwikkelingspatrone van die Oranje-Vrystaatse Goudveld in 'n groot mate beïnvloed het. In hierdie verband is veral die Precious and Base Metals Act van 1908 (Die Goudwet) van betreklike groot belang. Hierdie Precious and Base Metals Act van 1908, soos gewysig en op die Oranje-Vrystaat van toepassing gemaak deur die Oranje-Vrystaatse Metaalmyn Wet van 1936, het ten doel om, benewens die beheer oor die ontginning van sodanige metale, voorsiening te maak vir die reëling van sake wat met die ontwikkeling van 'n myngebied saamhang. Toe hierdie Wet vir die eerste keer van krag geword het, was diepmynbou egter nog in die beginstadium en oor die algemeen is daar slegs vir betreklike klein gemeenskappe hierin voorsiening gemaak. Selfs met daaropvolgende wysigings kon die Wet nog nie as omvattend genoeg beskou word om die vestiging van groot, moderne gemeenskappe te reguleer nie.

Indien daar in aanmerking geneem word dat in die Goudwet slegs woonhuise vir mynwerkers, winkels, fabriekke, chemiese werke, kragopwekinstallasies, openbare geboue, skole en kerke betrek word, kan daar nie binne die raamwerk van hierdie wet behoorlik in die behoeftes van 'n moderne gemeenskap voorsien word nie. Hotelle, motorhawens, skouburge, slaghuise, drankwinkels en alle ander fasiliteite, wat vir 'n moderne gemeenskap onmisbaar is, word volgens die bepalings van hierdie wet nie op myngrond toegelaat nie. Bowendien mag slegs wonings vir mynwerkers op sodanige grond opgerig word. Hierdie werkers

---

20) Brosjyre opgestel deur die Welkomse Stadsraad, op cit., p. 53.

besit egter geen eiendomsreg op die standplase nie. <sup>21)</sup>

Hierdie gebreke van die Goudwet, wat nie geformuleer is met die doel om aan die vereistes van moderne streekbeplanning of dorpsbeplanning te voldoen nie, is uit die weg geruim toe die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne kragtens Wet nommer 51 van 1947 in die lewe geroep is. Die Oranje-Vrystaatse Goudveld is in 1947 deur dié Raad as Beheerde Gebied geproklameer wat die herhaling van baie foute en ongewenste ontwikkelings, wat 'n aantal ander snel-ontwikkelde gebiede in Suid-Afrika gekenmerk het, voorkom het. Daar is egter nog genoeg speling aan private ondernemingsgees gebied. 'n Ontwikkelingsplan is vir die streek uitgewerk waarin sekere beginsels van beplanning vasgelê is wat as grondslag vir die orde-like ontwikkeling van die Goudveld kon dien. Hierdie beginsels het onder andere betrekking gehad op die aanlê van dorpe van middelmatige grootte op geskikte afstande vanmekaar in plaas van 'n groot aantal mynwoonbuurteenhede en verspreide sake-ondernemings; die ontmoediging van sowel die oormatige onderverdeling van landbougrond as die aanlê van kleinhoewes in die omgewing van die nuwe dorpe en die beplanning van 'n netwerk van groot paaie. <sup>22)</sup>

Die feit dat die oppervlakregte en mineraleregte in 'n potensiële goudveld gewoonlik geskei word lank voordat mynverhurings toegeken word, skep 'n mate van wrywing tussen die belange van die besitters van oppervlakregte en mineraleregte wat beplanning ingewikkelder maak. Uit die regsogpunt beskou, kan sodanige belange sonder veel moeilikheid met mekaar versoen word. In die praktyk is dit egter oor en oor bewys dat daar min grond-eienaars is wat 'n duidelike besef het van die implikasies van die vervreemding van hulle mineraleregte. Wanneer

---

21) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, op. cit., p. 5.

22) Ibid., p. 8.

grond geproklameer word of aan 'n mynverhuring onderworpe is, is die belange van die besitter van die mineraleregte beslis oorheersend. Die besitter van die oppervlakregte kan derhalwe vind dat die liggingswaarde van sy grond, wat uit die mynbou voortspruit, vir alle praktiese doeleindes nie ten volle benut kan word nie. 'n Goeie voorbeeld van die moontlike botsing van sulke belange wat kan ontstaan, is die geval van Odendaalsrus, wat later bespreek sal word.

Deels as gevolg van die beleid van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, naamlik dat behoorlike dorpe aangelê moes word, asook dié van sekere myngroepe wat ook hierdie mening toegedaan was, het die mynmaatskappye volle eiendomsreg op sowel oppervlakregte as mineraleregte op groot blokke myngrond in die Oranje-Vrystaatse Goudveld verkry. Hierdie optrede het tot beter beplanning meegehelp aangesien die toewysing van grond vir mynbou-doeleindes en ander gebruike daardeur vereenvoudig is en moeilikhede rakende die reservering van oppervlakregte verdwyn het.<sup>23)</sup>

#### B. Faktore waardeur die Plasing van Dorpe en hul

##### Samestellende Dele bepaal is.

In April 1946, toe die uitslag van die Geduldboorgat vir die eerste keer die aandag van die publiek op die huidige Oranje-Vrystaatse Goudveld gevestig het, was Odendaalsrus die enigste dorpie in die streek. Dit was duidelik dat die geriewe wat hierdie dorpie kon bied, nie voldoende was vir die behoeftes van die groot aantal persone wat na die dorp gekom het nie. Ongewenste kampe het in die omgewing van die nuwe myne opgeskiet, terwyl talle mense verplig was om hulle in omliggende dorpe soos Hennenman, Ventersburg, Wesselsbron en Theunissen te

---

23) Ibid., p. 11.

vestig. Daar was 'n onmiddellike en dringende behoefte vir die uitbreiding en ontwikkeling van Odendaalsrus. Voorts was daar ook 'n behoefte vir die aanlê van 'n nuwe dorp sowat agt myl ten suide van Odendaalsrus waar met ses groot myne begin sou word. Die ontwikkeling van dié dorp, Welkom, gelyktydig met hierdie ses myne het baie van die vroeë samedromming en die ongewenste behuisingstoestande wat Odendaalsrus se snelle groei gekenmerk het, voorkom.

Eweneens is daar met die ontdekking van die nuwe myngebiede in die noorde, die dorp Allanridge aangelê om die werkers in daardie gebied te huisves. Virginia, in die verre suide, is ook aangelê na die ontdekking van goud in dié omgewing. Daar is dus tussen 1946 en 1950 drie nuwe dorpe in hierdie smal strook gouddraende grond aangelê, terwyl Odendaalsrus 'n heeltmaal nuwe tydperk van uitbreiding beleef het.

Hoewel dit om verskeie redes wenslik sou gewees het om die vier hoofdorpe op nie-gemineralseerde grond aan te lê, was die keuse vir hulle plasing op geproklameerde myngrond op gewigtige oorwegings gegrond. Indien Welkom en Virginia byvoorbeeld onmiddellik ten weste en ten suidooste van hulle huidige liggings ontwikkel het, sou hulle amper tien myl van die verste mynskag wat hulle moes bedien, gewees het. Hierdie afstand tussen die mynwerker se woonplek en sy werkplek, asook die vervoerkoste wat daarby betrokke is, is deur die myngroepe as buitensporig groot geag.

Selfs uit die oogpunt van die gerief van die mynwerker word ongeveer drie myl deur die mynmaatskappye as die maksimum toelaatbare afstand tussen woonplek en werkplek beskou. Uit oorwegings wat spruit uit bedryfsveiligheid en die voorkoming van ongelukke verkies die mynmaatskappye inderdaad dat 'n beperkte aantal sleutelbeampies baie naby of by die myn woon. Aangesien daar slegs 'n paar Blanke-mynwerkers in die Oranje-

Vrystaatse Goudveld permanent op die terreine van die myne woonagtig is, was dit nodig om die dorpe so te beplan dat die hoof-wooneenhede nie te ver van die onderskeie myne af geleë sou wees nie. Dit het natuurlik gelei tot die onafhanklike ontwikkeling van 'n aantal dorpseenhede enigermate ten koste van samehangende en deurlopende dorpsontwikkeling, asook ekstra koste by die verskaffing van dienste.<sup>24)</sup> Dit het ook beteken dat, aangesien die belange van die mynbou hoofsaak is, die grense van die dorpe dikwels afgebaken moes word sodat hulle so min moontlik op die bogrondse mynaanleg inbreuk maak. 'n Metode wat uiteindelik tussen die mynmaatskappye en die dorpsmaatskappye, enersyds, en die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, die Provinsiale Administrasie en die verskeie Staats-departemente, andersyds, aanvaar is, was die voorlopige afbakening van 'n gebied waarin die dorp aangelê sou word. Hoewel dit in beginsel deur hierdie owerhede goedgekeur is as 'n gebied wat groot genoeg is om die geraamde toekomstige bevolking van die dorp te huisves, kon dit na gelang van omstandighede voortdurend aangepas word. In plaas daarvan dat die hele dorp gelyktydig aangelê en geproklameer is, is individuele eenhede dus binne die voorlopige afgebakende gebied ontwikkel en later volgens behoefte geproklameer.

Daar is ook twee oorwegend residensiële gebiede geproklameer wat verder weg van die vernaamste mynbousentrums kon ontwikkel, naamlik Blaauwdrift aan die Sandrivier suidwes van Welkom en Riebeeckstad oos van Odendaalsrus. Albei hierdie woongebiede is op nie-geminaliseerde grond geleë.<sup>25)</sup>

In teenstelling met die willekeurige ontwikkeling wat die onbeheerde groei van so baie van die wêreld se vroeëre groot myn-nedersettings gekenmerk het, is die dorpe van die

---

24) Ibid., p. 14.

25) Ibid., p. 16.

Oranje-Vrystaatse Goudveld beplande dorpe. Die grootte van elkeen is nie alleen bepaal deur die totale bevolking wat elkeen na skatting moes bedien nie, maar die vernaamste samestellende dele, naamlik die burgerbestuursentra en besigheidssentra, die Blanke wooneenhede, Bantoelokasies, nywerheidsgebiede en padpatroon is so ontwerp dat hulle aan die behoeftes van 'n glad funksionerende stedelike geheel kon voldoen.

Van die mees moderne dorpsbeplanningsidees wat in hierdie dorpe beliggaam is, is onder andere die buurt-eenheid, die toereikende voorsiening wat gemaak is vir die maklike stroom van verkeer na die stedelike sentrum en die voorsiening van voldoende oop terreine en ontspannings-fasiliteite.

Namate hierdie dorpe ontwikkel, sal hulle al hoe aantrekliker word, en sal dus glad nie met die onvolwaardige en ongeïntegreerde myngemeenskappe van vroeër dae vergelyk kan word nie. 'n Voorvereiste vir die goedkeuring van die ligging en uitleg van 'n Suid-Afrikaanse dorp is egter die voorsiening van 'n Bantoewoongebied waarvan die ligging, grootte en verhouding tot die res van die dorp deur die Minister van Bantoesake goedgekeur moet word. Volgens gevestigde Suid-Afrikaanse gebruik en Staatsbeleid, is die Bantoelokasie van die Blankewoongebied geskei en kan dit onder sekere omstandighede buite die munisipale grense van die dorp, wat dit bedien, wees. In die Oranje-Vrystaatse Goudveld word hierdie lokasies nie voorsien vir die mynbantoes wat in koshuise en in getroude kwartiere by myne woonagtig is nie. Lokasies word net aangelê vir Bantoes wat in die nywerheid, handel en ander diensinstellings werksaam is.



Die Bantoelokasies in die Oranje-Vrystaatse Goudveld is so geleë dat toegang tot die nywerheids- en handelsgebiede betreklik maklik is. Die spoorwegroete en die heersende noordwestewind was van relatiewe groot belang by die aanlê van die nywerheidsgebiede in die Goudveld. Hierdie twee faktore het tot gevolg gehad dat die nywerheidsgebiede in die oostelike en suidoostelike dele van die dorpe aangelê is. Hierdie gebiede is beplan om nie alleen vir vervaardigingsnywerhede voorsiening te maak nie, maar ook vir pakhuisse, 'n groot verskeidenheid diensnywerhede, munisipale markte, slagpale en opslagplekke. Die ligging van hierdie gebiede het op hul beurt gelei tot die plasing van die Bantoewoongebiede aan die oostekant van die dorpe. Voorafgaande kan duidelik by al vier die Goudveldse dorpe waargeneem word. <sup>26)</sup>

### C. Die Groei van die Dorpe.

Tabel 3 toon die aanmerklike bevolkingsaanwas in die dorpe van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, sedert die goudontginning 'n aanvang geneem het, aan. Die grootste toename het voorgekom by die Bantoebevolking van die streek hoofsaaklik omdat die goudmyne groot hoeveelhede arbeiders benodig. Aan die anderkant het die vinnig-ontwikkelende dorpe ook uitstekende werksgeleenthede aan Bantoe-arbeiders gebied. Op die huidige stadium maak die Bantoebevolking dan ook 69 persent van die totale bevolking van die streek uit.

Gedurende die eerste twee dekades na 1940 het die bevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld besonder snel toegeneem as gevolg van die aanvang van die mynboubedrywigheede. Daarna is die groei van die bevolking egter meer bestendig. Die periode vanaf 1950 tot 1960 toon 'n persentasie-toename van 215.3 persent in die totale bevolking. Aan die anderkant toon

---

26) Ibid., p. 19.

die tydperk vanaf 1960 tot 1968 'n styging van slegs 33.6 persent in die totale bevolking.

In 1940 was die totale waardasie van die gebouekomplekse wat in die streek aangetref is ongeveer R80,000. Die huidige totale waardasie van die gebouekomplekse in die Oranje-Vrystaatse Goudveld oorskry R500 miljoen. Mynmaatskappye alleen het tot in 1968 meer as R100 miljoen bestee aan die oprigting van meer as 7,500 permanente woonhuise en woonstelle vir hulle Blanke werknemers. Die tempo van die boubedrywig-hede word in Tabel 4 aangegee.

Tabel 3.

| Bevolkingsaanwas in die Dorpe. |         |        |         |         |         |         |
|--------------------------------|---------|--------|---------|---------|---------|---------|
|                                | 1953    |        | 1960    |         | 1968    |         |
|                                | Bantoes | Totaal | Bantoes | Totaal  | Bantoes | Totaal  |
| Odendaalsrus                   | 19,682  | 22,644 | 14,560  | 20,560  | 14,449  | 22,499  |
| Welkom                         | 12,000  | 19,281 | 68,875  | 96,875  | 95,551  | 135,551 |
| Allanridge                     | 6,200   | 6,930  | 7,780   | 9,316   | 8,588   | 11,388  |
| Virginia                       | 2,060   | 2,644  | 26,885  | 35,648  | 33,079  | 47,579  |
| Totaal.....                    | 40,542  | 51,499 | 118,100 | 162,399 | 151,667 | 217,017 |

Tabel 4.

| Waarde van Goedgekeurde Bouplanne. |            |           |           |
|------------------------------------|------------|-----------|-----------|
|                                    | 1953       | 1960      | 1968      |
|                                    | RAND       | RAND      | RAND      |
| Odendaalsrus                       | 1,417,600  | 45,476    | 60,466    |
| Welkom                             | 21,400,000 | 2,200,418 | 2,400,195 |
| Allanridge                         | 291,000    | 25,680    | 15,200    |
| Virginia                           | 5,300,600  | 120,400   | 281,400   |
| Totaal.....                        | 28,400,600 | 2,391,974 | 2,757,261 |



Soos dit uit Tabel 1 blyk, het boubedryghede aanvanklik teen 'n betreklike hoë tempo in al die dorpe plaasgevind omdat permanente huisvesting aan groot getalle mynwerkers verskaf moes word. Boubedryghede neem egter sodanig af as gevolg van dalende goudontginning dat Welkom en in 'n geringer mate ook Virginia, in die huidige tydperk, die enigste dorpe is waar bestendige ontwikkeling voorkom.

Daar word nou oorgegaan tot 'n kort verslag oor die ontwikkeling van elkeen van die dorpe.

(i) Odendaalsrus.

Voor die ontdekking van goud was Odendaalsrus 'n klein plattelandse dorpie met omtrent 300 Blanke inwoners. Die dorp was geleë op die plaas Kalkkuil, wat die eiendom van die munisipaliteit was. Die plaas het ongeveer 2,400 morg beslaan. Die beboude dorpsgebied het slegs sowat 50 morg beslaan. Soos die meeste dorpe in die Oranje-Vrystaat, het die plaas bloot as dorpsgrond gedien om weiding aan die vee van die inwoners te verskaf.

In Maart 1942 het twee geoloë, Allan Roberts en Henry Nielsen, 'n prospekteerkontrak van die munisipaliteit verkry. Tesame hiermee het hulle ook die mineraleregte van Kalkkuil van die munisipaliteit oorgeneem. Laasgenoemde instansie het egter die oppervlakteregte behou. Roberts en Nielsen het kort hierna die mineraleregte aan twee verskillende mynmaatskappye verkoop.

Toe die besondere ryk goudrif suid van Odendaalsrus in 1946 ontdek is, was daar 'n geweldige opbloei in die eiendoms-mark. Die verlamme uitwerking van die geskeide eiendomsregte van Kalkkuil het hom egter weldra laat voel ten opsigte van dorpsuitbreiding. Aangesien die dorp klein was en die vraag na erwe groot, het die munisipaliteit eerlank geen grond

meer gehad om te verkoop nie. Die mynmaatskappye was teen verdere dorpsontwikkeling gekant omdat dit die toekomstige mynboubedrywighele kon belemmer. <sup>27)</sup>

In April 1946 was daar 'n mate van verligting toe 15 morg grond, wat aan die dorp gegrens het, na onderhandelings vir dorpsuitbreiding verkry is. Verdere uitbreidings kon egter nie so maklik bewerkstellig word nie. In Desember 1946 het die mynmaatskappye aan die munisipaliteit van Odendaalsrus te kenne gegee dat hulle geen beswaar sou hê teen die aanwending van 'n smal strook grond noordwes van Odendaalsrus, as gebied vir dorpsuitbreiding nie. Toe dit egter blyk dat die mynmaatskappye ook tot die onkoste verbonde aan dié dorpsuitbreiding sou moes bydra, was hulle nie daartoe bereid nie. Die aanbod het derhalwe verval.

In Junie 1946 is aangekondig dat die noordwestelike Oranje-Vrystaat tot 'n Beheerde Gebied geproklameer sou word en 'n voorlopige komitee vir die beplanning van die Goudveld is in die lewe geroep. Odendaalsrus se dorpsraad het hierdie komitee genader en terselfdertyd 'n groot skema vir die uitbreiding van die dorp voorgelê wat die huisvesting van 100,000 Blankes in die vooruitsig gestel het. Hierteen het die mynmaatskappye egter ten sterkste beswaar gemaak omdat hulle die grond vir mynbou-doeleindes wou gebruik. Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne is in 1947 ingestel en het deur sy Streekkomitee aandag aan die vraagstuk geskenk. In Januarie 1949 is die gronde, wat vir die myne uitgehou moes word, deur die Staatsmyningenieur toegeken. Hiervolgens het daar weinig grond vir dorpsdoeleindes oorgebly. Na langdurige onderhandelings tussen die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne en die myngroepe is daar ooreengekom dat die strook grond,

---

27) Ibid., p.22.

waarna daar reeds verwys is, vir die dorp uitgehou moes word. 28)

Odendaalsrus het daarna baie uitgebrei. Die oorspronklike dorp is herskep deur die vervanging van sy ou hout- en sinkgeboue deur moderne winkels, hotelle en kantoorgeboue. Ontwikkeling het natuurlikerwys buitewaarts vanaf die oorspronklike dorp plaasgevind en ses woonbuurtuitbreidings is geproklameer. Van hierdie ses woonbuurtuitbreidings is vier tot sewentig persent of meer bebou. In die oorblywende twee uitbreidings het nog geen verdere ontwikkeling plaasgevind nie. Vir die huidige Blankebevolking van 8,000 inwoners is daar 1,600 permanente woonhuise opgerig. Daar is tot dusver ook veertig myl geteerde strate aangelê in die dorp.

Die Bantoewoongebied wat oorspronklik net wes van die dorp geleë was, het weldra ontoreikend geblyk te wees omdat dit heeltemal oorbevolk was. In 1952 is 'n nuwe lokasie, waarin ongeveer 30,000 Bantoes gehuisves kan word, ten ooste van Odendaalsrus goedgekeur. In hierdie Bantoe-woongebied woon daar tans 11,600 Bantoes in 1,250 woonhuise.

'n Nywerheidsgebied is ook goedgekeur, maar geen noemenswaardige nywerheidsvestiging het plaasgevind nie.

(ii) Welkom.

Die omstandighede wat die stigting van Welkom, 8 myl suid van Odendaalsrus, bepaal het, het verskil van dié wat op die uitbreiding van Odendaalsrus betrekking gehad het. Reeds in Mei 1946 toe dit duidelik was dat ses myne om die huidige dorp ontwikkel sou word, het die Anglo American Corporation en die Union Corporation gesamentlik die Provinsiale Administrasie genader met die versoek om 'n dorp aan te lê. Met hierdie doel voor oë het hierdie groepe, deur hulle filiaal-maatskappye, uit die staanspoor groot stukke grond aangekoop. Die probleme

---

28) Ibid., p. 22.

waarmee Odendaalsrus te kampe gehad het in verband met die skei-  
ding van eiendomsreg van minerale- en oppervlakregte, het der-  
halwe nie by Welkom voorgekom nie.

In September 1946 is daar in beginsel oor die aanlê  
van die dorp ooreengekom en in 1947 is aansoek om die aanlê van  
die eerste buurteenhede gedoen. Teen die einde van 1949 was  
daar meer as 600 huise opgerig en was die Blanke bevolking  
meer as 3,000.<sup>29)</sup>

Soos vroeër aangedui, was dit nodig om 'n sorgvul-  
dige aanpassing tussen die bogrondse behoeftes van die myne,  
enersyds, en die dorp, andersyds, te verseker. 'n Voorlopige  
afgebakende gebied, wat genoeg grond ingesluit het om 'n uit-  
eindelijke Blanke-bevolking van sowat 80,000 persone te huisves,  
is vir dorpsdoeleindes afgebaken.

Die grond waarop Welkom lê, is in 1948 deur die  
Welkom Township Company, 'n filiaal van die Anglo American Cor-  
poration, aangekoop. Dit is 'n nie-winssoekende maatskappy,  
met die gevolg dat die winste wat gemaak is aan dorpsontwikkeling  
bestee is. In 1953 het die dorp van private besit na openbare  
besit oorgegaan. Die Welkom Township Company het die dorp, te-  
samen met die dienste en sekere uitrusting, aan die plaaslike  
owerheid oorhandig.<sup>30)</sup>

Die huidige Welkomse stedelike gebied, wat 'n Blanke-  
bevolking van 40,000 inwoners het, beslaan 'n totale oppervlakte  
van 4,000 morg. Twintig woonbuurtuitbreidings, tesamen met die  
burgerbestuursentrum, is reeds deur die stadsraad geproklameer  
en ontwikkel. Van hierdie twintig woonbuurtuitbreidings is  
elf alreeds 80 persent of meer bebou terwyl vier 50 persent of  
meer bebou is. Die oorblywende vyf woonbuurtuitbreidings is  
minder as 40 persent bebou. Op die huidige stadium beskik die

---

29) Brosjyre opgestel deur die Welkomse Stadsraad, op cit.,  
p. 43.

30) Ibid., p. 44.

stad dus oor 'n kapasiteit van ongeveer 80,000 Blanke inwoners. Tot dusver is daar ongeveer 8,000 permanente woonhuise vir Blankes opgerig terwyl daar ook ongeveer 230 myl geteerde strate in die stad aangelê is.

Nywerheidsvestiging, op betreklike groot skaal, het ook in die nywerheidsgebied, wat 252 morg beslaan, plaasgevind. Daar is reeds 110 nywerhede in die gebied gevestig.

Die Bantoewoongebied, Thabong, beslaan 'n totale oppervlakte van 750 morg waarvan ongeveer 60 persent reeds bebou is. Tot dusver is daar 4,004 woonhuise in Thabong gebou en is daar ongeveer vyf myl geteerde strate. Die huidige bevolking van Thabong is 28,347 inwoners.

Welkom is dan ook die tweede grootste stad in die Oranje-Vrystaat. Net Bloemfontein, die hoofstad, is groter. (iii) Virginia.

Toe goud in hierdie gebied ontdek is, het die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne besluit dat dit uiters onwenslik sou wees om beplande uitbreiding van die bestaande gehug of die ontwikkeling van aparte mynedersettings toe te laat. 'n Vergadering is in 1949 belê om die drie myne wat in hierdie gebied ontwikkel sou word, met die twee betrokke myngroepe, naamlik die Anglo Transvaal Consolidated Investment Co., Ltd. en die Central Mining and Investment Corporation Ltd., te bespreek.

'n Geskikte terrein is aan weerskante van die Sandrivier, 12 myl suidoos van Welkom, gekies. Die Virginia Land and Estate Co., wat 'n filiaal van die Anglo Transvaal Consolidated Investment Co., Ltd. is, is gestig om die dorp uit te lê. Hoewel die terrein van die nuwe Virginia aantreklik was, het die ongelykheid daarvan die taak om die grense van die dorp by die bogrondse behoeftes van die myne aan te pas, bemoeilik. Die ontwikkeling van die dorp, het saamgehang met die herlegging

van die hoofspoorlyn en die aanbou van 'n nuwe stasie. 31)

Die dorpsgebied beslaan 3,475 morg. Aan die noordekant van die Sandrivier is drie woonbuurtuitbreidings wat 60 persent of meer bebou is, geleë. Ten suide van die rivier is die Sentrale Gebied wat 70 persent bebou is, terwyl verder suidwaarts 'n vierdie uitbreiding aangetref word wat ook 60 persent bebou is. Tot dusver is daar 2,900 permanente woonhuise vir Blankes in Virginia opgerig en is daar sestig myl geteerde strate. Die Blanke-bevolking van die dorp is op die huidige stadium 14,500 inwoners.

In die Bantoewoongebied, Meloding, is daar 5,970 Bantoes woonagtig in 373 woonhuise en twee hostelle. Die gebied is ongeveer 40 persent bebou.

In die nywerheidsgebied het nywerheidsvestiging op betreklike klein skaal voorgekom. Daar is slegs 36 relatief klein ondernemings gevestig.

(iv) Allanridge.

In Februarie 1950 is daar by die Oranje-Vrystaatse Dorpsraad deur die Orange Free State Lands and Estate Co., Ltd., wat 'n filiaal-maatskappy van die Anglo American Corporation is, aansoek gedoen om 'n dorp, Allanridge, agt myl noord van Oden-daalsrus, aan te lê. Hierdie dorp moes die twee myne, wat die Anglo American Corporation besig was om te ontwikkel, bedien en 2,500 morg grond is derhalwe vir die doel geproklameer.

Die Witwatersrand Extensions Company wat reeds in 1940 gestig is, het die prospektering na goud in die noordwestelike Oranje-Vrystaat aangevoer. Tussen die jare 1933 en 1935 het hierdie maatskappy 'n boorgat tot op 'n diepte van 4,046 voet op die plaas Aandenk, waar Allanridge vandag geleë is, geboor. Toe die maatskappy se fondse opgeraak het, is die

---

31) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, op cit., p. 24.



boordery gestaak. Die Anglo American Corporation het egter tien jaar later weer met dieselfde boorgat voortgegaan en die Basale rif slegs ongeveer 400 voet laer af gesny.

Die eerste huise is teen die middel van 1950 in Allanridge opgerig. Tot dusver is daar 560 permanente woonhuise vir die 2,800 Blanke inwoners gebou. Daar is ook twaalf myl geteerde strate aangelê. Daar is drie woonbuurtuitbreidings geproklameer waarvan een 90 persent bebou is terwyl die ander twee onderskeidelik 60 persent en 40 persent bebou is. 'n Nywerheidsgebied sowel as 'n beplande Bantoe-woon-gebied is goedgekeur, maar nog nie ontwikkel nie. In 'n Bantoe-plakkersdorp ten ooste van Allanridge woon 510 Bantoes.

(v) Blaauwdrift en Riebeeckstad.

Hoewel daar reeds in 1944 by die Oranje-Vrystaatse Dorperaad aansoek gedoen is om die aanleg van Blaauwdrift op die noordelike oewer van die Sandrivier, het die onsekerheid oor moontlike mynontwikkelings die goedkeuring vir die stigting daarvan tot 1949 vertraag. Die plan van die dorpsgebied is ontwerp en die terrein vir 'n Bantoe-woon-gebied goedgekeur, maar daar het tot dusver nog geen ontwikkeling plaasgevind nie. <sup>32)</sup>

Riebeeckstad is in Julie 1953 as dorpsgebied geproklameer. Ontwikkeling het in 1954 begin, maar alhoewel daar 9,000 opgemete persele beskikbaar is, is daar tot dusver slegs 1,000 van hierdie erwe verkoop. Tot dusver is daar ook slegs 87 woonhuise opgerig. Geen Bantoe-woon-gebied is hier goedgekeur nie, omdat Thabong, die Welkomse Bantoe-woon-gebied, betreklik na aan Riebeeckstad geleë is.

D. Buitestedelike Ontwikkeling.

Onder die vernaamste probleme by die totstandkoming van groot gemeenskappe, soos dié wat in die Oranje-

---

32) Ibid., p. 28.



Vrystaatse Goudveld ontstaan het, is die onoordeelkundige en spekulatiewe onderverdeling van buitestedelike en plattelandse grond. Daarby kan die ontwikkeling van allerlei buitestedelike handelsbedrywighede ook groot vraagstukke skep.

Die neiging om plase in kleiner eenhede op te deel, word dikwels tot die punt gevoer waar die voordeligste benutting van die grond nie meer moontlik is nie. Dit lei tot onekonomiese landboueenhede wat die verarming en vernieling van die bodem meebring. Gesonde stedelike uitbreiding kan ook deur klein landbouhoewes, wat die dorpe omring, belemmer word. Dit was dus noodsaaklik om dergelike onderverdeling van grond in die Oranje-Vrystaatse Goudveld te voorkom.

Die beheer oor die aanlê van kleinhoewes word deur die Administrateur van dié bepaalde provinsie uitgeoefen kragtens die Kleinplase Ordonnansie van 1934, soos gewysig. Op sy beurt raadpleeg hy weer die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne. Hierdie Raad het alle aansoeke om onderverdeling van grond in die Oranje-Vrystaatse Goudveld afgekeur, gevolglik het daar geen kleinhoewes in die gebied ontstaan nie.

Met die ontwikkeling van die Goudveld was baie grondeienaars in die omgewing van die myne en die dorpe vasbeslote om munt te slaan uit die handelsregte wat hulle kragtens die Oranje-Vrystaatse Metaalmyn Wet van 1936 verkry het. Dit sou tot gevolg gehad het dat die hele gebied spoedig met winkels en ander handelsinstellings oortrek sou gewees het. Ook hier het die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne egter ingegryp. Geen handelslisensie is toegestaan nie tensy die Raad 'n permit aan die grondeenaar uitgereik het nie. In dié permit word die gebruik van die terrein vir die doeleindes van 'n bepaalde sakeonderneming dan gemagtig. <sup>33)</sup>

---

33) Ibid., p. 30.

Met behulp van hierdie maatreëls was dit moontlik om die buitestedelike gebiede in die omgewing van die myne en die dorpe in die Oranje-Vrystaatse Goudveld so vry as moontlik van ongewenste ontwikkeling te hou. Die hele streekspatroon van die Oranje-Vrystaatse Goudveld getuig derhalwe van beplande ontwikkeling.

HOOFSTUK IV.

DIE MYNBANTOEBEVOLKING VAN DIE ORANJE-VRYSTAATSE  
GOUDVELD.

1. Die Herkoms van die Mynbantoebevolking van die Republiek  
van Suid-Afrika se Goudmynbedryf.

Die Bantowerknemers wat verbonde is aan die goudmynbedryf van die Republiek van Suid-Afrika kan in twee verskillende groepe verdeel word. Ongeveer 80 persent van die mynbantoebevolking bestaan uit enkellopende trekarbeiders. Hierdie arbeiders keer na die verstryking van hulle dienskontrakte terug na hulle herkomsgebiede. Die tweede groep bestaan uit 'n relatiewe klein aantal Bantowerknemers wat saam met hulle gesinne by elke goudmyn aangetref word. Hierdie Bantoes is nie trekarbeiders nie, maar wel permanente werknemers wat vir onbepaalde tydperke in diens van die individuele goudmyne is. Dié arbeiders en hulle gesinne is almal afkomstig uit die Republiek van Suid-Afrika en woon in getroude kwartiere of myndorpies.


Die herkomsgebiede van die trekarbeiders word in Diagram 2 aangegee. Die goudmynbedryf het ongeveer 350,000 van hierdie arbeiders in diens. In die Republiek van Suid-Afrika is daar nie voldoende arbeiders beskikbaar om in hierdie behoefte van die goudmyne te voorsien nie. Derhalwe is die bedryf in 'n groot mate afhanklik van Suid-Afrika se buurstate vir die voorsiening van hierdie Bantoe-arbeiders. Hierdie buurstate het hoofsaaklik Bantoebevolkings.

Ongeveer 64 persent van die trekarbeiders wat in die Republiek van Suid-Afrika se goudmynbedryf werksaam is, is afkomstig uit die land se buurstate of omliggende state.



DIAGRAM 2.

DIE HERKOMS VAN DIE MYNBANTOE -  
BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID -  
AFRIKA SE GOUDMYNBEDRYF.



Ses-en-dertig persent van die trekarbeiders is derhalwe afkomstig uit Suid-Afrika self. Bykans een-derde van die totale aantal trekarbeiders se lande van herkoms is die Portugesegebiede, Mosambiek en Angola. Voorts voorsien Lesotho en Malawi ook betreklike groot hoeveelhede arbeiders aan die goudmynbedryf van Suid-Afrika. Hierdie twee lande verskaf onderskeidelik 16 persent en 10 persent van die totale hoeveelheid trekarbeiders. Botswana voorsien ook relatief baie arbeiders aan die goudmyne van Suid-Afrika. Hierdie streek verskaf ongeveer 6 persent van die trekarbeiders.

In die Republiek van Suid-Afrika is die Kaap-  
Provinsie die grootste verskaffer van trekarbeiders. Ongeveer 28 persent van die totale hoeveelheid trekarbeiders is afkomstig uit dié provinsie. Hierdie relatiewe hoë persentasie kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die bydrae van die Transkei. Hierdie gebied wat deel vorm van die Kaapprovinsie, is 'n Bantoe-tuisland wat deur die Suid-Afrikaanse Regering uitsluitlik vir Bantoebewoning oopgestel is. Die oorblywende drie provinsies van Suid-Afrika naamlik Natal, die Oranje-Vrystaat en die Transvaal voorsien derhalwe gesamentlik slegs 8 persent van die trekarbeiders aan die goudmynbedryf.<sup>1)</sup>

2. Die Herkoms van die Trekarbeiders wat werkzaam is in die Oranje-Vrystaatse Goudmyne.

Van die totale hoeveelheid trekarbeiders wat werkzaam is in die Republiek van Suid-Afrika se goudmynbedryf is 28 persent in diens by die twaalf goudmyne van die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Hierdie twaalf myne het in Oktober 1968 werk verskaf aan 95,449 trekarbeiders.

Omdat Lesotho relatief naby aan die Oranje-Vrystaatse Goudveld geleë is, is daar betreklik baie arbeiders

---

1) Native Labour on the Gold Mines, (Johannesburg: Brosjyre opgestel deur die Kamer van Mynwese, 1968). p. 12.

vanuit hierdie buurstaat werksaam in die Oranje-Vrystaatse goudmyne. In Oktober 1968 was daar 30,674 arbeiders uit Lesotho werksaam in hierdie myne. Dit is bykans een-derde van die totale hoeveelheid trekarbeiders van dié goudstreek. Gedurende dieselfde tydperk was daar ook 23,528 arbeiders in die Vrystaatse goudmyne werksaam wat afkomstig was uit die Transkei. Hierdie groep vorm ongeveer 25 persent van die totale hoeveelheid trekarbeiders van die Goudveld. Gevolglik verskaf Lesotho en die Transkei gesamentlik meer as 50 persent van die totale aantal trekarbeiders wat in die goudmyne van die Oranje-Vrystaat werksaam is.

Mosambiek en Malawi voorsien ook betreklike groot hoeveelhede arbeiders aan die Vrystaatse goudmyne. Hierdie twee gebiede lewer gesamentlik meer as een-derde van die totale hoeveelheid trekarbeiders. In Oktober 1968 was daar 16,972 Bantoes vanuit Mosambiek en 14,728 Bantoes vanuit Malawi werksaam in die Oranje-Vrystaatse goudmyne.

Die ander drie provinsies van Suid-Afrika te wete Natal, die Transvaal en die Oranje-Vrystaat voorsien slegs betreklike klein hoeveelhede arbeiders aan die goudmyne van die Vrystaat. Net 8 persent van die totale aantal trekarbeiders is afkomstig uit die provinsies. Daar is ook relatief min arbeiders in die Oranje-Vrystaatse goudmyne wat afkomstig is uit Botswana en Swaziland. Hierdie twee streke verskaf gesamentlik slegs 1 persent van die trekarbeiders van die Vrystaatse Goudveld.<sup>2)</sup>

---

2) Inligting verstrek deur die Algemene Bestuurder, Witwatersrand Native Labour Association, Welkom.



3. Die Werwing van die Trekarbeiders vir die Suid-Afrikaanse Goudmynbedryf.

Die Transvaalse en die Oranje-Vrystaatse Kamer van Mynwese is 'n koördinerende liggaam in die mynboubedryf van die Republiek van Suid-Afrika. Die Kamer van Mynwese is op koöperatiewe grondslag geskoei. Dit is nie gestig om beheer oor die mynboubedryf uit te oefen nie, maar om die bedryf te dien.

Een van die vernaamste funksies van die Kamer van Mynwese is dan ook om die werwing van trekarbeiders vir die Suid-Afrikaanse goudmyne te behartig. Hierdie funksie word verrig deur twee geaffilieerde organisasies van die Kamer van Mynwese, naamlik die Witwatersrand Native Labour Association en die Native Recruiting Corporation. Die twee groepe fungeer onder 'n gesamentlike bestuur waarvan die hoofkwartiere in Johannesburg geleë is. Elk van hierdie organisasies het, volgens ooreenkoms, 'n afgebakende gebied waar hy sy werksaamhede in konsentreer.

Die Witwatersrand Native Labour Association werf hoofsaaklik arbeiders in die omliggende state van die Republiek van Suid-Afrika. Die belangrikste buurstate waarin hierdie organisasie werwingswerk doen, is Mosambiek, Angola, Malawi en die gedeelte van Botswana wat noord van 22<sup>o</sup> suiderbreedte geleë is.

Die Native Recruiting Corporation het as werwingsgebied die hele Republiek van Suid-Afrika asook Swaziland, Lesotho en die gedeelte van Botswana wat suid van 22<sup>o</sup> suiderbreedte geleë is.<sup>3)</sup>

Hierdie twee werwingsorganisasies verrig hulle werksaamhede hoofsaaklik deur middel van 'n netwerk werwings-

---

3) Native Labour on the Gold Mines, op cit., p. 16.

kantore wat in die verskillende werwingsgebiede opgerig is. Met hierdie kantore as middelpunt rekruteer werwingsbeamptes dan arbeiders vir die goudmynbedryf van die Republiek van Suid-Afrika. Vanaf die werwingskantore word die arbeiders vervolgens vervoer na twee sentrale depots. Een van die depots is in Johannesburg geleë en die ander een in Welkom in die Oranje-Vrystaat. Vanaf hierdie twee depots word die arbeiders dan na die individuele goudmyne versprei.

4. Die Dienskontrakte van die Trekarbeiders wat verbonde is aan die Oranje-Vrystaatse Goudmynbedryf.

Daar kom 'n voortdurende wisseling of omruiling van individuele arbeiders in die goudmynbedryf voor. Hierdie verwisseling van arbeiders tussen die myne en die streke van hulle herkoms vind plaas omdat die trekarbeiders se dienskontrakte verstryk. By verstryking van hierdie kontrakte is die arbeider verplig om na sy tuisland terug te keer. Gevolglik is daar daaglikse arbeiders wat terugkeer na hul herkomsgebiede. Aan die anderkant is daar egter ook voortdurend nuwe aankomelinge by die goudmyne. Die dienskontrakte kan strek oor 'n tydperk wat wissel van 4 maande tot 24 maande afhangende van die streek waarvandaan die arbeider afkomstig is. Al die trekarbeiders word in diens geneem in ooreenstemming met die bepaalde dienskontrak wat in sy betrokke herkomsgebied van toepassing is.

Die arbeiders wat deur die Native Recruiting Corporation gewerf word in Suid-Afrika, Swaziland, Lesotho en die suidelike gedeelte van Botswana se dienskontrakte op die goudmyn strek oor tydperke wat wissel tussen 4 maande en 9 maande. Hierdie Bantoes kan egter aanbly op die goudmyne, na verstryking van hulle oorspronklike dienskontrakte, totdat hulle paspoorte verval. Hierdie paspoorte is geldig vir 'n

periode van twee jaar. Al die arbeiders moet, volgens ooreenkoms tussen die Native Recruiting Corporation en die onderskeie regerings, in besit wees van 'n paspoort. Van Bantoes wat afkomstig is uit die Republiek van Suid-Afrika word egter slegs 'n identiteitskaart vereis in plaas van 'n paspoort. Daar word ook vereis dat die rekrut geënt moet wees teen pokke. Voorts moet hy ook 'n afskrif van die dienskontrak in sy besit hê met sy vingerafdrukke daarop aangebring.<sup>4)</sup>

Die Bantoe-arbeiders wat deur die Witwatersrand Native Labour Association in die Portugese gebiede, Angola en Mosambiek, gewerf word, se dienskontrakte strek oor 'n tydperk van twaalf maande. Hierdie tydperk kan egter, indien die arbeiders dit verkies, verleng word tot 18 maande. Hierdie Bantoes moet ook in besit wees van 'n geldige paspoort wat deur 'n paspoortbeampte geëndoseer is vir die maksimum periode van 18 maande. Dit is voorts 'n vereiste dat die arbeiders geïmmuniseer moet wees teen pokke. Verder moet 'n afskrif van die dienskontrak, waarop die arbeider se vingerafdrukke aangebring is, ook in sy besit wees.<sup>5)</sup>

Volgens ooreenkoms tussen die Witwatersrand Native Labour Association en die Malawiese regering mag Bantoes van hierdie buurstaat van die Republiek van Suid-Afrika net gewerf word vir die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf indien daar elders nie voldoende arbeiders beskikbaar is nie. Die regering van Malawi reik nie paspoorte aan die arbeiders uit nie, maar wel diensrekordkaarte. Hierdie diensrekordkaarte verleen slegs wettige toegang aan die houer daarvan

---

4) Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No. 9 van 1965 (lêer No. C. 43/2).  
5) Department of Bantu Administration and Development, General Circular No. 20 of 1967 (File No. C. 43/3/3).

vanaf Malawi na Suid-Afrika en terug. Die arbeiders moet voorts in besit wees van 'n immuniseringssertifikaat teen pokke asook 'n afskrif van die dienskontrak met sy vingerafdrukke daarop aangebring.<sup>6)</sup>

5. Die Vervoer van die Trekarbeiders na die Oranje-Vrystaatse Goudveld,

Die trekarbeiders word hoofsaaklik per trein na die Oranje-Vrystaatse Goudveld vervoer. Daar is reeds daarop gewys dat die hoofspoorlyn tussen Johannesburg en Kaapstad deur die suidelike gedeelte van die Vrystaatse Goudveld gaan. In die Vrystaat loop hierdie spoorlyn ook oor Bloemfontein en Kroonstad waar twee betreklike groot spoorwegaansluitingsentrums aangetref word. Hierdie hoofspoorlyn is by die Virginia-spoorwegstasie en by die Whitespoorwegstasie, wat ten ooste van Welkom geleë is, met die Goudveld verbind.

In die werwingsgebiede word die rekrute met vragmotors na 'n sentrale depot van die werwingsorganisasies vervoer. Vanaf hierdie verskillende depots word die arbeiders per spoor na die Oranje-Vrystaatse Goudveld gestuur waar hulle op die Mothusi-spoorwegstasie, wat digby Welkom geleë is, gehaal word deur beamptes van die werwingsorganisasies.

Arbeiders wat afkomstig is uit Lesotho vertrek hoofsaaklik vanaf Maseru, die hoofstad van Lesotho, na die Goudveld. Van Maseru reis die arbeiders per trein tot in Bloemfontein en vandaar na Welkom. In 'n mindere mate word rekrute ook vanaf Wepener, Zastron en Ficksburg, drie Vrystaatse dorpe wat digby Lesotho geleë is, vervoer. In die

---

6) Ibid.

geval van die eerste twee dorpe word die spoorwegroete oor Bloemfontein na Welkom gebruik. Die arbeiders wat vanaf Ficksburg vertrek, reis egter na Kroonstad en vandaar na die Goudveld.

Die rekrute wat afkomstig is uit die Transkei word hoofsaaklik vanaf Umtata en Kokstad in die Transkei na die Oranje-Vrystaatse Goudveld vervoer. Umtata is verbind met die hoofspoorwegroete tussen Bloemfontein en Oos-London. Derhalwe word die arbeiders oor dié roete na Welkom gestuur. Kokstad is verbind met die spoorwegroete tussen Kroonstad en Durban. Vanaf Kokstad word die rekrute derhalwe oor hierdie roete vervoer na die Goudveld.

Die arbeiders wat afkomstig is uit Mosambiek word vanaf Lourenco Marques per spoor vervoer tot in Johannesburg en daarvandaan na Welkom.

Die Malawiese rekrute vertrek vanaf Blantyre en Lilongwe in Malawi. Vanaf Blantyre word die arbeiders per trein vervoer. Die eerste gedeelte van die reis is tot by Salisbury in Rhodesië. Die tweede deel van die treinreis is na Johannesburg oor Bulawayo en Mafeking. Vanaf Johannesburg word die rekrute dan na Welkom vervoer. Die arbeiders wat vanaf Lilongwe vertrek, reis per vliegtuig na Francistown in Botswana. Hier sluit die rekrute van Botswana by hulle aan en die groep reis gesamentlik verder per spoor na Johannesburg. Hiervandaan word die reis na Welkom voltooi.

Die arbeiders wat afkomstig is uit die Transvaal, die Oranje-Vrystaat, die Kaapprovinsie en Natal word in klein groepies per spoor na die Oranje-Vrystaatse Goudveld vervoer.<sup>7)</sup>

---

7) Inligting verstrek deur die Algemene Bestuurder, Witwatersrand Native Labour Association, Welkom.

6. Die Aanvraag na die Mynbantoe-arbeiders.

Die benodigde arbeidersterkte van die onderskeie myne in die Oranje-Vrystaatse Goudveld word vir 6 maande deur die verskillende mynbesture vooruit bereken en aan die Kamer van Mynwese voorgelê. Hierdie organisasie stel hierop die twee werwingsliggame in kennis van die toekomstige behoeftes aan arbeiders by die goudmyne. Hierdie beramings wat deur die mynbesture gedoen word, word hoofsaaklik gebaseer op die verwagte hoeveelheid gouderts wat die verskillende myne gaan maal. Voorts word verdere ontwikkeling en afbouing ook in oëmerking geneem wanneer die hoeveelheid arbeiders wat benodig sal word, bereken word. Die syfer wat volgens hierdie berakenings deur die verskillende goudmyne verkry word, wissel baie dan wat bekend staan as die benodigde arbeidsterkte van 100 persent. Dit gebeur egter dikwels dat die myne verplig word om meer arbeiders of minder arbeiders, as die hoeveelheid wat beraam is, in diens te neem. Onder dergelike omstandighede kan daar dan geproduseer word met 'n arbeidsterkte van sê 105 persent of, aan die anderkant, 'n arbeidsterkte van sê 95 persent. In die eerste geval dus 'n arbeidsoorskot van 5 persent en in die tweede geval 'n arbeidstekort van 5 persent. Die oorskot aan arbeiders word veroorsaak deur ongunstige toestande in die werwingsgebiede soos droogtes. Die Bantocmans word dan verplig om elders 'n heenkome te vind. Arbeidstekorte word, aan die anderkant, veroorsaak deur gunstige toestande in die werwingsgebiede soos goeie ooste wat in die vooruitsig gestel word. Die arbeiders is dan baie minder bereid om diens as mynwerkers te aanvaar.

Volgens ooreenkoms met die Kamer van Mynwese mag die verskillende mynbesture nie weier om arbeiders wat



reeds deur die werwingsorganisasies gewerf is, in diens te neem nie. Al het die myne derhalwe die volle aangevraagde arbeidskwota in diens, mag die bestuur nie weier om meer arbeiders te ontvang nie. Arbeiders wat dus reeds deur die werwingsorganisasies gewerf is, moet van werk voorsien word.<sup>8)</sup>

7. Die Beroepskategorieë van die Bantoewerknemers van die Oranje-Vrystaatse Goudmynbedryf.

Daar is ongeveer 200 verskillende soorte beroepe in die Oranje-Vrystaatse Goudmynbedryf wat deur Bantoes beklee kan word. Hierdie betrekkings kan in twee hoofkategorieë verdeel word wat in direkte verband staan tot die bepaalde plek waar die werk verrig word. Hierdie werksplek kan ondergronds of bogronds wees.

In die Oranje-Vrystaatse Goudveld word goud ontgin op vlakke wat wissel tussen ongeveer 2,000 voet en ongeveer 8,000 voet onder die aardoppervlakte. 'n Betrekkelike groot aantal Bantoes is derhalwe onder die grond werksaam. Van die totale hoeveelheid arbeiders wat in diens is van 'n goudmynmaatskappy werk ongeveer 82 persent ondergronds. Hierdie arbeiders verrig hoofsaaklik werk wat in verband staan met die afbouing, ontwikkeling en ontginning van die gouddraende sones. Met die uitsondering van die meer verantwoordelike betrekkings of sleutelposte wat gevul word deur permanente werkers, is die Bantoes wat ondergronds werk, trekarbeiders.

Slegs ongeveer 18 persent van die totale hoeveelheid Bantoewerknemers van 'n goudmyn werk bogronds. Die werkers is hoofsaaklik by die ingenieurswerksplase en reduksie-inrigtings in diens. Die arbeiders wat bogronds

---

8) Inligting verstrek deur die Personeelbestuurder, Anglo American Corporation of S.A., Ltd.

werk, verrig oor die algemeen arbeid wat 'n relatiewe hoë graad van geskooldheid verg.

8. Die Salarisse en Lone van die Bantoe-werknemers van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.

Die Bantoe-arbeiders wat verbonde is aan die goudmynbedryf van die Oranje-Vrystaat word hoofsaaklik vergoed volgens 'n skofbasis. Vergoeding van die individuele arbeider geskied derhalwe volgens die hoeveelheid skofte wat gewerk is. Oor die algemeen is daar 30 skofte in 'n kalendermaand. Alle arbeiders wat ondergronds werk, word op hierdie wyse vergoed.

Die vergoeding wat die werker ontvang, word in die eerste plek bepaal deur die aard van die werk wat die arbeider verrig. Voorts word die loon ook bepaal deur faktore soos die opleiding van die arbeider, die fisiese en geestelike inspanning wat die arbeid verg en die verantwoordelikheid van die arbeider. Faktore soos gevaarlike werksomstandighede, oordeelsvermoë en die vermoë om in toesighoudende hoedanigheid op te tree, is ook van belang by die loonvasstelling van die arbeider. Met inagneming van hierdie faktore word die Bantoe-werknemers in nege vergoedingsgroepe verdeel. Die werkers wat sorteer onder vergoedingsgroepel tot 6 is arbeiders wat onder toesig moet werk. Loonkategorieë 7, 8 en 9 is in hierdie volgorde die hoogsbesoldigde vergoedingsgroepe. Hierdie Bantoes werk in toesighoudende hoedanigheid of verrig andersins selfstandige werk.

Die salarisskale van die arbeiders verskil derhalwe relatief baie. Dit kan wissel van 40 sent tot 150 sent per skof. 'n Verdeelde betalingstelsel word met

betrekking tot die trekarbeiders toegepas. Die verskillende mynbesture hou maandeliks ongeveer 30 persent van die individuele arbeider se loon terug. Hierdie geldbedrag word aan die arbeider uitbetaal in sy tuisland na voltooiing van die kontraktydperk. Sekere Bantoe-werknemers word egter wel volgens 'n maandelikse basis vergoed. Dit geld egter slegs vir sommige arbeiders wat bognonds werk. Hierdie salarisskale wissel tussen R12 en R45 per maand.

Sekere etniese groepe openbaar 'n besondere bedrewenheid vir 'n bepaalde taak of werksoort. Derhalwe wissel die lone van die Bantoe-arbeiders nie alleen van individu tot individue, maar ook tussen die verskillende etniese groepe. Die Xhosas en die Pondo's wat afkomstig is uit die Transkei het 'n buitengewone meganiese aanleg. Die Bantoes munt veral uit as boormasjienoperateurs. Voorts word die Bantoes wat uit Lesotho afkomstig is hoofsaaklik as skaggrawers gebruik. Die Xhosas, Pondo's en Basoetoes ontvang derhalwe betreklike hoë salarisse. Die Shangaans wat uit Mosambiek afkomstig is, verrig aan die anderkant hoofsaaklik werk onder toesig as deel van 'n groep. Hulle salarisse is derhalwe relatief swak.<sup>9)</sup>

Aangesien huisvesting, voedsel en mediese dienste gratis aan die mynbantoes verskaf word, is hierdie lone nie onderhewig aan enige vorm van aftrekking nie. Inkomstebelasting word egter wel van die arbeiders verhaal.

#### 9. Die Verskaffing van Mediese Dienste aan die Mynbantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.

Kragtens regeringsregulasies is die goudmynmaatskappye verplig om hospitaal-akkommodasie vir minstens 1.5 persent van die totale hoeveelheid Bantoes, wat in hulle diens is, te voorsien. In die Oranje-Vrystaatse Goudveld word daar ten volle aan hierdie vereiste beantwoord. Die Ernest Oppenheimer-hospitaal, wat in Welkom geleë is, is in 1954 opgerig om die nodige hospitali-

---

9) Inligting verstrek deur die Personeelbestuurder, Anglo American Corporation of S.A. Ltd.

sasie te verskaf. Hierdie hospitaal is gebou teen 'n koste van R2 miljoen en is die grootste van sy soort in Suidelike-Afrika.<sup>10)</sup> Voorts word daar by elke goudmyn ook 'n mynhospitaal aangetref.

Al die Bantoe-arbeiders wat deur die werwingsorganisasies gewerf word, ondergaan deeglike mediese ondersoeke voordat hulle na die onderskeie goudmyne versprei word. Indien hierdie Bantoes nie medies geskik bevind word vir arbeid by die goudmyne nie, word hulle onmiddellik na hulle tuislande repatrieer. Gedurende 1968 is 4.63 persent van die gewerfde arbeiders na hulle herkomsgebiede teruggestuur omdat hulle medies ongeskik bevind is vir arbeid in die goudmynbedryf. Meer as die helfte van die 4.63 persent arbeiders is repatrieer omdat hulle siektes van die asemhalingstelsel openbaar het.

Hierdie mediese korrigeringsmaatreëls, tesame met die beskikbare hospitaalgeriewe en gunstige verblyfstoestande, het tot gevolg dat die sterftesyfer as gevolg van siektes relatief laag is. In 1968 was hierdie sterftesyfer 1.50 persone per 1,000. Voorts word daar by die Vrystaatse goudmyne besondere klem gelê op beroepsveiligheid. Die arbeiders ontvang 'n dergelyke opleiding in die veiligheidsbeginsels wat geld in die mynboubedryf. Derhalwe is die sterftesyfer as gevolg van ongelukke ook relatief laag, naamlik 2.25 persone per 1,000. Die totale sterftesyfer van die mynbantoebevolking van die Oranje-Vrystaat was in 1968 dus maar 3.75 persone per 1,000.<sup>11)</sup>

---

10) Welkom. (Welkom: Brosjura opgestel deur die Welkom Stadsraad, 1968), p. 164.

11) The Witwatersrand Native Labour Association, Report of the Board of Management, 1968, p. 9.

TABEL 5. <sup>12)</sup>

Die Sterftesyfer van die Mynbantoebevolkinge van die  
Vernaamste Goudproduserende streke in Suid-Afrika.

| Streke.                      | Sterftesyfer per 1,000 |           |         |
|------------------------------|------------------------|-----------|---------|
|                              | Siekte                 | Ongelukke | Totaal. |
| Wes-Transvaalse Goudveld     | 1.49                   | 2.62      | 4.11    |
| Wes-Witwatersrandse Goudveld | 1.48                   | 2.75      | 4.23    |
| Oos-Witwatersrandse Goudveld | 1.52                   | 2.67      | 4.19    |
| Oranje-Vrystaatse Goudveld   | 1.50                   | 2.25      | 3.75    |

Uit Tabel 5 blyk dit dat daar relatief min verskille is tussen die sterftesyfers van Mynbantoebevolkinge van die vernaamste goudproduserende streke in Suid-Afrika. In die Oranje-Vrystaatse Goudveld kom die laagste sterftesyfer egter voor. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die relatiewe lae ongeluksyfer van die streek. Dié lae syfer is hoofsaaklik te wyte aan die streng veiligheidsmaatreëls wat groter beroepsveiligheid verseker.

10. 'n Terrein-ontleding van 'n Tipiese Oranje-Vrystaatse  
Goudmyn.

Die terrein van 'n goudmyn bestaan uit die area wat deur die mynverhuringsgebied van die betrokke myn beslaan word. In elkeen van hierdie mynverhuringsgebiede is daar 'n aantal mynskagte geleë. Hierdie skagte bestaan uit ventilasieskagte en produksie- of hoofskagte. Soos die naam aandui, word eersgenoemde skagte bloot vir ventilasie doeleindes gebruik. Om die produksieskagte is egter alle oppervlakte-mynbouontwikkelings gesentreer. In die Oranje-Vrystaatse Goudveld het die goudmyne meestal drie hoofskagte. Daar is egter ook myne wat net twee of, in

uitsonderlike gevalle, net een produksieskag het. Daar is relatief min variasie in die oppervlakte-mynbouontwikkelings van die verskillende hoofskagte. Die Blanke dorpsuitbreidings is relatief ver van die hoofskagte af geleë. Gevolglik word die oppervlakte-mynboubedrywigheede by die hoofskagte omring deur 'n betreklike groot ontwikkelde oppervlakte gebied.

Kaart 23 is 'n skematiese voorstelling van die mynbou-ontwikkelings soos dit aangetref word by 'n tipiese produksieskag in die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Uit die diagram blyk dit dat die Bantoewerknemers by die hoofskagte gehuisves word. Daar is reeds vantevore daarop gewys dat die mynbantoebevolking in twee verskillende groepe verdeel kan word. Die een groep bestaan uit enkellopende trekarbeiders wat in hostelle by die produksieskagte woon. Die tweede groep bestaan uit Bantoewerknemers wat saam met hulle gesinne op die mynterrein woonagtig is.

Die trekarbeiders word gehuisves in moderne, dubbelverdieping hostelle by elke individuele hoofskag. Die hostelle is gebou in die vorm van 'n vierkant met 'n betreklike groot binneplaas in die middel wat met 'n grasperk bedek is. Die ontwerp van die verskillende hostelle in die Oranje-Vrystaatse Goudveld is feitlik identies. Daar is ongeveer 100 slaapvertrekke in 'n hostel. In elkeen van die vertrekke word van 10 tot 14 arbeiders gehuisves. Derhalwe is daar ongeveer 1,200 Bantoes in so 'n hostel woonagtig. Die verskillende etniese groepe woon nie as groep in aparte hostelle saam nie. Daar word eerder deur die mynwerkhede gepoog om soveel verskillende etniese groepe as moontlik in een hostel saam te huisves. Dit word hoofsaaklik gedoen om stamgevegte te voorkom. Alle moderne geriewe word in die hostelle aangetref. Daar



is ruim voorsiening gemaak vir bad-, was- en toiletgeriewe terwyl 'n hoë graad van higiëne en sindelikheid gehandhaaf word.

In die middel van die binneplaas, wat deur die hostel omring word, is daar 'n viervertrek woonstel wat deur 'n Bantohostelleier of Indoena bewoon word. Die Indoena is verantwoordelik vir die algemene dissipline en welsyn van die hostel-bewoners.

As gevolg van meganisasie in die mynboubedryf het daar 'n besondere behoefte ontstaan aan verantwoordelike arbeiders wat kan optree in toesighoudende hoedanigheid of wat verantwoordelikheid kan aanvaar vir die hantering van meganiese toerusting. Hierdie betrekkinge word, waar moontlik, gevul deur gevestigde, getroude werknemers. Dié Bantoes en hulle gesinne is by elke myn woonagtig in 'n myndorpie wat spesiaal vir hierdie doel aangelê is. In die Oranje-Vrystaatse Goudveld het hierdie getroude kwartiere of dorpies 'n betreklike afgesonderde ligging in 'n stil omgewing. Nogtans is hierdie kwartiere binne maklike loopafstand van die produksieskagte. In teenstelling met die een of meer hostelle, wat by elke hoofskag aangetref word, is daar net een dorpie vir getroude Bantoes by elke goudmyn. Slegs Bantoes wat afkomstig is uit die Republiek van Suid-Afrika mag in hierdie dorpies woon terwyl daar ook nie meer as 'n 100 huise in die getroude kwartiere mag wees nie. Voorts mag die aantal Bantowerknemers, wat in die getroude kwartiere woon, nie meer as 3 persent van die totale Bantoe-arbeidsmag van die goudmyn vorm nie.<sup>13)</sup> Hierdie dorpies is relatief klein.

---

13) Inligting verstrek deur die Personeelbestuurder, Anglo American Corporation of S.A., Ltd.

Die gemiddelde oprigtingskoste verbonde aan die woonhuise in die getroude kwartiere bedra ongeveer R1,000. Die huise bestaan uit twee slaapkamers, 'n woonkamer, 'n kombuis en 'n badkamer met binne-riolering. Daar is ook elektriese krag en water in al die huise aangelê. Voorts het elke huis ook 'n betreklike groot erf. Volgende ruimte wat as speelplek vir kinders kan dien is in al die dorpe gelaat. In sommige dorpe word spesiale speelparke aangetref. Daar word in party van die myn-dorpies ook skole aangetref. Hierdie skole word net besoek deur kinders wat in die getroude kwartiere bly. Derhalwe is die skole betreklik klein.

Die administratiewe kantore, ingenieurswerkplase en reduksie-inrigtings by die hoofskagte vorm aparte eenhede wat afsonderlik geleë is. Nietemin is hierdie eenhede binne maklike bereik vanaf die hostelle.

'n Opvallende kenmerk van die terrein wat by 'n produksieskag geleë is, is die uitgestrekte tuinery wat aan die terrein 'n parkagtige voorkoms verleen. Hoewel dit hoofsaaklik 'n verfraaiingsfunksie het, dien hierdie tuine egter ook as ontspanningsterrein vir die mynbantoebevolking. By elke hoofskag word daar egter ook wel voorsiening gemaak vir sportfasiliteite in die vorm van tennisbane, sokker-velde, atletiekbane en 'n terrein waar stamdanse beoefen kan word. Hierdie sportterreine vorm 'n eenheid met die hostelkompleks waarvandaan dit maklik bereik kan word.

Kenmerkend van die mynverhuringgebiede van die Oranje-Vrystaatse Goudveld is die betreklik groot aantal spoorlyne wat daar in elke gebied aangelê is. Hierdie spoorlyne word slegs deur die onderskeie goudmyne gebruik hoofsaaklik om arbeiders van een skag na 'n ander skag te vervoer. Voorts word dit ook gebruik om gouderts na die

reduksie-inrigtings te bring.

'n Geteerde padstelsel is in elke mynverhuringsgebied aangelê. Dié padstelsel verbind die hoofskagte van die individuele mynverhuringsgebiede met mekaar. Elke mynverhuringsgebied is ook deur middel van 'n teerpad met die Blanke-dorpsgebied verbind.

#### DIE VERBREIDING VAN DIE ORANJE-VRYSTAATSE

##### MYNBANTOEBEVOLKING.

#### DIE DEMARKERING VAN DIE ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD

##### IN HOOF BEVOLKINGSTREKE.

Vir 'n gedetailleerde bespreking van die verbreiding van die mynbantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld is die gebied gerieflikheidshalwe in drie hoofstreke, die Suidelike Goudveld, die Noordelike Goudveld en die Oostelike Goudveld, verdeel. Hierdie ruimtelike indeling berus egter geensins op die homogeniteit van die onderskeie streke nie, maar eerder op verskille tussen genoemde streke. Eintlik openbaar elkeen van hierdie streke 'n heterogene karakter wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die verskille in die waarde van die goudafsettings in die onderskeie streke. Voorts is daar relatiewe groot verskille in die graad van verskuiwing van die gouddraende riwwe van die drie streke.

Daar is reeds in Hoofstuk 2 daarop gewys dat die Oranje-Vrystaatse Goudveld op geologiese grondslag in 'n westelike sektor en 'n oostelike sektor verdeel kan word. Weens die feit dat die Oostelike sektor 'n afsonderlike geologiese eenheid vorm wat van die Westelike sektor geskei word deur die sentrale horst, het die afbakening van die geografiese streek, die Oostelike Goudveld, nie probleme

opgelewer nie. Die ligging van die Oostelike Goudveld is presies dieselfde as die ligging van die Oostelike sektor. Die waarde van die goudafsettings van die myne wat in hierdie streek aangetref word, is relatief laag. Voorts is die mynboutoestande relatief ongekompliseerd as gevolg van 'n betreklike lae graad van verskuiwing van die goudbevattende riwwe.

Die Westelike sektor van die Oranje-Vrystaatse Goudveld is in twee hanteerbare ruimtelike eenhede verdeel om sodoende die demografiese differensiasie te ondersoek. Die streek wat beslaan word deur die ses mynverhuringgebiede van die suidelike gedeelte van die Westelike sektor, is as die Suidelike Goudveld afgebaken. Hierdie ses goudmyne het oor die algemeen betreklike hoë goudwaardes. Die graad van verskuiwing van die gouddraende riwwe is in die Suidelike Goudveld oor die algemeen ook hoër as die verskuiwingsgraad in die Oostelike Goudveld.

Dit is opvallend dat die goudwaardes van die twee myne wat geleë is in die noordelike gedeelte van die Westelike sektor relatief laag is. Voorts is die graad van verskuiwing van die gouddraende riwwe in hierdie twee goudmyne ook relatief hoog. Hierdie streek is derhalwe as die Noordelike Goudveld afgebaken.

#### A. Die Suidelike Goudveld.

##### 1. Ligging, Omvang en Totale Digtheid.

Soos blyk uit die opskrif word daar in hierdie gedeelte die verbreiding van die mynbantoebevolking in een van die hoofstreke, die Suidelike Goudveld, bespreek. Alvorens daar egter met hierdie bespreking 'n aanvang gemaak word, is dit nodig om die streek volgens die aantal mynverhuringgebiede af te baken. Die streek word beslaan deur ses mynverhuringgebiede naamlik die Free State Geduld Gold Mining Company Ltd., Western Holdings Gold Mining Company Ltd., Welkom Gold Mining Company Ltd., St. Helena

Gold Mining Company Ltd., President Brand Gold Mining Company Ltd. en President Steyn Gold Mining Company Ltd.

Die Suidelike Goudveld beslaan 'n totale oppervlakte van 73.3 vk. myl en die totale mynbantoebevolking van die streek was in Oktober 1968 64,624 persone. Die digtheid van die mynbantoebevolking bedra derhalwe 884 persone per vk. myl. Gemeet aan die standaarde van die mynbantoebevolkings van Suid-Afrika se ander goudproduserende streke is dit 'n relatiewe lae digtheidsyfer. 'n Blote vergelyking met die mynbantoebevolking van die Wes-Witwatersrandse gebied, toon vir laasgenoemde gebied 'n bevolkingsdigtheid van 1036 persone per vk. myl. Hierdie relatiewe lae digtheidsyfer van die Suidelike Goudveld kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoë graad van meganisasie wat in die betreklike jong myne van die Oranje-Vrystaat aangetref word. Voorts is die goudwaardes van die gouddraende riuwe in die Vrystaat oor die algemeen ook heelwat hoër as die goudwaardes van die Wes-Witwatersrandse myne. Laasgenoemde gebied is ook meer onderhewig aan verskuivings van die goudbevattende riuwe. Hierdie faktore verhoog die produksievermoë van die Bantoe-arbeiders in die Oranje-Vrystaat wat derhalwe die laer digtheidsyfer verklaar.

## 2. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking volgens die Mynerverhuringsgebiede van die Suidelike Goudveld.

Soos reeds vermeld, bestaan die Suidelike Goudveld uit ses mynerverhuringsgebiede. Die intensiteit van bewoning verskil egter van mynerverhuringsgebied tot mynerverhuringsgebied. Hierdie verskille in intensiteit van bewoning kan hoofsaaklik toegeskryf word aan ekonomiese faktore.

Die tonnemaat gouderts wat deur die onderskeie myne geproduseer word, bepaal die intensiteit van die bewoning van die verskillende mynerverhuringsgebiede. Die produksie van

gouderts word aan die anderkant weer bepaal deur die goudwaarde van die goudbevattende riwwe. Indien die goudwaarde van die gouddraende riwwe relatief hoog is, is die produksie van die gouderts relatief laag omdat 'n relatiewe hoë bedryfswins gehandhaaf kan word uit 'n relatiewe lae produksie. Indien die goudwaarde van die goudbevattende riwwe egter relatief laag is, is die produksie van gouderts oor die algemeen relatief hoog om so-doende 'n betreklike hoë bedryfswins te kan handhaaf.

Voorts is die graad of intensiteit van die verskuiwing van die goudbevattende riwwe van betreklike groot belang by die intensiteit van bewoning van 'n mynverhuringgebied. Indien die graad van verskuiwing relatief groot is, word daar meer Bantoe-arbeiders benodig omdat produksie dan op 'n groter aantal vlakke moet geskied. Wanneer die verskuiwingsgraad van die goudriwwe egter relatief klein is, word daar ooreenstemmend minder arbeiders benodig wat dan 'n kleiner bevolkingsdigtheid tot gevolg het,

TABEL 6.<sup>15)</sup>

|                   | Bedryfskoste<br>per ton. | Bedryfsinkomste<br>per ton. | Bedryfswins<br>per ton. |
|-------------------|--------------------------|-----------------------------|-------------------------|
| Free State Geduld | 7.75                     | 26.12                       | 18.37                   |
| Western Holdings  | 6.18                     | 16.56                       | 10.38                   |
| St. Helena        | 4.63                     | 11.40                       | 6.77                    |
| Pres. Brand       | 6.80                     | 16.42                       | 9.62                    |
| Welkom            | 6.00                     | 8.47                        | 2.47                    |
| Pres. Steyn       | <u>6.55</u>              | <u>8.50</u>                 | <u>1.95</u>             |
| GEMIDDELD         | <u>R6.28</u>             | <u>R14.58</u>               | <u>R8.26</u>            |

In Tabel 6 word die bedryfskoste, die bedryfsinkomste en die bedryfswins per ton gouderts aangetoon.

15) Die Mynwese, (Johannesburg: Brosjure opgestel deur die Kamer van Mynwese, 1968) p. 34.



Die tabel is van toepassing op die ses myne van die Suidelike Goudveld. Die waardes word aangegee in Rand en sent.

Tabel 7 weerspieël die digtheidsyfers van die onderskeie mynverhuringgebiede van die onderhawige streek.

Uit Tabel 7 is dit duidelik dat die bevolkingsdigtheid

TABEL 7.

|                   | Oppervlakte<br>in vk. myl | Totale<br>Bevolking | Digtheid<br>per vk. myl |
|-------------------|---------------------------|---------------------|-------------------------|
| Free State Geduld | 14                        | 10,559              | 754                     |
| Western Holdings  | 11.1                      | 11,279              | 1,025                   |
| St. Helena        | 18.6                      | 9,335               | 518                     |
| Pres. Brand       | 9.7                       | 11,884              | 1,485                   |
| Welkom            | 9.6                       | 9,769               | 976                     |
| Pres. Steyn       | <u>10.3</u>               | <u>11,798</u>       | <u>1,179</u>            |
| TOTAAL            | 73.3                      | 64,624              | 884 Gemiddeld.          |

heelwat van mynverhuringgebied tot mynverhuringgebied verskil.

Die digtheid van die Free State Geduld Gold Mining Company Ltd. bedra byvoorbeeld 754 persone per vierkante myl, terwyl die aangrensende mynverhuringgebied, Western Holdings Gold Mining Company Ltd., 'n digtheid van 1,025 persone per vierkante myl het. Uit Tabel 6 blyk dit dat die bedryfswins van die Free State Geduld Mining Company Ltd., R18.37 per ton gemaalde erts was, terwyl die wins van Western Holdings R10.38 per ton was. Free State Geduld se totale tonnemaat gouderts wat geproduseer word, sal derhalwe heelwat minder wees as die geproduseerde tonnemaat van Western Holdings. In 1968 het Free State Geduld 1,980,000 ton erts geproduseer met 'n totale waarde van R50.5 miljoen terwyl Western Holdings 2,730,000 ton erts geproduseer het ter waarde van R44.6 miljoen.

Die bevolkingsdigtheid van die Welkom Gold Mining Company Ltd., bedra 976 persone per vierkante myl.

Hier teenoor is die digtheidsyfer van die President Steyn Gold Mining Company Ltd., 1,179 persone per vierkante myl. Die Welkom Gold Mining Company Ltd., toon 'n relatiewe lae bedryfswins per ton gouderts wat gemaak word, naamlik R2.47. Aan die anderkant toon die President Steyn Goudmyn 'n wins van slegs R1.95 per ton. Die produksie van die Welkom Goudmyn is derhalwe kleiner as die produksie van die President Steyn Goudmyn. In 1968 het eersgenoemde myn 2,264,000 ton erts geproduseer ter waarde van R19.2 miljoen. Laasgenoemde myn het 2,766,000 ton erts geproduseer ter waarde van R23.2 miljoen.

Die goudbevattende riuwe wat in die mynverhuringgebied van die President Brand Gold Mining Company Ltd., aangestref word, is onderhewig aan 'n relatiewe hoë graad van verskuiwing. Gevolglik is die bedryfskoste van die myn ook relatief hoog naamlik R6.80 per ton erts geproduseer. Die bedryfsinkomste is R16.12 per ton erts. Derhalwe toon die myn 'n bedryfswins van R9.62 per ton gouderts wat geproduseer word. Indien hierdie bedryfswins vergelyk word met die wins van die Free State Geduld Gold Mining Company Ltd., is dit relatief laag. Om 'n betreklike goeie jaarlikse netto wins te toon, moet die President Brand Goudmyn derhalwe 'n relatiewe groot hoeveelheid gouderts produseer. In 1968 was die produksie van hierdie goudmyn 2,838,000 ton erts. Dit is die hoogste produksie in die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Die hoë produksie van hierdie myn verklaar die relatiewe hoë digtheidsyfer van 1485 wat ook die hoogste in die Oranje-Vrystaatse Goudveld is.

Die relatiewe lae digtheidsyfer van 518 wat aange-tref word in die mynverhuringgebied van die St. Helena Gold Mining Company Ltd., is hoofsaaklik te wyte aan die relatiewe lae graad van verskuiwing van die goudbevattende riuwe in hierdie streek. Dit het 'n betreklike lae bedryfskoste tot gevolg.

Die bedryfsinkomste van hierdie myn is egter ook relatief laag. Gevolglik is die bedryfswins ook relatief laag naamlik R6.77 per ton. Hierdie wins is heelwat laer as die gemiddelde bedryfswins van die ses myne van die Suidelike Goudveld wat R8.26 per ton is. Derhalwe is die totale produksie van die St. Helena Gold Mining Company Ltd., relatief hoog om sodoende 'n relatiewe hoë jaarlikse winspeil te kan handhaaf. In 1968 was die produksie van hierdie goudmyn 2,382,000 ton erts ter waarde van R27.8 miljoen.

3. 'n Analise van die Nedersettingspatroon en die  
Verbreiding op die Bol-stippelkaart.

Tot dusver is die regionale digtheid van die Suidelike Goudveld behandel. Deur die mynverhuringgebiede as basis vir die bevolkingsdigtheid te neem, is 'n relatiewe duidelike beeld van die regionale digtheidsverbreiding verkry. Daar word egter nie rekening gehou met die verbreiding van die bevolking binne hierdie onderskeie mynverhuringgebiede nie. Dit is derhalwe ook nou nodig om die werklike geografiese distribusie van die bevolking te bespreek. In die geval moet die werklike verblyfplekke van die mynbantoebevolking in die onderskeie mynverhuringgebiede in aanmerking geneem word. Vir hierdie doel is die stippelverbreidingskaarte saamgestel.

Indien die stippelverbreidingskaart van die Bantoebevolking in oënskou geneem word, is die mees opvallende kenmerk dat daar alleen gekonsentreerde bewoning voorkom. Die mynbantoebevolking is gekonsentreer in bewoningsgebiede by die produksieskagte in die onderskeie mynverhuringgebiede. Buite hierdie residensiële areas is daar geen bewoning nie.

Daar is reeds vantevore daarop gewys dat daar in elke mynverhuringgebied 'n sekere aantal produksieskagte of

hoofskagte voorkom. Die produksieskagte is betreklik egalig versprei in die onderskeie mynverhuringgebiede. Hierdie verspreiding van die hoofskagte is sodanig dat elke skag 'n bepaalde area van die mynverhuringgebied het vanwaar goudontginning plaasvind. Die ontginningsareas is ongeveer ewe groot in elke individuele mynverhuringgebied. Die Bantoebevolkings van die onderskeie myne is gevolglik ook relatief eweredig verdeel tussen die verskillende produksieskagte.

4. Die Grootte van die Bantoebevolkings by die onderskeie Produksieskagte in die Suidelike Goudveld.

a) Enkelkwartiere.

Die mynbantoebevolkings by die onderskeie produksieskagte van die Suidelike Goudveld is betreklik groot. Onderstaande tabel dui die aantal produksieskagte wat daar in elke mynverhuringgebied aangetref word aan. Die grootte van die bevolking by hierdie skagte word ook in die tabel aangedui. Voorts word die persentasie arbeiders van elke individuele goudmyn ook aangetoon.

TABEL 8.<sup>16)</sup>

| Myn.          | Aantal<br>Produksieskagte | Aantal Bantoes<br>per Produksieskag | Totaal        | %           |
|---------------|---------------------------|-------------------------------------|---------------|-------------|
| O.F.S. Geduld | 3                         | 1) 3161.2) 3354.3) 3578.            | 10,093        | 16          |
| W. Holdings   | 3                         | 1) 3712.2) 3348.3) 3472.            | 10,532        | 17          |
| Welkom        | 2                         | 1) 4342.2) 4701.                    | 9,043         | 15          |
| St. Helena    | 2                         | 1) 5885.2) 3260.                    | 9,145         | 15          |
| P. Brand      | 3                         | 1) 4297.2) 3426.3) 3436             | 11,159        | 18          |
| P. Steyn      | <u>3</u>                  | 1) 3737.2) 4238.3) 3254             | <u>11,229</u> | <u>19</u>   |
|               | <u>16</u>                 |                                     | <u>61,201</u> | <u>100%</u> |

Uit Tabel 8 blyk dit dat die nommer 1 skag van die St. Helena Gold Mining Company Ltd., die grootste bevolkings-

16) Inligting verstrek deur die onderskeie Goudmynmaatskappye.

konsentrasie in die streek het. Die rede hiervoor is hoofsaaklik histories van aard. Aanvanklik het die mynfinansiering-onderneming, Union Corporation, wat administratiewe beheer oor die myn het, besluit om net een produksieskag op te rig. 'n Betreklike groot hostelkompleks is derhalwe by hierdie skag gebou. Die een produksieskag het egter later ondoeltreffend geblyk te wees en derhalwe is 'n tweede hoofskag in werking gestel. Die grootste aantal arbeiders het egter by die ou skag bly woon.

By slegs vier ander produksieskagte word daar meer as vier duisend inwoners aangetref. Die Welkom-myn het net twee produksieskagte wat derhalwe relatiewe groot bevolkingskonsentrasies by elke skag tot gevolg het. Ook die President Brand en die President Steyn goudmyne, wat betreklike groot bevolkings het, het onderskeidelik 'n produksieskag waar daar meer as 4,000 Bantoes aangetref word. Die oorblywende 11 produksieskagte van die Suidelike Goudveld het elk net meer as 3,000 inwoners.

Uit Tabel 8 blyk dit ook dat die President Steyn Gold Mining Company Ltd., die grootste aantal enkellopende arbeiders in diens het. By hierdie myn word 19 persent van die totale aantal arbeiders van die Suidelike Goudveld aangetref. By die Welkom Goudmyn word net 15 persent van die totale aantal enkellopende trekarbeiders aangetref. Hierdie myn het die kleinste aantal trekarbeiders in die Suidelike Goudveld in diens. By die 16 produksieskagte van die Suidelike Goudveld word 63 persent van die totale aantal enkellopende arbeiders wat in die Oranje-Vrystaatse Goudveld werksaam is, aangetref. Daar is gemiddeld 3,825 arbeiders per produksieskag.

b) Getroude Kwartiere.

Daar is reeds vantevore verwys na die getroude kwartiere wat by elke goudmyn aangetref word. Die Bantoe-arbeiders, wat meer geskoolde arbeid verrig, woon saam met hulle gesinne in dorpies. Tabel 9 toon die aantal Bantoe-arbeiders in die getroude kwartiere van die onderskeie myne aan. Die persentasie arbeiders in elke dorpie word ook aangedui.

TABEL 9.<sup>17)</sup>

| Myn.        | Aantal Arbeiders. | Persentasie. |
|-------------|-------------------|--------------|
| F.S. Geduld | 97                | 14           |
| W. Holdings | 147               | 21.7         |
| Welkom      | 147               | 21.7         |
| St. Helena  | 35                | 5            |
| P. Brand    | 146               | 21.4         |
| P. Steyn    | <u>110</u>        | <u>16.2</u>  |
| TOTAAL      | <u>682</u>        | <u>100%</u>  |

Die grootte van die bevolkings van die getroude kwartiere word ook tot 'n sekere mate bepaal deur die produksie van die onderskeie goudmyne. Indien die produksie van 'n myn relatief laag is met lae goudwaardes word daar oor die algemeen relatief min inwoners in die getroude kwartiere aangetref. Die maksimum bevolkings van die kwartiere word aan die anderkant bepaal deur die beperkings wat van regeringsweë op die dorpsgrootte geplaas is.

Uit Tabel 9 blyk dit dat die Western Holdings, Welkom en President Brand goudmyne werk verskaf aan 64 persent van die totale aantal arbeiders wat in die getroude kwartiere van die Suidelike Goudveld woon. By hierdie myne word die

---

17) Inligting verskaf deur die onderskeie Goudmynmaatskappye.



relatiewe verantwoordelike betrekkinge of sleutelposte hoofsaaklik deur Bantoes wat in die getroude kwartiere woon, gevul. By die President Steyn en Free State Geduld myne, waar daar relatief min arbeiders in die getroude kwartiere aangetref word, word betreklik baie enkellopende arbeiders in sleutelposte aangestel. Dit verklaar die klein aantal arbeiders in die getroude kwartiere van die twee myne. By die St. Helena Goudmyn word daar ook relatief min arbeiders in die myndorpie aangetref. Hierdie myn gebruik hoofsaaklik Kleurlinge om sleutelposte te vul wat derhalwe die relatiewe lae aantal Bantoe-arbeiders verklaar.

5. Die Samestelling van die Mynbantoebevolking.

a) Enkelkwartiere.

Daar is reeds daarop gewys dat die trekarbeiders wat werksaam is in die goudmyne van die Oranje-Vrystaat afkomstig is uit 'n groot aantal verskillende streke. Die samestelling van die bevolking by die onderskeie myne is egter nie identies nie, maar wissel betreklik baie van myn tot myn. Hierdie variasie in die samestelling van die bevolking van die onderskeie myne kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die beskikbaarheid, al dan nie, van die arbeiders in die werwingsgebiede. Voorts kan die voorkeur wat sekere etniese groepe gee aan besondere myne ook die samestelling van die bevolking beïnvloed. Hierdie variasie in die samestelling van die bevolking kan derhalwe nie as 'n bepaalde tendens beskou word nie, maar eerder as 'n toevallige neiging waarby die sosiale menslike faktor moontlik 'n rol speel. Die samestelling is onderhewig aan voortdurende wisseling as gevolg van die verwisseling van arbeiders.

Uit Tabel 10 blyk dit egter dat daar betreklik



TABEL 10 (vervolg).

| FREE STATE GEDULD.     | KP.  | N&Z. | O.V.S. | Tvl. | S.W.A. | TOTAAL | Les. | Bot. | Swz. | Mal. | Mos. | GROOT TOTAAL. |
|------------------------|------|------|--------|------|--------|--------|------|------|------|------|------|---------------|
| Arbeiders Ondergronds. | 1791 | 47   | 200    | 35   | 3      | 2076   | 4255 | 595  | 4    | 568  | 986  | 8484          |
| Arbeiders Bogronds.    | 410  | 49   | 308    | 74   |        | 841    | 450  | 73   | 2    | 66   | 177  | 1609          |
|                        |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      | 10,093.       |

ST. HELENA.

|                        |      |    |     |    |  |      |      |   |   |      |      |        |
|------------------------|------|----|-----|----|--|------|------|---|---|------|------|--------|
| Arbeiders Ondergronds. | 1715 | 28 | 230 | 69 |  | 2042 | 2686 | 7 | 1 | 1142 | 1822 | 7700   |
| Arbeiders Bogronds.    | 393  | 38 | 159 | 51 |  | 641  | 337  | 7 |   | 129  | 331  | 1445   |
|                        |      |    |     |    |  |      |      |   |   |      |      | 9,145. |

PRESIDENT STEYN.

|                        |      |    |     |     |   |      |      |    |   |      |      |         |
|------------------------|------|----|-----|-----|---|------|------|----|---|------|------|---------|
| Arbeiders Ondergronds. | 2309 | 43 | 198 | 115 | 2 | 2667 | 3468 | 21 | 1 | 1905 | 1355 | 9417    |
| Arbeiders Bogronds.    | 478  | 49 | 574 | 106 | 1 | 1208 | 276  | 6  | 2 | 137  | 183  | 1812    |
|                        |      |    |     |     |   |      |      |    |   |      |      | 11,229. |

AFKORTINGS:

|        |                      |      |            |
|--------|----------------------|------|------------|
| KP.    | KAAPROVINSIE.        | Les. | LESOTHO.   |
| N&Z.   | NATAL EN ZOELOELAND. | Bot. | BOTSWANA.  |
| O.V.S. | ORANJE-VRYSTAAT.     | Swz. | SWAZILAND. |
| Tvl.   | TRANSVAAL.           | Mal. | MALAWI.    |
| S.W.A. | SUIDWES-AFRIKA.      | Mos. | MOSAMBIEK. |

baie Suid-Afrikaanse Bantoes by President Brand, Welkom en Western Holdings werksaam is. Die arbeiders kom hoofsaaklik uit die Transkei. Hierdie Bantoes vorm bykans 40 persent van die totale bevolkings van die onderskeie myne. Die tendens kan alleen verklaar word uit die waarskynlike voorkeur wat die arbeiders gee aan die drie myne. By St. Helena en President Steyn word betreklike groot hoeveelhede arbeiders uit Lesotho aangetref. Die Bantoes vorm onderskeidelik 33.3 persent en 33.4 persent van die totale enkellopende arbeidsmag van die twee myne. Arbeiders wat afkomstig is uit Mosambiek vorm 22 persent van St. Helena se trekarbeiders. Die hoogste persentasie Malawis word by Western Holdings aangetref, naamlik 24 persent. Hierdie hoë konsentrasies van spesifieke groepe kan alleen verklaar word uit die voorkeur wat daar by die arbeiders bestaan ten opsigte van sekere myne.

Uit Tabel 10 blyk dit ook dat betreklik min van die arbeiders wat afkomstig is uit die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal ondergrondse arbeid verrig. By President Steyn werk byvoorbeeld 74 persent van die arbeiders wat uit die Oranje-Vrystaat afkomstig is bogronds. Dit vorm 'n groot teenstelling met arbeiders uit die ander werwingsgebiede. Bykans 84 persent van laasgenoemde groep werk ondergronds. Hierdie neiging kan alleen toegeskryf word aan 'n moontlike hoër ontwikkelingspeil van die Bantoes wat uit die genoemde drie provinsies afkomstig is.

b) Getroude Kwartiere.

Tabel 11 dui die samestelling van die bevolkings in die onderskeie myndorpie aan. Hierdie Bantoes is almal afkomstig uit die Republiek van Suid-Afrika. Daar is gemiddeld 3,0 kinders per huishouding.

TABEL 11.<sup>18)</sup>

| Myn              | Mans       | Vrouens    | Kinders     | Totaal      |
|------------------|------------|------------|-------------|-------------|
| F.S. Geduld      | 97         | 97         | 272         | 466         |
| Western Holdings | 147        | 147        | 453         | 747         |
| Welkom           | 147        | 147        | 432         | 726         |
| St. Helena       | 35         | 35         | 120         | 190         |
| Pres. Brand      | 146        | 146        | 433         | 725         |
| Pres Steyn       | <u>110</u> | <u>110</u> | <u>349</u>  | <u>569</u>  |
| TOTAAL           | <u>682</u> | <u>682</u> | <u>2059</u> | <u>3423</u> |

6. Die Produksievermoë van die Arbeiders.

As gevolg van wisselende mynbouomstandighede by die onderskeie myne wissel die produksievermoë van die arbeiders ooreenstemmend. Hoe hoër die graad van verskuiwing van die gouddraende riuwe is, hoe meer arbeiders word benodig en omgekeerd. In Tabel 12 word die produksievermoë van die arbeiders in die Suidelike Goudveld aangetoon.

TABEL 12.

| Myne        | Hoeveelheid ton per Arbeider per maand. |
|-------------|---|
| F.S. Geduld | 16.2                                    |
| W. Holdings | 21.3                                    |
| Welkom      | 20.5                                    |
| St. Helena  | 21.6                                    |
| Pres. Brand | 20.9                                    |
| Pres. Steyn | <u>20.3</u>                             |
| GEMIDDELD   | <u>20.1</u>                             |

Uit Tabel 12 blyk dit dat die produksievermoë van die arbeiders in die Suidelike Goudveld relatief hoog is. Die gemiddelde produksie per arbeider in die streek is 20.1 ton per maand. Indien hierdie syfer vergelyk word met die opbrengs van die arbeiders in die Wes-Witwatersrandse gebied

<sup>18)</sup> Inligting verskaf deur die onderskeie Goudmynmaatskappye

blyk dit dat in laasgenoemde streek die opbrengs per arbeider per maand slegs 17.6 ton is. Hierdie relatiewe hoë produksievermoë van die arbeiders in die Suidelike Goudveld kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die betreklike gunstige mynbouomstandighede in die streek. In die Suidelike Goudveld is die goudwaarde van die goudbevattende riwwe relatief hoog, terwyl die verskuiwingsgraad van hierdie riwwe relatief laag is.

Volgens Tabel 12 het die arbeiders wat verbonde is aan die St. Helena Goudmyn die hoogste produksievermoë in die streek naamlik 21.6 ton per arbeider per maand. By die Free State Geduld Goudmyn het die arbeiders 'n produksievermoë van slegs 16.2 ton per arbeider per maand. Hierdie verskil in opbrengs per arbeider van 5.4 ton is hoofsaaklik te wyte aan die wisselende mynboutoestande tussen die twee mynverhuringsgebiede. By die St Helena Goudmyn is die gouddraende riwwe onderhewig aan 'n betreklike lae graad van verskuiwing. By Free State Geduld is die riwwe aan die anderkant onderhewig aan 'n betreklike hoë graad van verskuiwing.

#### 7. Die Toename van die Mynbantoebevolking.

Sedert die ontginning van goud in die Suidelike Goudveld 'n aanvang geneem het, het die produksie van die onderskeie myne 'n voortdurende stygende tendens getoon. Samehangend met die stygende produksie van die myne het die mynbantoebevolking ook toegeneem. Voor 1950 het die myne nog geen gouderts geproduseer nie alhoewel daar op hierdie stadium reeds 8,622 arbeiders werksaam was by die goudmyne. Volgens Tabel 13 was die opbrengs van die ses myne van die Suidelike Goudveld in 1955 5,200,000 ton. Die mynbantoebevolking het vanaf 1950 tot 1955 toegeneem met meer as 200 persent. Vanaf 1955 tot 1960 neem die produksie toe met 71 persent. In dieselfde periode styg die bevolking met 76 persent. Die periode



TABEL 13.

DIE PRODUKSLESTYGING EN BEVOLKINGSTOENAME VAN DIE SUIDELIKE GOUDVELD

VANAF 1950 TOT 1968.

|                    | 1950     | 1955     | 1955      | 1960     | 1960      | 1965     | 1965       | 1968     | 1968       |
|--------------------|----------|----------|-----------|----------|-----------|----------|------------|----------|------------|
|                    | BANTOES. | BANTOES. | TON.      | BANTOES. | TON.      | BANTOES. | TON.       | BANTOES. | TON.       |
| FREE STATE GEDULD. | 936      | 3,431    | 680,000   | 6,924    | 1,134,000 | 9,451    | 1,844,500  | 10,093   | 1,980,000  |
| WESTERN HOLDINGS.  | 1,103    | 4,204    | 840,000   | 8,893    | 1,868,000 | 10,301   | 2,690,000  | 10,532   | 2,730,000  |
| WEIKOM.            | 1,785    | 5,220    | 1,040,000 | 6,930    | 1,176,000 | 7,766    | 2,189,000  | 9,043    | 2,264,000  |
| ST. HELENA.        | 2,625    | 4,568    | 860,000   | 8,087    | 2,112,000 | 8,902    | 2,391,000  | 9,145    | 2,382,000  |
| PRESIDENT BRAND.   | 985      | 4,271    | 840,000   | 7,880    | 1,408,000 | 9,769    | 2,504,500  | 11,159   | 2,838,000  |
| PRESIDENT STEYN.   | 1,188    | 4,720    | 940,000   | 7,960    | 1,272,000 | 10,805   | 2,541,800  | 11,229   | 2,766,000  |
| TOTAAL.            | 8,622    | 26,414   | 5,200,000 | 46,674   | 8,970,000 | 56,994   | 14,160,800 | 61,201   | 14,960,000 |

wat strek vanaf 1960 tot 1965 toon 'n produksiestyging van 55 persent. Die bevolking neem in hierdie tydperk toe met 13 persent. Gedurende die laaste tydperk soos aangedui in Tabel 13, wat strek vanaf 1965 tot 1968, is die produksietoename slegs 5 persent terwyl die bevolking styg met slegs 7 persent.

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat die produksie van die goudmyne aanvanklik skerp gestyg het. Vanaf 1960 is die styging in produksie egter meer geleidelik omdat die myne hulle volle beplande produksiestadium bereik het. Toekomstige produksiestygings sal relatief klein wees. Gepaardgaande met die styging in produksie het die hoeveelheid Bantoe-arbeiders ook relatief skerp toegeneem. Vanaf 1960 is die toename in die bevolking egter ook meer geleidelik. Betrekklike groot bevolkingstoenames kan nie vir die streek in die vooruit sig gestel word nie.

B. Die Oostelike Goudveld.

1. Ligging, Omvang en Totale Digtheid.

Soos reeds vermeld, is die gebied wat as die geologiese eenheid, die Oostelike sektor, bekend is, weens 'n sekere mate van homogriteit en 'n relatiewe groot mate van differensiasie met die oorblywende gedeelte van die Oranje-Vrystaatse Goudveld as aparte streek geneem. Hierdie gebied, wat gerieflikheidshalwe die Oostelike Goudveld genoem word, bestaan uit vier mynverhuringsgebiede, Harmony Gold Mining Company Ltd., Free State Saaiplaas Gold Mining Company Ltd., Virginia Gold Mining Company Ltd. en Merriespruit Gold Mining Company Ltd.

Die Oostelike Goudveld beslaan 'n totale oppervlakte van 47.8 vierkante myl en is derhalwe 25.5 vierkante myl kleiner as die Suidelike Goudveld. Hoofsaaklik omdat hier net vier mynverhuringsgebiede geleë is, is die mynbantoebevolking van die streek heelwat kleiner as die bevolking van die Suidelike

Goudveld. In Oktober 1968 was die totale mynbantoebevolking van die Oostelike Goudveld 26,829 persone. Hierdie syfer bring 'n bevolkingsdigtheid van 615 persone per vierkante myl mee. Die digtheid in die Oostelike Goudveld is dus 269 persone minder per vierkante myl as in die Suidelike Goudveld waar dit 884 persone per vierkante myl is. Die goudwaardes van die goudbevattende riwwe is in die Oostelike Goudveld ook heelwat laer as die waardes in die Suidelike Goudveld. Die gemiddelde bedryfsinkomste is R7.79 per ton teenoor die R14.58 per ton van die Suidelike Goudveld. Dit dra ook by tot die kleiner mynbantoebevolking van die streek. Voorts is die graad van verskuiwing van die gouddraende riwwe ook kleiner as in die Suidelike Goudveld. Die gemiddelde produksiekoste is R5.85 in die Oostelike Goudveld teenoor die R6.28 van die Suidelike Goudveld.

2. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking volgens die Mynverhuringsgebiede van die Oostelike Goudveld.

Om 'n duidelike beeld van die digtheid van die mynbantoebevolking per mynverhuringsgebied te kry, word in Tabel 14 die digtheidsyfer van die bevolking vir die onderskeie mynverhuringsgebiede van die Oostelike Goudveld aangegee.

TABEL 14.

| Myn            | Oppervlakte<br>in Vk. myl | Totale<br>Bevolking | Digtheid<br>per vk. myl. |
|----------------|---------------------------|---------------------|--------------------------|
| Virginia       | 12.1                      | 8,159               | 679                      |
| F.S. Saaiplaas | 11.2                      | 5,145               | 467                      |
| Harmony        | 11.0                      | 11,975              | 1,188                    |
| Merriespruit   | <u>13.5</u>               | <u>1,550</u>        | <u>126</u>               |
| TOTAAL         | 47.8                      | 26,829              | 615 gemiddeld            |

In Tabel 15 word die bedryfskoste, die bedryfsinkomste en die bedryfswins van die vier goudmyne van die streek aangegee.

TABEL 15.<sup>19)</sup>

| Myne           | Bedryfskoste<br>per ton | Bedryfsinkomste<br>per ton | Bedryfswins<br>per ton |
|----------------|-------------------------|----------------------------|------------------------|
| Virginia       | 5.80                    | 6.62                       | .82                    |
| F.S. Saaiplaas | 5.30                    | 7.61                       | 2.31                   |
| Harmony        | <u>6.45</u>             | <u>9.14</u>                | <u>2.69</u>            |
| GEMIDDELD      | <u>5.85</u>             | <u>7.79</u>                | <u>1.94</u>            |

Uit Tabel 14 is dit duidelik dat die bevolkingsdigtheid betreklik baie van mynverhuringgebied tot mynverhuringgebied verskil. Ook die winssyfers van die onderskeie myne, wat in Tabel 15 aangedui word, wissel relatief baie. Die gemiddelde wins van R1.94 per ton is heelwat laer as die gemiddelde wins van die myne van die Suidelike Goudveld wat R8.26 per ton bedra.

Die digtheid van die Harmony Goudmyn bedra byvoorbeeld 1,188 persone per vierkante myl. Uit Tabel 15 blyk dit dat die bedryfswins van hierdie myn die grootste is van die myne in die Oostelike Goudveld naamlik R2.69 per ton. Aan die anderkant is die graad van verskuiwing van die goudbevattende riuwe in die mynverhuringgebied relatief groot, Derhalwe word 'n relatief groot aantal arbeiders benodig om die betreklike groot produksie van 2,654,000 ton gouderts te kan handhaaf.

Die bevolkingsdigtheid van die Virginia Gold Mining Company Ltd., bedra 679 persone per vierkante myl. Uit Tabel 15 blyk dit dat die bedryfswins van die myn relatief laag is, naamlik R0.82 per ton erts geproduseer. 'n Betreklike hoë jaarlikse produksie van gouderts is derhalwe nodig om be-

19) Die Mynwese, op cit., p. 34.

treklike gunstige winssyfers te kan toon. Gedurende 1968 was die produksie van die myn 1,940,000 ton gouderts. Omdat die verskuiwingsgraad van die gouddraende riuwe betreklik groot is, word 'n relatiewe groot arbeidsmag benodig om die gewenste produksie te kan lewer.

Die goudbevattende riuwe wat in die mynverhuringsgebied van die Free State Saaiplaas Goudmyn aangetref word, is onderhewig aan 'n relatiewe lae graad van verskuiwing. Gevolglik is die bedryfskoste van die myn ook relatief laag naamlik R5.30 per ton erts wat geproduseer word. Die bedryfsinkomste is R7.61 per ton erts. Derhalwe toon die myn 'n bedryfswins van R2.31 per ton gouderts. As gevolg van die relatiewe lae verskuiwingsgraad van die goudbevattende riuwe, is die aantal arbeiders wat benodig word betreklik min. Die bevolkingsdigtheid is derhalwe ook laag naamlik 467 persone per vierkante myl.

Die Merriespruit Gold Mining Company Ltd., is in 1957 oorstrom deur 'n ondergrondse rivier. Produksie moes daarna gestaak word. Die water is egter intussen uitgepomp en mynboubedrywigheede het weereens 'n aanvang geneem. Die myn het egter nog nie weer gouderts geproduseer nie. Die bevolkingsdigtheid van die mynverhuringsgebied is derhalwe relatief laag, naamlik 126 persone per vierkante myl.

### 3. 'n Analise van die Nedersettingspatrone en die Bevolkingsverbreiding op die Bol-stippelkaart.

Net soos in die geval van die vorige bevolkingsstreek, die Suidelike Goudveld, is dit ook nou nodig om die werklike geografiese verbreiding van die mynbantoebevolking in die Oostelike Goudveld te bespreek. Indien die stippelverspreidingskaart in oënskou geneem word, blyk dit dat daar in hierdie streek ook net gekonsentreerde bewoning by die onder-

skeie produksieskagte voorkom.

4. Die Grootte van die Bantoebevolkings by die Onderskeie  
Produksieskagte.

a) Enkelkwartiere.

Die bevolkingskonsentrasies in die Oostelike Goudveld is oor die algemeen heelwat hoër as die konsentrasies van die Suidelike Goudveld. Die vier goudmyne van die Oostelike Goudveld het net ses hostelkomplekse wat derhalwe groter konsentrasies tot gevolg het. Tabel 16 toon die aantal hostelkomplekse by elke goudmyn aan asook die bevolking van elk van die komplekse. Voorts word die persentasie arbeiders by die onderskeie myne ook aangedui.

TABEL 16.<sup>20)</sup>

| Myne           | Aantal<br>Produksieskagte | Aantal Bantoes per<br>Produksieskag | Totaal        | %          |
|----------------|---------------------------|-------------------------------------|---------------|------------|
| Harmony        | 2                         | 1)5678 2)6089                       | 11,767        | 44         |
| Virginia       | 2                         | 1)5713 2)2188                       | 7,901         | 30         |
| F.S. Saaiplaas | 1                         | 1)5110                              | 5,110         | 20         |
| Merriespruit   | 1                         | 1)1550                              | 1,550         | 6          |
|                |                           |                                     | <u>26,328</u> | <u>100</u> |

Uit Tabel 16 blyk dit dat die grootste bevolkingskonsentrasie by die nommer 2 skag van die Harmony Gold Mining Company Ltd., aangetref word. Nog drie ander hostelkomplekse het elk meer as 5,000 inwoners. Die kleinste bevolkingskonsentrasie kom voor by Merriespruit terwyl die nommer 2 skag van die Virginia Goudmyn ook 'n relatiewe klein bevolking het.

Uit Tabel 16 blyk dit ook dat die Harmony Goudmyn die grootste aantal enkellopende arbeiders in die Oos-

20) Inligting verstrek deur die onderskeie Goudmynmaatskappye.



telike Goudveld in diens het. By hierdie myn word 44 persent van die totale aantal trekarbeiders wat in die streek werksaam is, aangetref. Merriespruit het die kleinste aantal arbeiders in diens. Slegs 6 persent van die totale aantal enkellopende arbeiders word hier aangetref.

b) Getroude Kwartiere.

Uit Tabel 17 blyk dit dat daar relatief min Bantoe-arbeiders in die getroude kwartiere van die Oostelike Goudveld aangetref word. In die tabel word die aantal Bantoe-arbeiders wat in die onderskeie getroude kwartiere woonagtig is, aangedui. Voorts word die persentasie arbeiders by die onderskeie goudmyne ook aangedui.

TABEL 17.<sup>21)</sup>

| Myne           | Aantal Arbeiders | Persentasie |
|----------------|------------------|-------------|
| Harmony        | 44               | 47.2        |
| Virginia       | 44               | 47.2        |
| F.S. Saaiplaas | 6                | 5.6         |
| TOTAAL         | 94               | 100.0%      |

By al hierdie myne word daar eerder van enkellopende arbeiders gebruik gemaak in sleutelposte. Derhalwe word hier relatief min Bantoes met gesinne aangetref. Daar is geen getroude kwartiere by Merriespruit nie.

5. Die Samestelling van die Mynbantoebevolking.

a) Enkelkwartiere.

In Tabel 18 word die samestelling van die bevolking aangedui. Uit die tabel blyk dit dat meer as 60 persent van die onderskeie myne se bevolkings afkomstig is uit Lesotho en Suid-Afrika gesamentlik. Die Bantoes wat afkomstig is uit

---

21) Inligting verstrek deur die onderskeie Goudmyrmaatskappye.

TABEL 18.

DIE SAMESTELLING VAN DIE WYNBANTOEBEVOLKING IN DIE ENKELKWARTIERE.

|                        | KP.  | N&Z. | O.V.S. | Tvl. | S.W.A. | TOTAAL | Ies. | Bot. | Swz. | Mal. | Mos. | GROOT TOTAAL. |
|------------------------|------|------|--------|------|--------|--------|------|------|------|------|------|---------------|
| HARMONY.               |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      |               |
| Arbeiders Ondergronds. | 2196 | 38   | 282    | 28   | 121    | 2544   | 3282 | 17   | 1159 | 2013 |      | 9015          |
| Arbeiders Bogronds.    | 969  | 49   | 782    | 73   | 238    | 1873   | 356  | 8    | 120  | 395  |      | 2752          |
|                        |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      | 11,767        |
| VIRGINIA.              |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      |               |
| Arbeiders Ondergronds. | 1024 | 14   | 121    | 13   | 121    | 1172   | 1694 | 184  | 610  | 2495 |      | 6155          |
| Arbeiders Bogronds.    | 439  | 40   | 238    | 52   | 238    | 769    | 317  | 34   | 1    | 128  | 497  | 1746          |
|                        |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      | 7,901         |
| FREE STATE SAAIPIAAS.  |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      |               |
| Arbeiders Ondergronds. | 550  | 6    | 99     | 10   | 99     | 655    | 1886 | 2    | 793  | 926  |      | 4272          |
| Arbeiders Bogronds.    | 201  | 31   | 107    | 33   | 107    | 372    | 249  | 4    | 59   | 154  |      | 838           |
|                        |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      | 5,110.        |
| MERRIESPRUIT.          |      |      |        |      |        |        |      |      |      |      |      |               |
| Arbeiders Ondergronds. | 523  |      | 62     |      | 62     | 585    | 412  | 4    | 98   | 201  |      | 1309          |
| Arbeiders Bogronds.    | 110  |      | 7      |      | 7      | 117    | 68   |      | 32   | 24   |      | 241= 1,550    |

Suid-Afrika kom hoofsaaklik uit die Transkei. Voorts het die vier myne relatief baie arbeiders wat afkomstig is uit Mosambiek in diens. Hierdie arbeiders vorm by die onderskeie myne meer as 20 persent van die totale arbeidsmag.

Net soos in die Suidelike Goudveld, is daar ook in hierdie streek relatief min arbeiders wat afkomstig is uit die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal. Hierdie arbeiders werk ook hoofsaaklik bogronds. Aan die anderkant werk 80 persent van die arbeiders wat afkomstig is uit die ander streke, ondergronds.

b) Getroude Kwartiere.

Tabel 19 dui die samestelling van die bevolkings in die onderskeie getroude kwartiere aan. Daar is 94 huishoudings of gesinne in die streek met gemiddeld 3,3 kinders per gesin. Die ses myne van die Suidelike Goudveld het 682 gesinne met gemiddeld 3 kinders per gesin.

TABEL 19. <sup>22)</sup>

| Myn            | Mans      | Vrouens   | Kinders    | Totaal.    |
|----------------|-----------|-----------|------------|------------|
| Harmony        | 44        | 44        | 120        | 208        |
| Virginia       | 44        | 44        | 170        | 258        |
| F.S. Saaiplaas | <u>6</u>  | <u>6</u>  | <u>23</u>  | <u>35</u>  |
| TOTAAL         | <u>94</u> | <u>94</u> | <u>313</u> | <u>501</u> |

6. Die Produksievermoë van die Arbeiders.

Die produksievermoë van die arbeiders wissel na gelang die graad van verskuiwing van die goudbevattende riwwe. In Tabel 20 word die produksievermoë van die arbeiders in die Oostelike Goudveld aangetoon.

22) Inligting verskaf deur die onderskeie Goudmyrmaatskappye.

TABEL 20.

| Myne           | Hoeveelheid ton per Arbeider per maand. |
|----------------|---|
| Harmony        | 18.7                                    |
| Virginia       | 20.4                                    |
| F.S. Saaiplaas | <u>26.9</u>                             |
| GEMIDDELD      | <u>22.0</u>                             |

Uit die tabel blyk dit dat die produksievermoë van die arbeiders in die Oostelike Goudveld relatief hoog is. Die gemiddelde produksie per arbeider per maand is 22 ton in die streek. Indien hierdie syfer vergelyk word met die opbrengs van die arbeiders in die Suidelike Goudveld, wat 20.1 ton per arbeider is, is die produksievermoë van die arbeiders in die Oostelike Goudveld relatief hoog. Hierdie relatiewe hoë produksievermoë kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die betreklike gunstige mynbouomstandighede in die streek.

Volgens Tabel 20 is die produksievermoë van die arbeiders by Free State Saaiplaas 26.9 ton per arbeider per maand. By Harmony is die opbrengs per arbeider slegs 18.7 ton per maand. Hierdie verskil in opbrengs per arbeider van 8.2 ton is hoofsaaklik te wyte aan wisselende mynbouomstandighede tussen die twee mynverhuringgebiede. Die Harmony Goudmyn se gouddraende riwwe is onderhewig aan 'n hoër graad van verskuiwing as die riwwe van Free State Saaiplaas.

#### 7. Die Toename van die Mynbantoebevolking.

Sedert die ontginning van goud in die Oostelike Goudveld 'n aanvang geneem het, het die produksie van die onderskeie myne 'n voortdurende stygende tendens getoon. Die uitsondering is egter die oorstroomde Merriespruit Goudmyn.

TABEL 21.

DIE PRODUKSIESTYGING EN BEVOIKINGSTOENAME VAN DIE OOSTELIKE GOUDVELD

VANAF 1950 TOT 1968.

|                       | 1950     | 1955     | 1960     | 1965     | 1968      | 1968             |
|-----------------------|----------|----------|----------|----------|-----------|------------------|
|                       | BANTOES. | BANTOES. | BANTOES. | BANTOES. | TON.      | BANTOES. TON.    |
| VIRGINIA.             | 1,044    | 4,912    | 7,748    | 8,876    | 1,848,000 | 7,901 1,940,000  |
| FREE STATE SAARLAAAS. |          |          | 2,919    | 5,220    | 1,057,000 | 5,110 1,654,000  |
| MERRIESPRUIT.         |          | 2,994    |          |          |           |                  |
| HARMONY.              | 839      | 4,800    | 10,138   | 10,570   | 2,491,000 | 11,767 2,654,000 |
| TOTAAL.               | 1,883    | 12,706   | 20,805   | 24,666   | 5,396,000 | 26,328 6,248,000 |

Die myn het in 1955 580,000 ton erts geproduseer. Sedertdien was daar egter geen verdere produksie nie. Tesame met hierdie stygende produksie het die bevolking ook toegeneem. Volgens Tabel 21 was die produksie van die myne van die Oostelike Goudveld in 1955 2,470,000 ton erts. In 1960, toe Free State Saaiplaas ook begin produseer het, toon die produksie 'n toename van 69 persent. In dieselfde periode neem die bevolking toe met 64 persent. Vanaf 1960 tot 1965 styg die totale produksie van die streek met 28 persent terwyl die bevolking in die tydperk toeneem met 18 persent. Gedurende die periode wat strek vanaf 1965 tot 1968 is daar 'n produksietoename van 16 persent teenoor 'n bevolkingstoename van slegs 6 persent. Die bevolkingstoename kan hoofsaaklik aan die heropening van Merriespruit toegeskryf word. Uit Tabel 21 blyk dit ook dat die stygings in produksie en die bevolking vanaf 1960 meer geleidelik is omdat die myne hulle volle produksiestadium genader het.

Indien hierdie toename van die produksie en gepaardgaande daarmee die toename van die bevolking vergelyk word met die van die Suidelike Goudveld is dit opvallend dat laasgenoemde streek se stygings sterker was. Dit kan aan die hoë goudwaardes van die streek toegeskryf word. Aangesien die myne van die Oostelike Goudveld betreklik lae goudwaardes het, word geen relatiewe groot bevolkingstoename in die vooruit-sig gestel nie. 'n Afname in die bevolking is eerder moontlik aangesien die myne se leeftyd betreklik kort is en produksie dan sal daal.

### C. Die Noordelike Goudveld.

#### 1. Ligging, Omvang en Totale Digtheid.

Soos reeds vermeld, is die Noordelike gedeelte van die Westelike sektor van die Oranje-Vrystaatse Goudveld as



aparte bevolkingstreek geneem. Hierdie streek vertoon 'n relatiewe groot mate van differensiasie met die ander gedeeltes van die Oranje-Vrystaatse Goudveld alhoewel daar ook 'n mate van homogeniteit voorkom. Die gebied, die Noordelike Goudveld, bestaan uit twee mynverhuringgebiede, naamlik die Freddie's Consolidated Gold Mining Company Ltd, en Loraine Gold Mining Company Ltd.

Die Noordelike Goudveld beslaan 'n totale oppervlakte van 39,2 vierkante myl. Omdat hier net twee goudmyne is, is die mynbantoebevolking van die streek relatief klein. In Oktober 1968 was daar 10,217 mynbantoes in die streek. Hierdie syfer bring 'n bevolkingsdigtheid van 261 persone per vierkante myl mee. Dit weerspieël 'n digtheid wat 354 persone per vierkante myl laer is as die bevolkingsdigtheid van die Oostelike Goudveld waar die digtheid 615 is. Die goudwaardes van die goudbevattende riuwe van die Noordelike Goudveld is die laagste in die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Die goudriuwe is ook onderhewig aan 'n betreklike hoë graad van verskuiwing.

Indien die gemiddelde bedryfswins van die Oostelike Goudveld en die Noordelike Goudveld egter met mekaar vergelyk word, blyk dit dat laaëgenoemde streek 'n relatiewe hoë gemiddelde bedryfswins van R3.09 per ton erts oplewer teenoor die R1.94 per ton van die Oostelike Goudveld. Die gemiddelde bedryfskoste van die Noordelike Goudveld is R7.87 en die gemiddelde bedryfsinkomste R10.96.

Die betreklike hoë gemiddelde bedryfswins van R3.09 per ton is egter nie 'n juiste weergawe van die winssyfers van die Noordelike streek nie. Die Freddie's Goudmyn, wie se bedryfswins R4.69 per ton bedra, produseer in der waarheid teen 'n verlies. Die betreklike hoë bedryfswins word egter verkry omdat daar by die myn erts gemaal word wat afkomstig is

van die myne in die Suidelike Goudveld. Hierdie erts word dan as deel van Freddie se produksie gereken. Die toestand beïnvloed nie net die bedryfswins van die myn nie, maar ook die totale produksie en die produksievermoë van die arbeiders. Freddie se totale produksie word aangegee as 1,239,000 ton erts per jaar. In werklikheid produseer die myn egter slegs ongeveer 500,000 ton erts per jaar.

2. Die Digtheid van die Mynbantoebevolking volgens die Mynverhuringsgebiede.

Om 'n duidelike beeld van die digtheid van die mynbantoebevolking volgens die onderskeie mynverhuringsgebiede te verkry, word in Tabel 22 die digtheid van die bevolking in die twee gebiede aangedui.

TABEL 22.

| Myne     | Oppervlakte<br>in vk. myl | Totale<br>Bevolking | Digtheid<br>per vk. myl. |
|----------|---------------------------|---------------------|--------------------------|
| Freddies | 20.2                      | 2,739               | 137                      |
| Loraine  | <u>19.0</u>               | <u>7,478</u>        | <u>393</u>               |
| TOTAAL   | 39.2                      | 10,217              | 261 Gemiddeld            |

In Tabel 23 word die bedryfskoste, die bedryfsinkomste en die bedryfswins van die twee goudmyne van die Noordelike Goudveld aangegee.

Die betreklike lae digtheid van die bevolking in die mynverhuringsgebied van Freddie wat 137 persone per vierkante myl bedra, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die artifiële mynboubedrywighe in die streek waarna daar reeds

TABEL 23.<sup>23)</sup>

| Myne      | Bedryfskoste | Bedryfsinkomste | Bedryfswins |
|-----------|--------------|-----------------|-------------|
| Freddies  | 7.94         | 12.63           | 4.69        |
| Lorraine  | <u>7.80</u>  | <u>9.29</u>     | <u>1.49</u> |
| GEMIDDELD | <u>7.87</u>  | <u>10.96</u>    | <u>3.09</u> |

verwys is. Die kunsmatige mynboubedrywigheede het aan die eenkant 'n relatiewe lae bevolkingsdigtheid tot gevolg. Aan die anderkant veroorsaak dit egter ook die betreklike hoë winsyfer van R4.69 per ton terwyl die totale produksie wat 1,239,000 ton bedra ook relatief groot is.

Die Lorraine Goudmyn verskil heeltemal van Freddies in die opsig dat eersgenoemde myn al sy gouderts self produseer. Die myn benodig derhalwe 'n betreklike groot arbeidsmag. Die bevolkingsdigtheid van Lorraine is derhalwe ook relatief groot naamlik 393 persone per vierkante myl in vergelyking met die bevolkingsdigtheid van Freddies wat 137 persone per vierkante myl bedra.

3. 'n Analise van die Nedersettingspatrone en die Bevolkingsverbreiding op die Bol-stippelkaart.

Die werklike geografiese verbreiding van die mynbantoebevolking moet nou in oënskou geneem word. Ook in hierdie streek word die Bantoebevolking net in konsentrasies by die hoofskagte aangetref.

4. Die Grootte van die Bantoebevolking by die Onderskeie Produksieskagte.

a) Enkelkwartiere.

---

23) Die Mynwese, op cit., p. 34

In die Noordelike Goudveld is die bevolkingskonsentrasies relatief klein in vergelyking met die ander twee bevolkingstreke. Die twee myne van die Noordelike Goudveld het 5 hostelkomplekse. Dit het kleiner bevolkingsgroepe tot gevolg. In Tabel 24 word die aantal hostelkomplekse in elke mynverhuringgebied aangedui asook die aantal inwoners van die onderskeie komplekse. Voorts word die persentasie arbeiders by die onderskeie myne ook aangedui.

TABEL 24. <sup>24)</sup>

| Myne     | Aantal<br>Produksieskagte | Aantal Bantoes per<br>Produksieskag | Totaal      | %          |
|----------|---------------------------|-------------------------------------|-------------|------------|
| Freddies | 2                         | 1)1254. 2)1228                      | 2482        | 26         |
| Loraine  | <u>3</u>                  | 1)2404. 2)2263.3)2321               | <u>6988</u> | <u>74</u>  |
| TOTAAL   | <u>5</u>                  |                                     | <u>9470</u> | <u>100</u> |

Uit Tabel 24 blyk dit dat die enkellopende arbeidsmag van die Noordelike Goudveld betreklik eweredig verdeel is tussen die onderskeie hostelkomplekse. Voorts blyk dit ook dat 74 persent van die totale aantal enkellopende arbeiders van die streek by Loraine aangetref word.

b) Getroude Kwartiere.

Uit Tabel 25 blyk dit dat daar ~~relatief~~ baie Bantoe-arbeiders in die getroude kwartiere van die Noordelike Goudveld aangetref word. In die tabel word die persentasie arbeiders in die onderskeie getroude kwartiere ook aangedui.

---

24) Inligting verstrek deur die onderskeie Goudmynmaatskappye.

TABEL 25.<sup>25)</sup>

| Myne     | Aantal Arbeiders | Persentasie. |
|----------|------------------|--------------|
| Freddies | 50               | 41           |
| Lorraine | <u>72</u>        | <u>59</u>    |
| TOTAAL   | <u>122</u>       | <u>100</u>   |

By die twee myne word daar hoofsaaklik van getroude arbeiders gebruik gemaak in die meer verantwoordelike betrekings.

5. Die Samestelling van die Mynbantoebevolking.

a) Enkelkwartiere.

Tabel 26 is 'n weergawe van die samestelling van die mynbantoebevolking in die enkelkwartiere van die Noordelike Goudveld. Uit die tabel blyk dit dat 60 persent van Freddies se enkellopende arbeiders gesamentlik afkomstig is uit Suid-Afrika en Lesotho. Voorts is 15 persent van die myn se arbeiders afkomstig uit Malawi en 20 persent uit Mosambiek. By Lorraine word daar betreklik baie arbeiders wat afkomstig is uit Malawi en Mosambiek, aangetref. Hierdie twee streke voorsien elk ongeveer 22 persent van die totale aantal enkellopende arbeiders van die goudmyn. Suid-Afrika en Lesotho verskaf gesamentlik ongeveer 50 persent van die arbeiders wat by Lorraine werk-saam is.

Hierdie samestelling van die bevolking by die twee myne kan alleen verklaar word uit die beskikbaarheid van arbeiders uit die onderskeie herkomsgebiede. Uit Tabel 26 blyk dit ook dat arbeiders wat afkomstig is vanaf die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal hoofsaaklik bogronds werk. Dit getuig van groter geskooldheid van hierdie arbeiders.

---

25) Inligting verstrek deur die onderskeie Goudmynmaatskappye.

TABEL 26.

DIE SAMESTELLING VAN DIE MYNBANTOEBEVOLKING IN DIE ENKEIKWARTIERS.

|                        | KP. | N&Z. | O.V.S. | Tvl. | S.W.A. | TOTAAL. | Les. | Bot. | Swz. | Mal. | Mos. | GROOT TOTAAL. |
|------------------------|-----|------|--------|------|--------|---------|------|------|------|------|------|---------------|
| ARREDEERS.             |     |      |        |      |        |         |      |      |      |      |      |               |
| Arbeiders Ondergronds. | 177 | 3    | 40     | 5    | 225    | 792     | 13   | 1    | 379  | 478  |      | 1888          |
| Arbeiders Bogronds.    | 161 | 24   | 164    | 19   | 368    | 128     | 2    | 25   | 71   |      |      | 594           |
|                        |     |      |        |      |        |         |      |      |      |      |      | <u>2,482.</u> |
| LORAINÉ.               |     |      |        |      |        |         |      |      |      |      |      |               |
| Arbeiders Ondergronds. | 974 | 20   | 146    | 40   | 1180   | 1513    | 5    |      | 1409 | 1340 |      | 5447          |
| Arbeiders Bogronds.    | 379 | 36   | 242    | 12   | 669    | 462     | 10   |      | 157  | 243  |      | 1541          |
|                        |     |      |        |      |        |         |      |      |      |      |      | <u>6,988.</u> |

AFKORTINGS: SIEN TABEL 10.



b) Getroude Kwartiere.

Tabel 27 dui die samstelling van die bevolking in die onderskeie getroude kwartiere aan. Daar is 122 gesinne in die streek met gemiddeld 4,1 kinders per gesin. In die Oostelike Goudveld is daar slegs 94 huishoudings met gemiddeld 3,3 kinders per gesin.

TABEL 27 <sup>26)</sup>

| Myn      | Mans       | Vrouens    | Kinders    | Totaal.    |
|----------|------------|------------|------------|------------|
| Freddies | 50         | 50         | 157        | 257        |
| Lorraine | <u>72</u>  | <u>72</u>  | <u>346</u> | <u>490</u> |
| TOTAAL   | <u>122</u> | <u>122</u> | <u>503</u> | <u>747</u> |

6. Die Produksievermoë van die Arbeiders.

In Tabel 28 word die produksievermoë van die arbeiders in die Noordelike Goudveld aangegee.

TABEL 28.

| Myn       | Hoeveelheid ton per Arbeider per maand. |
|-----------|---|
| Lorraine  | 15.1                                    |
| Freddies  | <u>15.0</u>                             |
| GEMIDDELD | <u>15.0</u>                             |

Uit die tabel blyk dit dat die produksievermoë van die arbeiders in die Noordelike Goudveld betreklik klein is. Die gemiddelde produksie per arbeider per maand is 15.0 ton. Indien hierdie syfer vergelyk word met die opbrengs van die arbeiders in die ander twee bevolkingstreke, die Suidelike Goudveld

26) Inligting verstrek deur die onderskeie Goudmynmaatskappye.

en die Oostelike Goudveld, waar die produksie per arbeider onderskeidelik 20,1 ton en 22,0 ton bedra, blyk dit dat die produksievermoë van die arbeiders in die Noordelike Goudveld relatief laag is. Hierdie lae syfer is hoofsaaklik te wyte aan die hoë graad van verskuiwing van die gouddraende riuwe in die streek.

By die bepaling van die produksievermoë van die arbeiders by Freddie's is slegs die erts wat die myn self produseer in ag geneem. Andersins word daar nie 'n ware beeld van die arbeiders se produksievermoë verkry nie as gevolg van die artifiële mynboubedrywighede by die myn.

#### 7. Die Toename van die Mynbantoebevolking.

Uit Tabel 29 blyk dit dat die produksie en gepaardgaande daarmee ook die bevolking van Loraine bestendig toegeneem het vanaf 1950 tot 1968. By Freddie's is die toename egter nie so gunstig nie. Vanaf 1950 tot 1960 daal die produksie skerp en gevolglik ook die bevolking. Gedurende 1961 staak die myn sy produksie as gevolg van finansiële probleme. In 1964 verkry die Anglo American Corporation administratiewe beheer oor Freddie's. Die artifiële mynboubedrywighede wat hierdie finansieringsonderneming sedertdien by die myn toegepas het, het daarna 'n klaarblyklike produksietoename tot gevolg gehad.

Die dalende neiging in die produksie en die bevolking by Freddie's word duidelik weerspieël in die bevolking- en produksiesyfers van die Noordelike Goudveld. Vanaf 1950 tot 1955 verminder die mynbantoebevolking van die streek met 15 persent hoofsaaklik omdat die bevolking van Freddie's met bykans 50 persent daal as gevolg van verminderde mynboubedrywighede. Gedurende die tydperk wat strek van 1955 tot 1960 is daar 'n verdere daling van 22 persent in die totale produksie van die

TABEL 29.

DIE PRODUKSIESTYGING EN BEVOLKINGSTOFNAME VAN DIE NOORDELIKE GOUDVELD  
VANAF 1950 TOT 1968.

|           | 1950     | 1955     | 1955      | 1960     | 1960      | 1965     | 1965      | 1968     | 1968      |
|-----------|----------|----------|-----------|----------|-----------|----------|-----------|----------|-----------|
|           | BANTOES. | BANTOES. | TON.      | BANTOES. | TON.      | BANTOES. | TON.      | BANTOES. | TON.      |
| FREDDIES. | 12,482   | 6,518    | 1,300,000 | 5,101    | 724,000   | 2,748    | 680,000   | 2,482    | 1,239,000 |
| LORAINÉ.  | 506      | 4,464    | 880,000   | 6,480    | 980,000   | 6,575    | 1,098,000 | 6,988    | 1,280,000 |
| TOTAAL.   | 12,988   | 10,982   | 2,180,000 | 11,581   | 1,704,000 | 9,323    | 1,778,000 | 9,470    | 2,519,000 |

Noordelike Goudveld. Die totale bevolking styg in die periode egter met 5 persent as gevolg van groter mynboubedrywighede by Loraine. Vanaf 1960 tot 1965 neem die totale produksie van die Noordelike Goudveld toe met 4 persent. In die tydperk het die Anglo American Corporation beheer oor Freddie's verkry en met die artifisiële mynboubedrywighede begin. Die totale bevolking van die streek daal egter met 'n verdere 19 persent. Die tydperk wat strek vanaf 1965 tot 1968 weerspieël 'n produksietoename van 28 persent. Hierdie produksiestyging kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die kunsmatige mynboubedrywighede by Freddie's. Gedurende dieselfde tydperk neem die bevolking toe met slegs 1 persent. Die goudertsreserwes van die Noordelike Goudveld is betreklik klein, derhalwe kan daar nie enige beduidende produksie- en bevolkingstoename in die vooruitsig gestel word nie.

HOOFSTUK V.

DIE STEDELIKE BANTOEBEVOLKING VAN DIE

ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD.

DIE SUID-AFRIKAANSE NATURELLEBELEID MET BETREKKING TOT

DIE STEDELIKE BANTOE EN STEDELIKE BANTOEWOONGEBIEDE.

Die belangrikste gevolg van die verstedeliking van die Bantoebevolking is die inskakeling van die Bantoe in die ekonomiese en politieke lewe van die Republiek van Suid-Afrika. Daar kan dus beweer word dat die Republiek se Naturellebeleid op 'n dubbele en teenstrydige grondslag gebaseer is; aan die eenkant word gepoog om deur die skepping van aparte Bantoegebiede of tuislande, 'n beleid van territoriale skeiding tussen Blank en Bantoe toe te pas; aan die anderkant word daar, terwille van die ekonomiese vooruitgang van die land, al meer en meer Bantoes toegelaat om hulle in die Blanke-stedelike gebiede te vestig.

In 'n letterlike sin kan daar dus sekerlik op hierdie stadium van 'n permanente stedelike Bantoebevolking gepraat word. Dog volgens die siening van die huidige regering bly die Bantoe 'n vreemdeling in die Blankegebiede en moet eersgenoemde se vestiging aldaar beheer word. Reeds in 1923 het die destydse Suid-Afrikaanse Regering die Naturellestadsgebiede-wet aangeneem. Hierdie wet is later gewysig en gekonsolideer deur die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet Nr. 25 van 1945). Dit het voorsiening gemaak vir die verbetering van woontoestande; doeltreffende administrasie; die beheer van dienskontrakte en die reëling van die toegang van die Bantoes en hulle verblyf in die stadsgebiede.<sup>1)</sup> Die vestiging van Bantoes in Blanke-stedelike gebiede word derhalwe alreeds vanaf 1923 beperk.

---

1) Nel, A. en van Zyl, J.A., Stad en Dorp, (Stellenbosch: Universiteit-uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk. p. 132).

Die Bantoewoongebied in die stedelike area is derhalwe alleen 'n plek waar die Blanke in sy gedeelte van die land 'n tydelike woonplek gee aan die Bantoe omdat hulle by die Blanke werksaam is en by hom 'n verdienste verkry.<sup>2)</sup>

Die plaaslike owerhede van die stedelike gebiede het volle beheer oor die hantering van die Bantoes binne hulle jurisdiksie, maar die regering is die finale gesag om te sorg vir 'n uniforme beleid dwarsdeur die land. Die offisiële standpunt is dus dat dit die taak van die plaaslike owerhede is om die regeringsbeleid uit te voer en nie 'n eie basiese beleid na te streef nie.<sup>3)</sup>

Die Groepsgebiede-wet van 1950 het duidelike territoriale skeiding gemaak tussen die woonbuurtes van die verskillende rasse-groepe en ook duidelike vereistes gestel waaraan die terreine van die lokasies moes voldoen. Huidige voorwaardes betreffende die ligging van Bantoewoongebiede soos deur die Departement van Naturellesake vereis, behels in die eerste plek die voorsiening van onontwikkelde bufferstroke van verskillende wydte tussen die lokasie en ander soorte ontwikkeling. 'n Bufferstrook van 500 treë word vereis tussen die lokasie en die naaste Planke-beboude gebied. Voorts word 'n onontwikkelde strook van 200 treë wyd vereis tussen die lokasie en die naaste plaas. Aan die kant van die lokasie wat vir agterlanduitbreiding bestem is, is 'n buffer van 100 treë tussen die lokasie en die naaste plaas egter toelaatbaar. Die Bantoewoongebiede moet minstens 500 treë van die naaste Nasionale pad geleë wees en minstens 300 treë van Provinsiale paaie. Voorts word 'n bufferstrook van minstens 200 treë wyd vereis tussen lokasies en alle ander paaie en spoorlyne.

---

2) Ibid., p. 133

3) Ibid., p. 133



In die tweede plek vereis die Departement van Bantoesake dat 'n onontwikkelde of agterlandgebied vir toekomstige uitbreiding van die lokasie gereserveer word totdat dit benodig word. Indien die verkeersomvang dit regverdig, is die verskaffing van aparte toegangspaaie vir die inwoners van die lokasie na die Blankedorpsgebied en nywerheidsgebied ook 'n vereiste.<sup>4)</sup> Oor die algemeen beantwoord die lokasies van die Oranje-Vrystaatse Goudveld aan hierdie vereistes wat deur die Departement van Bantoesake gestel word.

DIE STEDELIKE BANTOEWOONGEBIEDE VAN DIE  
ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD.

In Hoofstuk 3 is reeds daarop gewys dat daar 4 Blanke-stedelike gebiede in die Oranje-Vrystaatse Goudveld is. By elkeen van hierdie stedelike gebiede word daar 'n Bantoewoongebied aangetref. Drie van hierdie lokasies is beplan en van alle noodsaaklike dienste voorsien. Die beplande lokasies is Thabong naby Welkom, Meloding by Virginia en Kulluanong by Odendaalsrus. Die vierdie lokasie by Allanridge is bloot 'n plakkerdorp.

Daar sal nou oorgegaan word tot 'n geografiese analise van die onderskeie stedelike Bantoewoongebiede van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.

A. Thabong.

1. Historiese Oorsig.

As gevolg van die ontdekking van goud in 1946 en die daaropvolgende bedrywighede, veral op die gebied van die boubedryf, het Bantoes in hulle duisende na die Oranje-Vrystaatse Goudveld gestroom. Die bou- en ander kontrakteurs het hulle Bantoeowerknemers hoofsaaklik gehuisves in tydelike kampongs wat deur die hele Goudveld versprei was. Hierdie Bantoes se gesinne

---

4) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 'n Streek Opname van die O.V.S. Goudveld, (Pretoria: Die Staatsdrukker), p. 37.

het hulle mettertyd gevolg na die goudstreek. 'n Plakkerkamp het spoedig verrys by Witpan suidoos van die huidige Welkom waar die gesinne hulle gevestig het.

Die swak toestande waaronder die merendeel van die Bantoes in die plakkerkamp hulle bevind het, het die kommer gewek van die owerheid enersyds en die Welkom Township Company andersyds. Daar vind derhalwe alreeds in 1949 samesprekings op Kroonstad plaas tussen verteenwoordigers van die goudmynmaatskappye, die Welkom Township Company, die regering en die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Raad. 5)

Die toeloop van Bantoes na die Oranje-Vrystaatse Goudveld en die swak behuisingstoestande noodsaak dus die skeping van 'n Bantoesake-departement. Die eerste direkteur van Bantoesake aanvaar sy betrekking op 2 Januarie 1951. Daar is onmiddellik begin met die opruiming van die plakkerkamp by Witpan. 'n Terrein vir 'n lokasie is goedgekeur waar die Thabong-Bantoe-woongebied vandag geleë is. In Junie 1951 word die eerste huise in Thabong betrek. 6)

## 2. Die Ligging en Omvang van die Gebied; die grootte en toename van die bevolking.

Thabong is ten ooste van Welkom geleë en is betreklik na aan die Blanke-stadlike gebied. Die lokasie is slegs 3,7 myl vanaf die Blanke-Burgerbestuursentrum. Daar is 'n bufferstrook van ongeveer 600 treë tussen die lokasie en Reitzpark, 'n Blanke-residensiële gebied wat aan die westelike kant van die lokasie geleë is. Ongeveer 'n 100 treë suid van Thabong loop die spoorlyn verby wat Welkom verbind met Hennerman en Virginia wat verder ooswaarts geleë is. Hierdie spoorlyn loop ongeveer parallel met die lokasie. Die provinsiale pad wat Welkom verbind met Virginia loop verder suid onge-

---

5) Ibid., p. 37.

6) Ibid., p. 38.

veer parallel aan die spoorlyn. Hierdie twee verbindingsweë word van mekaar geskei deur 'n onbehoude streek wat 'n wydte het van ongeveer 200 treë. Die mynverhuringgebiede van President Brand en President Steyn word suid van die pad aangetref. Aan die oostelike en noordelike kante word Thabong begrens deur plase.

Die Thabong-Bantoewoongebied wat ongeveer 750 morg groot is, se ontwikkelde gebied beslaan ongeveer 500 morg. Daar is derhalwe 'n gebied van ongeveer 250 morg wat vir toekomstige uitbreiding gereserveer word (sien kaart 18). Die lokasie het 'n totale bevolking van 28,347 Bantoes wat bestaan uit 4083 gesinne. Die dravermoë van die ontwikkelde gedeelte van die lokasie is derhalwe 8 gesinne of naasteby 48 persone per morg. Hierdie syfers vergelyk gunstig met die vereistes wat deur die Departement van Bantoesake gestel word. Volgens die Departement word die dravermoë van 'n lokasie bereken op die grondslag van 12 gesinne of ongeveer 60 persone per morg.<sup>7)</sup>

TABEL 30.<sup>8)</sup>

Die Toename van die Bevolking in die  
Thabong-Bantoewoongebied.

| Jaar | Aantal Bantoes | % Toename. |
|------|----------------|------------|
| 1954 | 11,700         |            |
| 1956 | 14,500         | 24         |
| 1958 | 15,500         | 7          |
| 1960 | 20,200         | 30         |
| 1962 | 22,100         | 9          |
| 1964 | 25,000         | 13         |
| 1966 | 25,700         | 2          |
| 1968 | 28,347         | 10         |

In Tabel 30 word die toename van die Bantoe-

7). Ibid., p. 29.

8). Mediese Gesondheidsbeampte, Jaarverslag van die Mediese Gesondheidsbeampte, Welkom, 1968, p. 85.

bevolking in Thabong aangedui. Vanaf 1954 tot 1968 het die bevolking van die lokasie met meer as 100 persent toegeneem. Hierdie toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vestiging van vreemde Bantoes in die gebied. Die Bantoes is na die Goudveld gelok deur betreklike gunstige werksgeleenthede wat ontstaan het as gevolg van die mynbouontwikkeling. Gedurende die periode wat strek vanaf 1954 tot 1956 neem die bevolking van Thabong toe met 24 persent. In hierdie tydperk het baie arbeiders wat aan die boubedryf verbonde was, hulle in die lokasie gevestig. Vanaf 1956 tot 1958 vermeerder die bevolking van Thabong met slegs 7 persent. Die tydperk wat strek vanaf 1958 tot 1960 toon weereens 'n relatiewe skerp bevolkingstoename van 30 persent. Hierdie toename is ook hoofsaaklik te danke aan die vestiging van vreemde Bantoes in die lokasie. Nywerheidsvestiging het nuwe werksgeleenthede geskep wat dié toename in die bevolking veroorsaak het.

Die sestiger jare weerspieël aan die anderkant 'n **relatiewe** geleidelike bevolkingsgroei. Dit kan toegeskryf word aan streng beheermaatreëls met betrekking tot die vestiging van vreemde Bantoes in stedelike gebiede. Voorts het die werksgeleenthede in hierdie tydperk ook heelwat verminder. Vanaf 1954 tot 1960 styg die bevolking van die Thabong-Bantoewoongebied met 61 persent. Daarteenoor was die toename vanaf 1960 tot 1968 slegs 34 persent. Na verwagting sal hierdie stygende tempo steeds daal omdat die arbeidsaanvraag 'n versadigspunt bereik het. Gevolglik sal die toename van die bevolking in die toekoms hoofsaaklik deur natuurlike aanwas geskied.

### 3. Die Samestelling van die Bevolking.

Die Thabong-Bantoewoongebied het 'n totale bevolking van 28,347 Bantoes. Hierdie Bantoes kan in twee

groepe verdeel word. Aan die eenkant is daar die Bantoes wat op gesinsbasis in woonhuise in die lokasie woonagtig is. Andersyds is daar 'n betreklike groot groep enkellopende Bantoe-mans wat in hostelle in die lokasie gehuisves word.

TABEL 31.

| Aantal Bantoes | Geslag.                        |
|----------------|--------------------------------|
| 4110           | Manlike Volwassenes            |
| 4160           | Vroulike Volwassenes           |
| 7780           | Manlike Kinders onder 18 jaar  |
| <u>7807</u>    | Vroulike Kinders onder 18 jaar |
| <u>23857</u>   | Totaal                         |

In Tabel 31 word die samestelling van die bevolking wat in gesinsverband in woonhuise woon aangedui. Daar is gemiddeld 3.9 kinders per gesin in die lokasie. Hierdie syfer verskil relatief min van die syfer in die getroude kwartiere by die goudmyne. In die getroude kwartiere van die goudmyne is daar gemiddeld 3.5 kinders per gesin.

In die hostelle word daar 4490 enkellopende Bantoe-mans gehuisves. Hierdie mans het nie huisgesinne nie of andersins is hulle gesinne elders buite die Oranje-Vrystaatse Goudveld in lokasies woonagtig.

Volgens kaart 19 word die twee hoof-bevolkings-groepe van die lokasie, die Sotho-groep en die Nguni-groep in twee aparte woonbuurtes gehuisves. Van die totale bevolking van Thabong behoort ongeveer 78 persent tot die Sotho-groep en ongeveer 22 persent tot die Nguni-groep. Daar is aanvanklik op woonbuurtskeiding van die etniese groepe besluit as gevolg van die natuurlike neiging wat die Bantoe van die begin af openbaar het om op etniese grondslag saam te woon. Reeds in

die stadium toe hulle nog na willekeur in die plakkerdorpe 'n woonplek kon saam timmer, het die neiging tot etniese groepering bestaan. Die ooreenstemmende kulture van die verskillende etniese groepe het maklike aanpassing by die eie groep, en derhalwe ook gelukkiger saamwoning, tot gevolg.

In Thabong het die verskillende etniese groepe ook aanvanklik deurmekaar gewoon. Met die toename in die bevolking het die Welkomse plaaslike bestuur egter besluit om die Nguni-groep in 'n aparte woonbuurt in die lokasie te vestig. 'n Aparte woonbuurt is derhalwe in die noordelike gedeelte van die lokasie vir die Nguni-groep aangelê.

#### 4. Geboorte- en Sterftesyfers.

Die geboortesifer in die Thabong-Bantoewoongebied het in 1968 37.9 persone per 1000 bedra. Dit sluit nie die aantal doodgebore babas wat 8.7 per 1000 geboortes bedra het in nie. Die geboortesifer van 37.9 persone per 1000 is betreklik laag indien dit vergelyk word met soortgelyke syfers van ander lokasies in die Oranje-Vrystaat. In die stedelike Bantoewoongebied by Bloemfontein was die geboortesifer vir dieselfde periode 47.8 persone per 1000 terwyl die lokasies van Bethlehem en Kroonstad onderskeidelik geboortesyfers van 52.4 en 43,6 persone per 1000 weerspieël het.<sup>9)</sup> Hierdie relatiewe lae geboortesifer in die Thabong-Bantoewoongebied kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n doelbewuste beleid van die plaaslike owerheid om geboortes te verminder deur middel van geboortebeperkingsmiddels. Geboortebeperkingsmiddels in die vorm van pille word gratis aan die Bantoevrou verskaf. In 1960 bereik die geboortesifer in Thabong 'n hoogtepunt van 46.0 persone per 1000. Hierna daal die syfer egter geleidelik totdat die huidige vlak bereik word.

---

9) Ibid., p. 12.



Die sterftesyfer van die Bantoes in Thabong het in 1968 11,0 persone per 1000 bedra. Hierdie syfer is relatief hoog indien dit vergelyk word met die sterftesyfer van die mynbantoebevolking wat gedurende dieselfde tydperk 3,75 persone per 1000 bedra het. Die hoë sterftesyfer in Thabong kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoë mortaliteit by suigeling en kinders onder die ouderdom van 5 jaar. Die sterftesyfer vir hierdie groepe bedra onderskeidelik 32,3 en 147,6 persone per 1000. Hierdie hoë sterftesyfer word hoofsaaklik veroorsaak deur 'n maagaandoening, gastro-enteritis. In 1968 is meer as 50 persent van die sterfgevälle by kinders onder die ouderdom van 5 jaar deur hierdie siekte veroorsaak.<sup>10)</sup> Gastro-enteritis word hoofsaaklik veroorsaak deur onhigiëniese toestande en wanvoeding. Die sterftesyfer onder die volwassenes in Thabong is ook hoër as die van die mynbantoebevolking omdat daar in die lokasie 'n relatiewe groot aantal betreklike bejaarde Bantoes woonagtig is.

#### RESIDENSIËLE STRUKTUUR.

##### 1. Die Aard en Omvang van die Bantoebehuisingsprobleem.

Die huisvesting van mense is 'n vraagstuk wat in 'n meer of mindere mate die aandag van baie regerings in so te sê alle wêreld dele geverg het. Hierdie probleem het ook in Suid-Afrika in verskeie fasette te voorskyn getree en in baie opsigte nog meer ingewikkeld en kompleks as elders.

In Suid-Afrika het die owerheid voor die probleem te staan gekom om behuising te voorsien aan verskillende rasse-groepe wie se lewenswyse en lewenstandaard geheel-en-al van mekaar verskil het. Inderdaad is 'n groot gedeelte van die bevolking tot betreklik onlangs nog as 'n sub-ekonomiese groep

---

10) Ibid., p. 14.

beskou en moes hulpbehuising teen geweldige finansiële verliese aan hulle verskaf word.<sup>11)</sup>

Reeds so vroeg soos 1903 het die „Zuid-Afrikaanse Naturellenzaken-Commissie“, wat ondersoek ingestel het na die woontoestande van Bantoes, na besoek aan verskeie munisipale lokasies, soos volg verslag gedoen: „De Commissie spreek hare opinie uit dat in vele opzichten hun toestand veel te wenschen overlaat.“<sup>12)</sup> Ook die kommissie wat aangestel is om ondersoek te doen aangaande aanrandings op vroue het bevind dat toestande nie na wense is nie en het aanbeveel „... dat ze in staat gesteld worden om onder reine, behoorlike en gezonde omstandigheden van familie- en maatschappelik leven te kunnen voortbestaan.“<sup>13)</sup> Ook die verslag van die Tuberkulose-Kommissie het daarop gewys dat die meerderheid van die lokasies 'n bedreiging is vir die gesondheid van die inwoners. Die Kommissie het voorts bevind dat dit veral die wonings was wat afkeur verdien het.<sup>14)</sup>

Ten spyte van bostaande verslae het die toestande in die lokasies weinig verbeter en was dit eers gedurende 1918 dat die griep epidemie 'n openbaring gegee het van die haglike toestande waaronder Bantoes in stedelike gebiede geleef het. Hierdie onbevredigende toedrag van sake het aanleiding gegee tot die ondersoek van die Stallardkommissie op wie se aanbevelings daar grootliks gelet is toe die Naturellen (Stadsgebiede) Wet van 1923 aangeneem is. Hierdie wet is later gewysig en gekonsolideer deur die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet nr. 25 van 1945). Die wet bepaal dat 'n plaaslike bestuur spesifieke terreine as woonbuurtes vir Bantoes in stede-

---

11) Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling: Memorandum 1036/313(8) gedateer 3 Augustus 1954, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1954).

12) Ibid.

13) Ibid.

14) Ibid.

like gebiede moet afsonder en huisvesting daarin moet voorsien; persele aan Bantoes vir die bou van huise of hutte kon verhuur; geboue of hutte binne 'n lokasie of Bantodorp vir die huisvesting van Bantoegeesinne kon oprig en werkgewers binne die stadsgebied kon verplig om huisvesting aan hulle Bantowerknemers te verskaf.<sup>15)</sup> Plaaslike besture moet volgens die wet ook geboue oprig ter bevordering van besigheids-, handels- en professionele doeleindes. Voorts moet daar ook voorsiening gemaak word vir water, sanitêre geriewe, beligtings- en paddienste vir sodanige woonhuise en ander geboue in die betrokke lokasies. Plaaslike besture kan lenings vir die finansiering van behuisingskemas van die regering verkry.<sup>16)</sup>

## 2. Bantoebehuisingskemas.

Omdat die huidige Bantoewoongebiede in die Oranje-Vrystaatse Goudveld relatief jonk is, is die swak behuisings-toestande waarna daar in die voorafgaande gedeelte verwys is nooit in hierdie lokasies aangetref nie. Voordat enige vestiging in die Bantoewoongebiede Thabong, Meloding en Kulluanong plaasgevind het, is die gebiede deeglik vooraf beplan deur die onderskeie plaaslike besture. In hierdie beplanning is daar voorsiening gemaak vir al die funksies wat vereenselwig word met stedelike beplanning. Gevolglik was daar nooit enige sprake van natuurlike uitbreiding in hierdie Bantoewoongebiede nie.

In die Thabong-Bantoewoongebied word alle behuising deur die plaaslike bestuur verskaf. Die Bantoes mag nie eie huise oprig of bou nie. Gevolglik het die Bantoes geen eiendomsreg op grond of geboue in die lokasie nie. Die huise word deur die plaaslike owerheid opgerig op erwe wat 'n oppervlakte van ongeveer 3,000 vierkante voet beslaan. Die Bantoes

---

15) Ibid.

16) Ibid.

huur dan die huise van die plaaslike bestuur teen 'n nominale huur. Die huise is relatief klein en eenvoudig van ontwerp. Al die woonhuise het min of meer dieselfde voorkoms. Dit bestaan uit 'n langwerpige geboutjie wat deur dwarsmure in verskillende vertrekke verdeel word. Die boumateriaal is van 'n betreklike lae gehalte. Bouwerk word hoofsaaklik met behulp van Bantoe-arbeid verrig. Die inwoners kan egter met die toestemming van die plaaslike bestuur verbeterings aan die huise aanbring.<sup>17)</sup>

Op die huidige stadium is daar drie behuisingskemas naamlik die erf-en-diensskema, die ekonomiese behuisingskema en die sub-ekonomiese behuisingskema. Erf-en-diensskemahuise en ekonomiese huise word bewoon deur die meer gegoede Bantoes. Die sub-ekonomiese huise word aan die anderkant bewoon deur minder gegoede Bantoes. Woonhuise van dieselfde soort word oor die algemeen saam in woonwyke aangetref. Daar kan derhalwe onderskei word tussen gegoede en minder gegoede woonwyke. Die verskille tussen die woonwyke word hoofsaaklik bepaal deur die huurgeld wat gehef word. Die maandelikse huur van erf-en-diensskemahuise en ekonomiese huise is relatief hoog terwyl die huur van die sub-ekonomiese huise relatief laag is. By die vasstelling van die huurgeld is die rentekoers wat die plaaslike bestuur op die lening moet betaal wat vir die behuisingskema gebruik word van deurslaggewende belang. Lenings word van die regering verkry. Die rentekoers vir die oprigting van 'n erf-en-diensskemahuise en ekonomiese huise bedra  $6\frac{1}{2}$  persent oor 'n termyn van 30 jaar. In die geval van sub-ekonomiese huise is die rentekoers gewoonlik 'n  $\frac{3}{4}$  persent oor 'n delgingstydperk van 40 jaar. By die toekenning van 'n bepaalde soort huis word die inkomste van die Bantoe inaggeneem. 'n Bantoe wat R25 of meer per maand verdien moet 'n ekonomiese huur betaal. Hierdie

---

17) Inligting deur Welkom se Direkteur van Bantoesake verstrekk.

inkomste groep word gehuisves in erf-en-diens of ekonomiese wonings. Bantoes wat egter minder as R25 per maand verdien betaal 'n sub-ekonomiese huur en word gehuisves in sub-ekonomiese huise.<sup>18)</sup> Daar sal later weer na die huurgelde verwys word.

Daar word nou oorgegaan tot 'n bespreking van die verskillende Bantoebehuisingskemas wat deur die regering aanbeveel word. Die aanpassing van die onderskeie skemas in die onderhawige lokasie word daarna ook behandel.

i) Erf-en-diensskema.

Erf-en-diensskema behels die nuutste poging wat aangewend word om onbeheerde Bantoebehuising in stedelike gebiede aan bande te lê. Dit omvat die beskikbaarstelling van persele in 'n goedgekeurde lokasie of Bantoewoongebied wat alreeds voorsien is van elementêre dienste soos gemeenskaplike waterkrane, ongeteerde paaie, straatbeligting vir die hoofstrate en sanitêre geriewe. Sodra genoemde dienste voorsien is, kan die perseel op een van die volgende wyses bewoon word afhangende van die plaaslike bestuur.

- a) Die huurder kan 'n tydelike hut in die hoek van die perseel oprig.
- b) Die huurder van die perseel kan 'n kontrakteur bekom om vir hom 'n huis te bou.
- c) Die huurder kan sy eie huis oprig indien hy daartoe in staat is.
- d) Die plaaslike bestuur kan tydelik enkelkamer eenhede op die perseel oprig en dit dan aan die Bantoes verhuur.
- e) Die plaaslike bestuur kan materiaal voorsien vir die oprigting van een tydelike vertrek wat later in die permanente woning geïnkorporeer kan word.

---

18) Inligting deur Welkom se Direkteur van Bantoesake verstrek.

f) Die plaaslike bestuur gaan onmiddellik voort met die oprigting van wonings op die persele. Hierdie wonings kan dan op huurkoopbasis aan die Bantoes verkoop word of andersins kan dit aan hulle verhuur word.<sup>19)</sup>

In die Thabong-Bantoewoongebied word die laaste behuisingsmetode gevolg. Viervertrek-woonhuise wat 'n oppervlakte van 600 vierkante voet beslaan, word deur die plaaslike bestuur opgerig op persele wat alreeds voorsien is van die elementêre dienste waarna daar vantevore verwys is. Die huise word dan aan die Bantoes verhuur teen R6,25 per maand. In die praktyk kom hierdie behuisingsmetode wat deur die plaaslike owerheid gevolg word in der waarheid neer op ekonomiese behuising.

In Oktober 1968 was daar 2,000 erf-en-diensskemahuise in Thabong. Hierdie huise word in drie aparte woonwyke aangetref wat onderskeidelik geleë is in die noordelike gedeelte, in die suidelike gedeelte en die sentrale gedeelte van die lokasie. In die noordelike woonbuurt is daar 329 erf-en-diensskema woonhuise terwyl daar in die suidelike woonwyk 681 van hierdie huise is. In die sentrale gedeelte van Thabong is daar 1,000 erf-en-diensskemahuise. Hierdie 1,000 huise is gedurende 1967 en 1968 deur die plaaslike bestuur opgerig. Dit het 'n ooswaartse uitbreiding van die sentrale residensiële gebied van die lokasie teweeggebring. Die erf-en-diensskema woonbuurtes is ontwikkel nadat die ekonomiese en sub-ekonomiese huise opgerig is. Aangesien uitbreiding in Thabong vanaf die suidwestelike hoek van die lokasie plaasgevind het, word laasgenoemde woonbuurtes gevolglik deur die erf-en-diensskema woonbuurtes omring. Die erf-en-diensskema woonwyke het derhalwe min of meer 'n randligging in die residensiële gebied van die lokasie (sien kaart 18).

---

19) Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling:  
Memorandum 1036/313(8) gedateer 3 Augustus 1954, (Pretoria :  
Die Staatsdrukker, 1954)



ii) Sub-ekonomiese Behuising.

Wanneer 'n stedelike plaaslike bestuur daarvan oortuig is dat daar 'n sub-ekonomiese groep Bantoes in sy gebied is wat gehuisves moet word, kan hy by die Bantoebehuisingsraad aansoek doen om 'n hulpbehuisingslening. Die Bantoebehuisingsraad vorm deel van die sentrale regering se Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling. Dit is egter onwaarskynlik dat die Bantoebehuisingsraad op die huidige stadium so 'n lening sal toestaan as gevolg van die lae oprigtingskoste en betreklike hoë winsgewendheid van die ander behuisingskemas. Die regering is voorts van mening dat die lone van Bantoes in stedelike gebiede sodanig is dat dit nie sub-ekonomiese behuising regverdig nie.<sup>20)</sup>

In die Thabong-Bantoewoongebied is daar 1,500 viervertrek sub-ekonomiese woonhuise. Slegs 292 van hierdie huise word egter teen 'n sub-ekonomiese huur verhuur wat wissel tussen R4.50 en R5.00 per huis per maand. Die huur wissel na gelang die lone van die bewoners wissel. Die 292 sub-ekonomiese huise is saam met 104 ekonomiese huise in 'n woonwyk opgerig wat op kaart 18 as ongelykscortige wooneenhede aangedui word. Dit is die eerste woonwyk wat deur die plaaslike bestuur in die lokaasie ontwikkel is. Die huise in die woonbuurt is derhalwe van 'n relatiewe swak gehalte en ook effens kleiner as die ander wooneenhede.

Die oorblywende 1,208 sub-ekonomiese huise word verhuur teen 'n ekonomiese huur van R5.75 per maand. Die huise is groter en van 'n beter gehalte as die vorige groep. Uit voorafgaande blyk dit dat daar in Thabong 'n relatiewe klein aantal Bantoes is wie se lone sub-ekonomiese behuising regverdig. Enige verdere oprigting van sub-ekonomiese wooneenhede kan derhalwe nie in die vooruitsig gestel word nie.

---

20) Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling: Skrywe 202/313(c)(1) gedateer 15 Mei 1958, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1958).

iii) Ekonomiese Behuising.

Daar is 504 ekonomiese huise in Thabong. Van hierdie huise is 104 geleë in die ongelyksoortige woonwyk waarna daar reeds verwys is. Hierdie huise het 'n oppervlakte van 650 vierkante voet en word verhuur teen R6.15 per maand. Die oorblywende 400 huise is geleë in die sentrale woonwyk. Hierdie huise het 'n oppervlakte van 750 vierkante voet en die huur-geld bedra R7.25 per maand. <sup>21)</sup> Dit is dan ook die grootste huise in Thabong en die woonbuurt kan beskou word as die gegoede woonbuurt van die lokasie.

iv) Behuising vir enkellopende Bantoes.

Naas bovermelde bevoegdhede van die stedelike plaaslike bestuur ten opsigte van Bantoes in die stedelike gebiede wat 'n gesinslewe lei, kan 'n stedelike plaaslike bestuur vir Bantoes wat nie 'n gesinslewe lei nie een of meer geboue of groepe geboue of hutte oprig.

In die Thabong-Bantoewoongebied is daar vier sulke hostelle vir enkellopende Bantoes. 'n Hostel is saamgestel uit 'n groep hutte wat elk 'n oppervlakte van 2,000 vierkante voet beslaan. Met die huidige inwonertal soos dit aangegee word in Tabel 32 het elke Bantoe dus ongeveer 100 vierkante voet tot sy beskikking.

TABEL 32. <sup>22)</sup>

| Hostel | Aantal Hutte | Aantal Inwoners | Aantal Inwoners per hut. |
|--------|--------------|-----------------|--------------------------|
| A      | 52           | 1,000           | 19.2                     |
| B      | 51           | 950             | 18.6                     |
| C      | 61           | 1,290           | 21.1                     |
| D      | 61           | 1,250           | 20.4                     |

21) Inligting deur Welkom se Direkteur van Bantoesake verstrek.

22) Inligting deur Welkom se Direkteur van Bantoesake verstrek.

### 3. Samevatting,

In die Thabong-Bantoewoongebied is daar 4,004 wooneenhede. Die erwe is relatief klein. Gevolglik is die huise betreklik na aanmekaar geleë. In die beboude woonbuurt is daar geen oop erwe nie. Die gebied is derhalwe relatief dig bebou. Daar is wel 'n mate van ruimte tussen twee wooneenhede, maar te min vir behoorlike belugting, lig en beweegruimte, indien daar 'n derde woning van naastenby dieselfde grootte tussenin opgerig sou word. Hoewel verdere bebouing nie onmoontlik is nie, is dit onprakties.

Kenmerkend van die gebied is die eweredige verspreiding van die bevolking. Die bewoningsintensiteit toon bykans geen wisseling nie. Daar word gemiddeld ses persone per wooneenheid aangetref. Dit weerspieël 'n syfer van 100 vierkante voet per persoon. Daar is dus geen woonbuurt waarin daar relatief gesproke oorbevolking voorkom nie. Dit is hoofsaaklik te danke aan die doeltreffende beplanning en beheer van die lokasie deur die plaaslike owerheid.

#### KOMMERSIËLE STRUKTUUR.

##### 1. Proudfoot se Konsep van die Kleinhandelstruktuur,

Volgens Proudfoot <sup>23)</sup> bevat die meeste stede vyf soorte kleinhandelstrukture:

###### i) Die Sentrale Sakekern.

In die sentrale sakekern van 'n stedelike gebied word die meeste sake gedoen en verdiepingsgeboue kom oorheersend voor. In die gebied wedywer kleinhandelaars gewoonlik om persone wat langs die toeganklikste strate en op strategiese punte voorkom. Sekere ondernemings wat dienste lewer, word in ver-

---

23) Proudfoot, L.J., "City Retail Structure", in Economic Geography, vol. 13, Okt. 1937, pp 425 - 428.

diepings bokant die winkels aangetref. Residensiële bewoning is hoofsaaklik beperk tot verspreide hotelle.

Aangesien die kommersiële kerngebied al die verskillende kleinhandelondernemings bevat, is die klante vanaf al die stadswyke en selfs omliggende dorpe afkomstig. Die ondernemings bestaan hoofsaaklik uit groot afdelingswinkels, vroue- en mansuitrusters, meubel-, skoen- en juwelierswinkels, restaurante, apteke en ondernemings wat in alledaagse lewensbehoefte voorsien.

Aangesien werknemers en voornemende klante hierdie kerngebied daagliks besoek, sentreer intrastedelike vervoerdienste in die sentrale kerngebied.

ii) Die Verderliggende Sakegebied.

Dit is 'n kleiner sentrale sakekern wat ontwikkel by belangrike verkeerspunte van intrastedelike verkeer. Voornemende kopers is nie oral in die stedelike gebied versprei nie, Klante is egter dikwels van verderliggende gebiede afkomstig. Die voetgangerverkeer word deur mense wat van massavervoerdienste gebruik maak, vergroot. Hierdie sakegebied bevat gewoonlik slegs een afdelingswinkel, vroue- en mansuitrusters, meubel-, skoen- en juwelierswinkel asook winkels wat in die alledaagse lewensbehoefte voorsien.

iii) Die Hoof Sakedeurweg.

Hierdie sakegebied is geleë in 'n straat wat tege-lykertyd as sakedeurweg en as verkeersweg dien. Hier word hoofsaaklik alledaagse lewensbehoefte verkoop. Weens voldoende parkeergeriewe word 'n aantal klante wat van die deurweg gebruik maak, gelok. Die druk verkeer is afkomstig van die residensiële uitbreidings. Die sakedeurweg word deur groot winkels, waar wye tussenruimtes voorkom, gekenmerk.

iv) Die Omgewingsakestraat.

Hierdie sakesentrum word gewoonlik op die hoofverkeersroete van 'n residensiële uitbreiding aangetref. Die winkels is binne loopafstand van die residensiële gebied. 'n Kenmerk van hierdie kleinhandelsentrum is die teenwoordigheid van kruidenierswinkels, slaghuise, vrugte- en groentewinkels, apteke en winkels wat in alledaagse lewensbehoefte voorsien.

v) Die Afgesonderde Kleinhandelondernemings.

Hierdie ondernemings verskaf aanvullende goedere soos kruideniersware, aptekersware, vleis en groente. Gewoonlik is daar net een winkel of kafee en die klante is binne loopafstand daarvan woonagtig. Die ondernemings wedywer nie met mekaar nie, maar is veel eerder aanvullend.

'n Proses van kommersiële desentralisasie waaruit subsentra sodoende gevorm word, is te bespeur. Volgens Nel<sup>24)</sup> is desentralisasie egter nie altyd die oorsaak van dergelike kommersiële subsentra nie. Soms is 'n bepaalde gebied in die buitewyke van 'n dorp besonder geskik vir handelsbedrywighede eenvoudig omdat dit by 'n strategiese verkeersknoop lê, of omdat die lokaliteit uitermate toeganklik is vanuit 'n groot Kleurling- of Bantoewoongebied.

2. Die Kommersiële Funksie in die Thabong-Bantoewoongebied.

Proudfoot se konsep van die kleinhandelstruktuur kan nie in sy geheel in die lokasie onderskei word nie, omdat Thabong merendeels 'n residensiële gebied is wat deel vorm van die Blanke-nedersettingsgebied. Van die vyf soorte kleinhandelstrukture wat hy beskryf het, kan slegs een soort in Thabong waargeneem word, naamlik die omgewingsakestraat-kleinhandelondernemingstruktuur. By die oorspronklike beplanning van die Bantoewoongebied

---

24) Nel, A., "Worcester: 'n Proefneming in Funksionele Differensiasie", in S.A. Geographical Journal, vol. 34, Des. 1952, pp. 63 - 77.

deur die plaaslike bestuur is daar slegs voorsiening gemaak vir enkele sakepersele op die hoofverkeersroetes in die verskillende woonwyke. Gevolglik kan daar geen werklike groot, gekonsentreerde sakesentrums in die lokasie onderskei word nie. Op die huidige stadium is daar nege sake-ondernemings in Thabong. Dit sluit twee biertuine wat deur die plaaslike bestuur beheer word in. Hierdie nege ondernemings is in vier afsonderlike sakesentrums geleë. Die ondernemings is relatief klein en voorsien net in alledaagse lewensbehoefte.

Hierdie gebrekkige ontwikkeling van die kommersiële funksie in Thabong kan egter nie aan die afwesigheid van sakepersele toegeskryf word nie. Die oorsaak is veel eerder die gebrek aan Bantoe-entrepreneurs en kapitaal asook die feit dat die lokasie bloot 'n aanhangsel is van 'n groter Blanke-nedersettingsgebied. Die gebrekkige groei van sakebedrywighede in Thabong het daartoe gelei dat daar 'n sakesentrum net buite die lokasie ontwikkel het. Hierdie sakesentrum, wat deur Blanke-ondernemers beheer word, spesialiseer in Bantoe-handelsware. Op die huidige stadium is daar derhalwe nie 'n behoefte aan grootskaalse kommersiële ontwikkeling in die Thabong-Bantoe-woongebied nie.

#### VERSPREIDE FUNKSIES.

##### 1. Opvoedkundig.

Alvorens daar 'n studie van die onderwys in Thabong gemaak word, is dit noodsaaklik om ten aanvang enkele statistieke in oënskou te neem.

TABEL 33.

#### Leerlingtal van Bantoeskole in Thabong.

| <u>Skool</u>          | <u>Onderwysers</u> | <u>Leerlinge</u> | <u>Aantal Leerlinge per Onderwyser.</u> |
|-----------------------|--------------------|------------------|---|
| Hoërskool Iketsetseng | 24                 | 1,416            | 59.0                                    |
| Hoërskool Lebogang    | 10                 | 364              | 36.4                                    |
| Laerskool Thabong     | 25                 | 2,113            | 84.5                                    |
| Laerskool Tswelopelo  | <u>13</u>          | <u>1,154</u>     | <u>88.7</u>                             |
|                       | <u>72</u>          | <u>5,047</u>     | <u>70.0</u>                             |



Daar is twee laerskole en twee hoërskole in Thabong. Die laerskole het 'n leerlingtal van 3,267 terwyl die hoërskole 'n leerlingtal van 1,780 het.

Uit Tabel 33 blyk dit dat daar 'n relatiewe groot aantal leerlinge per onderwyser aanwesig is. In die twee laerskole is daar gemiddeld 86.6 leerlinge per onderwyser. In die twee hoërskole is daar gemiddeld 47.7 leerlinge per leerkrag. Dit weerspieël 'n betreklike groot tekort aan onderwysers aangesien die Departement van Bantoe-onderwys ongeveer 35 leerlinge per leerkrag vereis. <sup>25)</sup>

Die mees opvallende aspek in die lokalisasie van die opvoedkundige inrigtings in Thabong is dat die skole 'n sentrale ligging in die woonbuurtes het. Die skole is derhalwe so geleë dat dit binne maklike loopafstand vanaf die residensiële gebiede is. Die omgewings waarin die skole geleë is, is voorts betreklik stil en sonder verkeer. Die terreine van die onderskeie skole is betreklik groot. Daar is derhalwe voldoende speelruimte vir die kinders. Elke skool het ook sy eie sportvelde.

## 2. Sport en Ontspanning.

By die beplanning van die Thabong-Bantoewoongebied is daar heelwat aandag aan ontspanningsfasiliteite gegee. In elke woonbuurt is daar voldoende parke en oop terreine wat as ontspanningsgeriewe gebruik kan word. Voorts is daar ook 'n betreklike groot sportterrein in die noordelike gedeelte van die lokasie, waar daar onder andere geriewe is vir sokker, tennis en atletiek.

## 3. Openbare Kantore en Openbare Dienste.

Wat hierdie funksies betref, is dit opmerklik dat daar in die lokasie 'n sentraliserende neiging ondervind word.

---

25) Inligting verskaf deur die Inspekteur van Bantoe-onderwys, Welkom.

Die funksies is gesentreer op die randgebied van die woongebied. Hierdie dienste is in Thabong geleë naby die hoofingang van die lokasie in die hoofstraat wat die Bantoewoongebied met die Blankeareas verbind.

Uit die aard van hulle funksies is hierdie sentrale randligging besonder doeltreffend. In Thabong het die administrasiekantore, die kliniek, die polisiestasie en die wieg 'n dergelike ligging.

Die kerkhof het noodwendig weens sy aard en omvang ook 'n randligging. In Thabong is die begraafplaas in die noordelikste hoek van die lokasie geleë.

#### 4. Kerklik.

Elf denominasies het kerkgeboue in Thabong. Die kerke het 'n verspreide ligging in die lokasie. Die meeste van die kerke is langs parke geleë wat derhalwe stilte gedurende dienste verseker.

### VERKEER AS GEINTEGREERDE FUNKSIE.

#### 1. Straatfunksies.

Kenmerkend van die Thabong-Bantoewoongebied is die reëlmatige straatpatroon in soverre die reghoek oorwegend gebruik word by blokvorming. Die straatnetwerk verbind in die besonder werksplek en woonplek met mekaar. Voorts verbind dit ook die kinders met die skole. Die straatnetwerk is ook die media waarlangs die gebiedsinvloede, hetsy administratief, kultureel of kommersieël, beweeg.

#### 2. Tipes Straatverkeer.

Verreweg die belangrikste verkeersoort is die tussen woning en werk. Dit sluit die beweging van kinders na die skole in. Hierdie soort verkeer het daaglikse spitsure tussen ongeveer 6.30 voormiddag en 8.30 voormiddag en weer tussen 4.30 en 6.30 namiddag tot gevolg. 'n Kleinere verkeerspits word ook

tussen 12 namiddag en 2 namiddag ondervind.

### 3. Vervoermiddels en Vervoervolume.

In Thabong kan daar basies twee soorte vervoermiddels onderskei word. In die eerste plek is daar die openbare vervoerstelsel. Hierdie stelsel bestaan uit busse wat vaste roetes volg op gesette tye terwyl dit ongeveer dieselfde volume vervoer. In die tweede plek is daar die private vervoerstelsel wat bestaan uit private motors en fietse.

Daar word daaglik ongeveer 1,860 werkers vanaf Thabong na die Welkomse stedelike gebied deur die openbare vervoerstelsel vervoer. Die grootste persentasie van hierdie passasiers bestaan uit Bantoevroue omdat die werksplekke van die Bantoeemans oor die algemeen maklik te voet of per fiets bereik kan word.

Daar is relatief min motors in private besit. In Thabong is daar slegs 380 private motor-eienaars. Uit voorgaande blyk dit derhalwe dat daar relatief min swaar verkeer in die lokasie self is omdat daar relatief min motorbesitters is. Voorts maak die openbare vervoerstelsel ook hoofsaaklik van die hoofstraat gebruik wat die lokasie met die Blanke-areas verbind. Dit is dan ook net hierdie hoofroete wat 'n geteerde oppervlakte het. Die verkeer in die lokasie self bestaan hoofsaaklik uit fietse.

## WERKVERSKAFFING AAN DIE STEDELIKE BANTOEBEVOLKING VAN THABONG.

### I. Die verbreiding van die Nywerhede met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

#### 1. Inleiding.

In al vier die Goudveldse dorpe is daar voorsiening gemaak vir nywerheidsgebiede, maar tans is nywerheidsontwikkeling nog hoofsaaklik tot Welkom beperk.

Gepaardgaande met die ontwikkeling van die mynboubedryf het nywerheidsontwikkeling plaasgevind. Die eerste nywer-

hede wat in die Welkomse stedelike gebied gevestig is, was hoofsaaklik pakhuis van landswye organisasies wat hulle hoofkantore in Johannesburg gehad het.

Sedert die begin van die vyftigerjare het vervaardigingsnywerhede egter geleidelik tot stand gekom. Vestiging het versnel sodat die huidige posisie bereik is van 110 geregistreerde nywerheidsondernemings.<sup>26)</sup>

## 2. Die Ligging.

Groot getalle Bantoewerknemers word deur die nywerhede in diens geneem. Om vervoerprobleme uit te skakel is dit baie voordelig indien die Bantoewoongebied betreklik na aan die nywerheidsgebied geleë is. Die Welkomse nywerheidsgebied is baie gunstig geleë met betrekking tot die Thabong-Bantoewoongebied. Die afstand van ongeveer 1 n myl tussen Thabong en die nywerheidsgebied kan maklik te voet deur die werknemers afgelê word.

## 3. Klassifikasie.

Die Departement van Sensus en Statistiek klassifiseer die sekondêre nywerhede in Suid-Afrika in 17 hoofgroepe wat elk weer onderverdeel word in onderafdelings. Met inagneming van die soorte nywerhede soos dit aangetref word in die Welkomse nywerheidsgebied is die klassifikasie vereenvoudig tot ses hoofgroepe.

- i) Die verwerking van landbouprodukte wat hoofsaaklik melk, vleis en graansoorte insluit.
- ii) Die vervaardiging en voorsiening van produkte van hout, klip, klei en glas.
- iii) Metaalwerke en die verwerking van metaal; ingenieursbedrywe; die vervaardiging van instrumente en gereedskap en motorherstelwerke.
- iv) Die afdeling bou- en konstruksiewerke.
- v) Chemiese bedrywe.
- vi) Allerlei.

26) Inligting verstrek deur die Skakelbeampte van Welkom se Stadsraad.

i) Landbouprodukte.

Van die totale aantal van 110 ondernemings wat geregistreer is onder die fabriekswet is slegs 10 gebaseer op die landbou. Hierdie 10 ondernemings sluit in meulens, bakkerie en roomys- en roomfabrieke.

Die twee grootste werkverskaffers is:

- a) Oranje Koelkamers ..... 400 Bantoewerknemers.
- b) Welkom Milling Co. Ltd..... 320 Bantoewerknemers.

ii) Hout, Klip, Klei en Glaswerke.

Nywerhede wat met klip en klei geassosieer word is hoofsaaklik klipbrekery, steenmakery en grafsteenmakers. Daar is vyf dergelike ondernemings in die gebied.

Industrieë wat op hout gebaseer is varieer van die saag van vuurmaakhout tot die verskaffing van mynbou-, konstruksie- en huishoudelike materiaal. Daar is twaalf sulke ondernemings.

Geen glasfabrieke word aangetref nie.

Die grootste werkverskaffers is:

- a) Federated Timbers ..... 100 Bantoewerknemers.
- b) K. & L. Timbers ..... 60 Bantoewerknemers.
- c) Stone & Allied Ltd..... 55 Bantoewerknemers.

iii) Metaal- en Ingenieurswerke.

As gevolg van die mynboubedryf is hierdie afdeling relatief belangrik. Die ondernemings is hoofsaaklik gebaseer op die onmiddellike behoeftes van die goudmyne. Die vernaamste werkverskaffers in hierdie afdeling is:

- a) Boart & Hard Metals ..... 410 Bantoewerknemers.
- b) Kimberley Eclipse Engineering... 200 Bantoewerknemers.
- c) Welkom Engineering ..... 110 Bantoewerknemers.
- d) Universal Metal Merchants ..... 90 Bantoewerknemers.
- e) Robreid Engineering ..... 40 Bantoewerknemers.

iv) Bou- en Konstruksiewerke.

Dit is vanselfsprekend dat in 'n ontwikkelende gemeenskap bou- en konstruksiebedrywighede 'n belangrike rol sal speel. Die grootste werkverskaffers in die afdeling is:

- a) Hunt, Leuchars & Hepburn ..... 994 Bantoewerknemers.
- b) Roberts Construction ..... 873 Bantoewerknemers.
- c) L.T.A. Organisation ..... 200 Bantoewerknemers.
- d) Reunert & Lenz Co., Ltd..... 150 Bantoewerknemers.

v) Chemiese Bedrywe.

Hierdie afdeling is relatief onbelangrik met 'n soutfabriek, drie motorband-versolingsondernemings, droogskoonmaakfabrieke, 'n suurdeegfabriek en 'n vermiculietfabriek as vernaamste verteenwoordigers. Die vernaamste werkverskaffers is:

- a) Vemm Vermiculite Works (Pty) Ltd... 110 Bantoewerknemers.
- b) Free State Yeast (Pty) Ltd..... 80 Bantoewerknemers.

vi) Allerlei.

Nywerhede wat onder hierdie afdeling ressorteer is relatief onbelangrik met twee drukkerye, 'n bekleedsel-werkswinkel en twee koel drankfabrieke as vernaamste verteenwoordigers.

4. Samevatting.

Tabel 34 dui die totale aantal Bantoes wat in die ses hoof nywerheidsgroepe werksaam is, aan.



TABEL 34, 27)

| Nywerheid                         | Aantal<br>Bedrywe | Aantal<br>Bantoes | Gemiddelde Hoeveelheid<br>Bantoes per Bedryf. |
|-----------------------------------|-------------------|-------------------|---|
| Landbou                           | 10                | 2,567             | 256.7   |
| Hout, Klip, Klei<br>en Glaswerke  | 17                | 952               | 56  |
| Metaal en Ingenieurs-<br>afdeling | 55                | 2,890             | 52  |
| Bou en Konstruksie                | 6                 | 3,950             | 658.3   |
| Chemiese Bedrywe                  | 8                 | 745               | 93.1  |
| Allerlei                          | <u>14</u>         | <u>430</u>        | <u>30.7</u>                                   |
|                                   | <u>110</u>        | <u>11,524</u>     | <u>104.5</u>                                  |

Veral opvallend is die groot hoeveelhede Bantoes wat betrokke is by die landbou en bou- en konstruksiebedrywe. Die aard van die nywerhede is sodanig dat groot hoeveelhede ongeskoolde arbeiders benodig word. Die ander kategorieë het relatief min Bantoes in diens omdat die vraag meer na geskoolde arbeid is wat deur Blankes verrig word. Die onderskeie nywerhede het gemiddeld 104.5 Bantoe-arbeiders in diens. Die bedrywe is derhalwe relatief groot.

## II. Die Verbreding van Klein- en Groothandelaars met Betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

In die Welkomse stedelike gebied is daar 622 klein- en groothandelaars. Die ondernemings bestaan hoofsaaklik uit afdelingswinkels en spesialiteitswinkels. Hierdie 622 ondernemings het gesamentlik 2,820 Bantoes in diens. Dit weerspieël 'n gemiddeld van ongeveer 4.5 Bantoes per onderneming.

27) Alle inligting en statistiek in verband met die werkverskaffing aan Bantoes in die nywerhede is deur Welkomse Direkteur van Bantoesake verstrek.

III. Die Verbreding van Openbare Dienste met Betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

Die plaaslike bestuur, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Polisie het ook betreklik groot hoeveelhede Bantoes in diens. Die Welkomse plaaslike bestuur is in hierdie afdeling die grootse werkverskaffer met 665 Bantoes in diens. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Polisie het onderskeidelik 310 en 280 Bantoes in diens.

IV. Werkverskaffing aan Bantoevroue.

Daar is ongeveer 3,000 Bantoevroue wat as huisbediendes werksaam is in die Welkomse stedelike gebied. Voorts woon daar ook ongeveer 2,500 Bantoevroue in die Blankewoongebied. Hierdie vroue, wat ook as huisbediendes werk, is woonagtig op die persele van die Blanke-werkgewers.

B. Kulluanong.

1. Historiese Oorsig.

Voor die ontdekking van goud in die huidige Oranje-Vrystaatse Goudveld was daar 'n lokasie ongeveer drie myl ten weste van die destydse dorpie Odendaalsrus. Hierdie lokasie was slegs 'n plakkerdorp waarin daar in 1940 ongeveer 700 Bantoes gewoon het. Na die ontdekking van goud in 1946 het die geriewe wat die lokasie kon bied spoedig onvoldoende geblyk te wees. 'n Terrein vir 'n nuwe Bantoewoongebied is in 1948 deur die plaaslike bestuur goedgekeur waar die huidige Kulluanong-Bantoewoongebied vandag geleë is. In Mei 1949 word die eerste huise in Kulluanong betrek.<sup>28)</sup>

2. Die Ligging en Omvang van die Gebied, die Grootte en Toename van die Bevolking.

---

28) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, op. cit., p. 29.

TABEL 35.

Die Toename van die Bevolking in die  
Kulluanong-Bantoewoongebied.

| Jaar | Aantal Bantoes | % Toename. |
|------|----------------|------------|
| 1950 | 5,000          |            |
| 1952 | 7,000          | 40         |
| 1954 | 8,500          | 21         |
| 1956 | 9,200          | 8          |
| 1958 | 10,000         | 8          |
| 1960 | 10,500         | 5          |
| 1962 | 10,900         | 4          |
| 1964 | 11,100         | 2          |
| 1966 | 11,300         | 2          |
| 1968 | 11,600         | 3          |

In Tabel 35 word die toename van die Bantoebevolking in Kulluanong aangedui. Vanaf 1950 tot 1968 het die bevolking van die lokasie met ongeveer 130 persent toegeneem. Hierdie toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vestiging van vreemde Bantoes in die gebied. Die Bantoes is na die Goudveld gelok deur betreklike gunstige werksgeleenthede wat ontstaan het as gevolg van die mynbouontwikkeling. Vanaf 1950 tot 1960 styg die bevolking van die lokasie met 82 persent. Die vooruit-  
sigte van betreklike groot mynbouontwikkelings het hierdie relatiewe skerp styging veroorsaak. Hierdie ontwikkelings het egter nie plaasgevind nie. Gevolglik was die toename vanaf 1960 tot 1968 slegs 11 persent.

3. Die Samestelling van die Bevolking.

Die Kulluanong-Bantoewoongebied het 'n totale bevolking van 11,600 Bantoes. Hierdie Bantoes is almal op gesinsbasis in die lokasie woonagtig.

Kulluanong is ten ooste van Odendaalsrus geleë en is relatief ver vanaf die Blanke-dorpsgebied. Die lokasie is ongeveer 7.6 myl vanaf die Blanke-Burgerbestuursentrum. Die gebied tussen die lokasie en die Blankedorpsgebied word beslaan deur plase. Aan die noorde en aan die ooste word Kulluanong ook begrens deur plase. Die provinsiale pad wat Odendaalsrus met Kroonstad in die ooste verbind loop suid van Kulluanong verby. Daar is 'n bufferstrook van ongeveer 1,000 treë tussen die lokasie en hierdie pad.

Die Kulluanong-Bantoewoongebied, wat ongeveer 600 morg groot is, se ontwikkelde gebied beslaan ongeveer 400 morg. Daar is derhalwe 'n gebied van ongeveer 200 morg wat vir toekomstige uitbreiding gereserveer word (sien kaart 20). Die lokasie het 'n totale bevolking van 11,600 Bantoes wat bestaan uit 2,200 gesinne. Die dra vermoë van die ontwikkelde gedeelte van die lokasie is derhalwe ongeveer 6 gesinne of naasteby 36 persone per morg. Hierdie syfer vergelyk gunstig met die van die Thabong-Bantoewoongebied wat 'n dra vermoë van 8 gesinne of naasteby 48 persone per morg het. Die laer digtheidsyfer van Kulluanong word hoofsaaklik veroorsaak deur die groter erwe in die lokasie. Die erwe in die Bantoewoongebied het 'n oppervlakte van ongeveer 4,000 vierkante voet. In Thabong het die erwe 'n oppervlakte van ongeveer 3,000 vierkante voet. Voorts is daar ook betreklike groot areas in die ontwikkelde gedeelte van die lokasie wat nog nie bebou is nie.<sup>29)</sup>

---

29) Alle inligting en statistiek in verband met die Kulluanong-Bantoewoongebied is verskaf deur die Direkteur van Bantoesake, Odendaalsrus.

TABEL 36.

| Aantal Bantoes | Geslag.                        |
|----------------|--------------------------------|
| 2010           | Manlike Volwassenes            |
| 2430           | Vroulike Volwassenes           |
| 3600           | Manlike Kinders onder 18 jaar  |
| <u>3560</u>    | Vroulike Kinders onder 18 jaar |
| <u>11,600</u>  | TOTAAL.                        |

In Tabel 36 word die samestelling van die bevolking in Kulluanong aangedui. Daar is gemiddeld 3,3 kinders per gesin in die lokasie. Hierdie syfer verskil relatief min van die syfer in die Thabong-Bantoewoongebied wat 3,9 kinders per gesin bedra.

Volgens kaart 21 word die twee hoof-bevolkingsgroepe van die lokasie, die Sotho-groep en die Nguni-groep, in twee aparte woonbuurtes gehuisves. Van die totale bevolking van Kulluanong behoort ongeveer 82 persent tot die Sotho-groep en ongeveer 18 persent tot die Nguni-groep. Die ooreenstemmende kulture van die verskillende etniese groepe het maklike aanpassing by die eie groep, en derhalwe ook gelukkiger saamwoning tot gevolg. Die plaaslike bestuur het derhalwe reeds by die oorspronklike beplanning van die lokasie vir aparte woonbuurtes voorsiening gemaak.

#### 4. Geboorte- en Sterftesyfers.

Die geboortesyfer in die Kulluanong-Bantoewoongebied het in 1968 36,8 persone per 1,000 bedra. Dit sluit nie die aantal doodgebore babas wat 9,2 per 1,000 geboortes bedra het in nie. Die geboortesyfer van 36,8 persone per 1,000 verskil relatief min van die geboortesyfer van Thabong wat 37,9 persone per 1,000 bedra het. Die relatiewe lae geboortesyfer

in die Kulluanong-Bantoewoongebied kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die beleid van die plaaslike owerheid om geboortes te verminder deur voorligting in die gebruik van geboortebeperkingsmiddels. Die middels word in die vorm van pille gratis aan die Bantoevroue beskikbaar gestel.

Die sterftesyfer van die Bantoes in Kulluanong het in 1968 12.3 persone per 1,000 bedra. Hierdie syfer verskil relatief min van die sterftesyfer in die Thabong-Bantoewoongebied, wat 11.0 persone per 1,000 bedra het vir dieselfde tydperk. Soortgelyk aan die toestande in Thabong is ook die sterftesyfer by suigeling en kinders onder die ouderdom van 5 jaar in Kulluanong relatief hoog. Die sterftesyfers vir hierdie groepe bedra onderskeidelik 35.7 en 144.3 persone per 1,000 in laasgenoemde lokasie. Hierdie hoë mortaliteit by die kinders word ook hoofsaaklik veroorsaak deur gastro-enteritis wat reeds by die Thabong-Bantoewoongebied bespreek is.

##### 5. Residensiële Struktuur.

In die Kulluanong-Bantoewoongebied word behuising deur die plaaslike bestuur verskaf. Die Bantoes kan egter ook hulle eie huise bou of laat bou. Die erwe, wat 'n oppervlakte van ongeveer 4,000 vierkante voet beslaan, bly egter die eiendom van die munisipaliteit.

In Kulluanong het die plaaslike owerheid 1,250 sub-ekonomiese drievertrek-woonhuise opgerig. Die huise beslaan 'n oppervlakte van 650 vierkante voet. Al die woon-eenhede het ongeveer dieselfde voorkoms. Dit bestaan uit 'n langwerpige geboutjie wat deur dwarsmure in verskillende vertrekke verdeel word. Die huise word aan die Bantoes verhuur teen R4.40 per maand.

Hierdie 1,250 huise word in twee aparte woonwyke aangetref wat onderskeidelik geleë is in die noordelike



gedeelte en in die suidelike gedeelte van die lokasie. In die noordelike woonbuurt is daar 322 sub-ekonomiese huise wat bewoon word deur die Nguni-groep. In die suidelike woonbuurt is daar 928 van hierdie huise wat bewoon word deur die Sotho-groep.

In Kulluanong is daar 740 wooneenhede wat deur die eienaars self gebou is of laat bou is. Hierdie privaat huise word in drie aparte woonwyke aangetref. In die Nguni-woonbuurt in die noorde is daar 62 privaat huise. In die suidelike Sotho-woonbuurt is daar 76 private woonhuise. Die meeste van die privaat wooneenhede word egter in die sentrale gedeelte van die lokasie aangetref in 'n woonbuurt waar daar geen sub-ekonomiese huise is nie. Die privaat huise is oor die algemeen heelwat groter as die sub-ekonomiese huise. Nie een van die huise het egter 'n oppervlakte wat 2,000 vierkante voet oorskry nie. Die drie woonbuurtes waarin die private wooneenhede opgerig is, kan derhalwe as die gegoede woonwyke beskou word.

In die Kulluanong-Bantoewoongebied is daar gesamentlik 1,990 wooneenhede. Die lokasie se erwe wat 'n oppervlakte van 4,000 vierkante voet het, is betreklik klein. Die huise is derhalwe ook na aan mekaar geleë. In die beboude woonbuurtes is daar geen oop erwe nie. Die lokasie is derhalwe relatief dig ~~en~~ bebou. Omdat die grootte van die huise en die erwe min verskil, wissel die bewoningsintensiteit ook relatief min. Daar word gemiddeld ses persone ~~per~~ huis aangetref. In die sub-ekonomiese woonbuurtes weerspieël dit 'n ~~syfer~~ van ongeveer 100 vierkante voet per persoon per huis. In die privaat woonwyke bedra die gemiddelde digtheidsyfer ongeveer 200 vierkante voet per persoon per huis. Hieruit is dit duidelik dat daar geen woonbuurt is waarin daar relatief gesproke oorbevolking voorkom nie.

## 6. Kommersiële Struktuur.

Proudfoot se konsep van die kleinhandelstruktuur, wat op bladsye 122 en 123 bespreek is, kan nie in sy geheel in die lokasie onderskei word nie. Van die vyf soorte kleinhandelstrukture wat hy beskryf het, kan slegs twee soorte in Kulluanong waargeneem word, naamlik die omgewingsakestraat-kleinhandelondernemingstruktuur en die afgesonderde kleinhandelondernemingstruktuur. Die lokasie bied as aanhangsel van die Blanke Nedersettingsgebied nie ruimte vir groot kommersiële ontwikkeling nie. Dit is hoofsaaklik 'n woongebied.

By die oorspronklike beplanning van die Bantoe-woongebied deur die plaaslike bestuur is daar aanvanklik slegs voorsiening gemaak vir enkele sakepersele op die hoofverkeersroete van die lokasie. Die winkels in hierdie sakesentrum is binne loopafstand van die residensiële gebied. Die ondernemings voorsien hoofsaaklik in alledaagse lewensbehoefte. Daar is vyf ondernemings in die omgewingsakestraat-kleinhandelstruktuur.

Die uitbreiding van die residensiële gebied het die behoefte laat ontstaan vir 'n groter aantal sake-ondernemings. Dit het gelei tot die ontwikkeling van afgesonderde kleinhandelstrukture. Hierdie ondernemings verskaf aanvullende goedere soos kruideniersware, vleis en groente. Oor die algemeen is daar net een winkel en die klante is binne loopafstand daarvan woonagtig. In Kulluanong kan daar 7 van hierdie kleinhandelondernemings onderskei word wat 'n afgesonderde ligging het.

## 7. Verspreide Funksies.

### i) Opvoedkundig.

Alvorens daar 'n studie van die Onderwys in Kulluanong gemaak word, is dit noodsaaklik om ten aanvang enkele statistieke in oënskou te neem.

TABEL 37.<sup>30)</sup>

Leerlingtal van Bantoeskole in Kulluanong.

| Skool                | Onderwysers | Leerlinge    | Aantal Leerlinge per Onderwyser. |
|----------------------|-------------|--------------|----------------------------------|
| Laerskool Isoceng    | 11          | 847          | 77.0                             |
| Laerskool Marobi     | 10          | 813          | 81.3                             |
| Hoërskool Thusuanong | 17          | 941          | 55.3                             |
| Hoërskool Impueuko   | <u>7</u>    | <u>431</u>   | <u>61.5</u>                      |
|                      | <u>45</u>   | <u>3,032</u> | <u>67.1</u>                      |

Daar is twee laerskole en twee hoërskole in Kulluanong. Die laerskole het 'n leerlingtal van 1,660 terwyl die hoërskole 'n leerlingtal van 1,372 het.

Uit Tabel 37 blyk dit dat daar 'n relatiewe groot aantal leerlinge per onderwyser aanwesig is. In die twee laerskole is daar 'n gemiddeld van 79.0 leerlinge per onderwyser. In die twee hoërskole is daar gemiddeld 57.1 leerlinge per leerkrag. Soortgelyk aan die toestande in Thabong, ondervind Kulluanong ook 'n betreklike groot tekort aan leerkragte aangesien ongeveer 35 leerlinge per leerkrag as bevredigend beskou word.

Die mees opvallende aspek in die lokalisasie van die opvoedkundige inrigtings in Kulluanong is dat twee van die skole 'n sentrale ligging in die woonbuurtes het, terwyl die ander twee skole 'n randligging het. In die suidelike woonbuurt is daar 'n laerskool en hoërskool wat sentraal geleë is in die woonbuurt. Die oorblywende twee skole het 'n randligging in die sentrale en noordelike woonwyke onderskeidelik. Al die skole is egter binne maklike loopafstand vanaf die residensiële gebiede geleë. Die omgewings waarin die skole

30) Inligting verskaf deur die Inspekteur van Bantoe-  
onderwys, Welkom.

geleë is, is voorts betreklik stil en sonder verkeer. Die terreine van die onderskeie skole is ook betreklik groot. Daar is derhalwe voldoende speelruimte vir die kinders.

ii) Sport en Ontspanning.

By die beplanning van die Kulluanong-Bantoe-woongebied is daar heelwat aandag aan ontspanningsfasiliteite gegee. Daar is voldoende oop terreine wat as ontspanningsgeriewe of speelplekke vir kinders gebruik kan word. Voorts is daar ook 'n betreklike groot sportterrein in die sentrale gedeelte van die lokasie. Die afwesigheid van parke in Kulluanong is egter opvallend.

iii) Openbare Kantore en Openbare Dienste.

Wat hierdie funksie betref, is dit opmerklik dat daar in die Bantoe-woongebied 'n sentraliserende neiging ondervind word met voorkoms na aan die kerngebied van die lokasie. Hierdie dienste is gesentreer in die hoofstraat wat die Bantoe-woongebied met die Blanke-areas verbind. In Kulluanong het die administrasiekantore, die kliniek, die polisiestasie en die poskantoor 'n dergelike ligging.

Die kerkhof het noodwendig weens sy aard en omvang 'n randligging. In Kulluanong is die begraaftaas in die suidelike hoek van die lokasie geleë.

iv) Kerklik.

Elf denominasies het kerkgeboue in Kulluanong. Die kerke het 'n verspreide ligging in die lokasie binne maklike bereik van die inwoners.

8. Verkeer as Geïntegreerde Funksie.

i) Straatfunksies.

Kenmerkend van die Kulluanong-Bantoe-woongebied

is die reëlmatige straatpatroon. Die reghoek word oorwegend by blokvorming gebruik. Die straatnetwerk verbind in die besonder werkplek en woonplek met mekaar terwyl dit ook die kinders met die skole verbind. Voorts vorm die straatnetwerk ook die media waarlangs die administratiewe, kulturele en kommersiële gebiedsinvloede beweeg.

ii) Tipes Straatverkeer.

Die belangrikste verkeersoort is die tussen woning en werk. Hierby word ook die beweging van kinders na die skole ingesluit. Die tipe verkeer is bekend as interbasiese reise. Dit het daaglikse spitsure tussen 6.30 voormiddag en 8.30 voormiddag en weer tussen 4.30 namiddag en 6.30 namiddag tot gevolg. Tussen 12 namiddag en 2 namiddag word ook 'n betreklike klein verkeerspits ondervind.

iii) Vervoermiddels en Vervoervolumes.

In Kulluanong kan daar basies twee soorte vervoermiddels onderskei word. In die eerste plek is daar die openbare vervoerstelsel. Die stelsel bestaan uit busse wat vaste roetes volg op vasgestelde tye terwyl dit ongeveer dieselfde volume dra. In die tweede plek is daar die private vervoerstelsel wat bestaan uit private motors en fietse.

Daar word daaglik ongeveer 1,600 Bantoes vanaf Kulluanong na Odendaalsrus vervoer. Die passasiers bestaan uit ongeveer ewe veel mans as vrouens. 'n Verdere 500 Bantoes word ook daaglik deur die openbare vervoerstelsel na Welkom vervoer. Hierdie passasiers bestaan hoofsaaklik uit Bantoemans. Aangesien die Bantoes se werkplekke relatief ver vanaf die lokasie geleë is, word daar betreklik min van fietse gebruik gemaak om die werkplekke te bereik. Die Blankedorpsgebiede is nie binne loopafstand vanaf die lokasie nie. Gevolglik word daar nie voetgangers aangetref nie.

Daar is relatief min motors in private besit. In Kulluanong is daar slegs 164 privaat motor-eienaars. Dit is derhalwe vanselfsprekend dat daar relatief min swaar verkeer in die lokasie self is. Die openbare vervoerstelsel maak ook net van die hoofstraat wat die lokasie met die Blankeareas verbind, gebruik.

WERKVERSKAFFING AAN DIE STEDELIKE BANTOE-  
BEVOLKING VAN KULLUANONG.

I. Die verbreiding van die Nywerhede met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

Daar is relatief min nywerhede in Odendaalsrus. Met die uitsondering van die enkele wat in Tabel 38 genoem word, is daar geen ander noemenswaardige nywerhede nie. Daar is derhalwe relatief min Bantoes wat werknemers by die nywerheidsondernemings is.

TABEL 38.

| <u>Bedryf</u>                      | <u>Aantal Bantoes.</u> |
|------------------------------------|------------------------|
| Free State Brick Works & Co., Ltd. | 154                    |
| Hunt, Leuchars & Hepburn           | 69                     |
| Goldfields Engineering             | 25                     |
| A.J. Melkery                       | <u>20</u>              |
|                                    | <u>268</u>             |

In Welkom is 11,524 Bantoes werksaam by die verskillende nywerheidsondernemings in die gebied terwyl daar in Odendaalsrus slegs 268 Bantoes betrokke is by die nywerhede.

II. Die Verbreiding van Klein- en Groothandelaars met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

In Odendaalsrus is daar 114 klein- en groot-



handelaars. Die ondernemings is relatief klein. Die klein- en groothandelaars het gesamentlik 378 Bantoes in diens. Dit weerspieël 'n gemiddeld van 3,3 Bantoes per onderneming. In Welkom is daar 622 dergelike ondernemings wat gesamentlik 2,820 Bantoes in diens het. Die gemiddelde aantal Bantoes per onderneming is derhalwe 4,5.

III. Die Verbreding van Openbare Dienste met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

Die plaaslike bestuur, die Suid-Afrikaanse Polisie en die Suid-Afrikaanse Spoorweë het ook betreklik baie Bantoes in diens. Odendaalsrus se plaaslike bestuur is in hierdie afdeling die grootste werkverskaffer met 267 Bantoes in diens. Die Spoorweë en Polisie het onderskeidelik 136 en 57 Bantoes in diens.

IV. Werkverskaffing aan Bantoevroue.

Daar is ongeveer 800 Bantoevroue wat as huisbediendes werksaam is in die Odendaalsrus dorpsgebied. Voorts woon daar ongeveer 120 Bantoevroue in die Blankewoongebied. Hierdie vroue, wat ook as huisbediendes werk, is woonagtig op die persele van die Blanke-werkgewers.

C. Meloding.

1. Historiese Oorsig.

By die beplanning van die Virginia-dorpsgebied, is daar ook voorsiening gemaak vir die aanlê van 'n lokasie. Die terrein van die huidige Meloding-Bantoewoongebied is in 1953 goedgekeur en in 1955 word die eerste huise betrek. Daar is voorsiening gemaak vir moontlike uitbreiding tot op die aangrensende plaas Calabria.

2. Die Ligging en Omvang van die Gebied; die Grootte en die Toename van die Bevolking.

Meloding is ten suidooste van Virginia geleë en is betreklik na aan die Blanke-dorpsgebied. Die lokasie is ongeveer 4,3 myl vanaf die Blanke-Burgerbestuursentrum. Die Virginia-spoorwegstasie is aan die noordwestelike kant van die lokasie geleë. Die lokasie word geskei van die stasie deur 'n bufferstrook wat ongeveer 500 treë wyd is. Die spoorwegstasie is egter betreklik ver van die Virginia-dorpsgebied geleë aangesien daar 'n relatiewe groot onontwikkelde terrein tussen die stasie en die Blanke-dorpsgebied is. In die suidweste, die suidooste en die noordooste word die Meloding-Bantoengebied begrens deur plase.

Die Meloding-Bantoewoongebied, wat ongeveer 300 morg groot is, se ontwikkelde gebied beslaan ongeveer 120 morg. Daar is derhalwe 'n gebied van ongeveer 180 morg wat vir toekomstige uitbreiding gereserveer word (sien kaart 22). Die lokasie het 'n totale bevolking van 5,970 Bantoes wat bestaan uit 886 gesinne. Die dra vermoë van die ontwikkelde gedeelte van die lokasie is derhalwe 7 gesinne of naasteby 42 persone per morg. Hierdie syfers verskil betreklik min van soortgelyke syfers van die Kulluanong-Bantoewoongebied. Die lokasie het 'n dra vermoë van ses gesinne of naasteby 36 persone per morg. Die hoër digtheidsyfer van Meloding word hoofsaaklik veroorsaak deur die kleiner erwe van die lokasie. Die erwe in die Bantoewoongebied het 'n oppervlakte van ongeveer 3,500 vierkante voet. In Kulluanong het die erwe 'n oppervlakte van ongeveer 4,000 vierkante voet.

TABEL 39.

Die Toename van die Bevolking in die  
Meloding-Bantoewoongebied.

| Jaar | Aantal Bantoes | % Toename. |
|------|----------------|------------|
| 1958 | 5,000          |            |
| 1960 | 5,200          | 4          |
| 1962 | 5,500          | 6          |
| 1964 | 5,750          | 4.5        |
| 1966 | 5,930          | 3.1        |
| 1968 | 5,970          | .6         |

In Tabel 39 word die toename van die bevolking in Meloding vanaf 1958 tot 1968 aangedui. In teenstelling met die ander lokasies van die Oranje-Vrystaatse Goudveld, het die Bantoebevolking van Meloding relatief geleidelik toegeneem. Hierdie betreklike geringe toename van die Bantoebevolking kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die streng beleid van die plaaslike bestuur om die toestroming en vestiging van vreemde Bantoes in die lokasie te voorkom. Die Bantoebevolking van Meloding is derhalwe ook betreklik klein in vergelyking met die bevolkings van Kulluanong en Thabong wat onderskeidelik 11,600 en 28,347 Bantoes bedra.

3. Die Samestelling van die Bantoebevolking.

Die Meloding-Bantoewoongebied het 'n totale bevolking van 5,970 Bantoes. Hierdie Bantoes kan in twee groepe verdeel word. Aan die eenkant is daar die Bantoes wat op gesinsbasis in woonhuise in die lokasie woonagtig is. Andersyds is daar 'n betreklike groot groep enkellopende Bantoemans wat in hostelle in die lokasie gehuisves word.

TABEL 40.

| Aantal Bantoes | Geslag.                        |
|----------------|--------------------------------|
| 982            | Manlike Volwassenes            |
| 1,123          | Vroulike Volwassenes           |
| 1,395          | Vroulike kinders onder 18 jaar |
| 1,270          | Manlike kinders onder 18 jaar  |

In Tabel 40 word die samestelling van die bevolking wat in gesinsverband in woonhuise woon aangedui. Daar is gemiddeld 3.1 kinders per gesin in die lokasie. Hierdie syfer verskil relatief min van die syfers in Kulluanong en Thabong. In Kulluanong is daar 3.3 kinders per gesin en in Thabong 3.9 kinders per gesin.

In Meloding se twee hostelle word daar gesamentlik 1,200 Bantoemans gehuisves. Hierdie Bantoes het nie gesinne nie of andersins is hulle gesinne elders buite die Oranje-Vrystaatse Goudveld woonagtig.

In teenstelling met Kulluanong en Thabong waar die verskillende etniese groepe in aparte woonbuurtes woon, woon die etniese groepe in Meloding nie in aparte woonbuurtes nie. Van die totale bevolking van die lokasie behoort ongeveer 75 persent tot die Sotho-groep en ongeveer 25 persent tot die Nguni-groep. Die enkellopende Bantoemans word egter wel in twee aparte hostelle in ooreenstemming met die twee hoof etniese groepe van die lokasie gehuisves. In die Nguni-hostel is daar 697 Bantoes en in die Sotho-hostel 503 Bantoes.

#### 4. Geboorte- en Sterftesyfers.

Die geboortesyfer in die Meloding-Bantoewoon- gebied het in 1968 37.2 persone per 1000 bedra. Dit sluit nie die aantal doodgebore babas wat 7.8 per 1000 geboortes be- dra het in nie. Die geboortesyfer van 37.2 persone per 1,000 verskil relatief min van die geboortesyfers van die an- der twee lokasies van die Oranje-Vrystaatse Goudveld. In Thabong was die geboortesyfer in 1968 37.9 persone per 1,000 terwyl dit in Kulluanong 36.8 persone per 1,000 was. Die relatiewe lae geboortesyfer in die Meloding-Bantoewoongebied kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die doelbewuste pogings van die plaaslike bestuur om positiewe gesingsbenplanning te propa- geer. Dit geskied hoofsaaklik deur gratis verskaffing van geboortebeperkingspille.

Die sterftesyfer van die Bantoes in Meloding het in 1968 13.6 persone per 1,000 bedra. Hierdie syfer verskil relatief min van die sterftesyfers in Kulluanong en Thabong. In die twee lokasies was die sterftesyfers in 1968 onderskeidelik 12.3 persone per 1,000 en 11.0 persone per 1,000. Soortgelyk aan die toestande in Kulluanong en Tha- bong is die sterftesyfer by suigeling en kinders onder die ouderdom van 5 jaar ook in Meloding relatief hoog. Die sterftesyfers vir hierdie groepe bedra onderskeidelik 37.6 en 148.4 persone per 1,000 in die Meloding-Bantoewoongebied. Hierdie hoë mortaliteit by die kinders word hoofsaaklik deur gastro-enteritis veroorsaak.

#### 5. Residensiële Struktuur.

In die Meloding-Bantoewoongebied word behui- sing ook deur die plaaslike owerheid onderneem. Wooneen-

hede is opgerig op erwe wat 'n oppervlakte van ongeveer 3,500 vierkante voet beslaan. Die huise word dan aan die Bantoes verhuur. In die lokasie kan die Bantoes egter ook hulle eie huise bou of laat bou. Die erwe bly egter die eiendom van die munisipaliteit.

In Meloding het die plaaslike bestuur 373 ekonomiese huise opgerig. Die huise het 'n oppervlakte van ongeveer 700 vierkante voet en word verhuur teen R5-70 per maand. Al die woonhuise het ongeveer dieselfde voorkoms. Dit bestaan uit 'n langwerpige geboutjie wat deur dwarsmure in verskillende vertrekke verdeel word.

Daar is voorts 328 wooneenhede wat deur die eienaars self gebou is of laat bou is. Hierdie privaat woonhuise word egter nie in aparte woonbuurtes aangetref nie. Omdat die privaat huise tussen die ekonomiese huise gebou is, kan daar nie verskillende woonbuurtes onderskei word nie. Die privaat woonhuise is egter oor die algemeen heelwat groter as die ekonomiese huise. Die gemiddelde oppervlakte van die privaat huise is ongeveer 1,500 vierkante voet. Die een van die huise het egter 'n oppervlakte wat 2,500 vierkante voet oorskry nie.

In Meloding is daar twee hostelle vir enkellopende Bantoes. 'n Hostel is saamgestel uit 'n groep hutte wat elk 'n oppervlakte van ongeveer 2,000 vierkante voet beslaan. Met die huidige inwonertal soos dit aangegee word in Tabel 41 het elke Bantoe dus ongeveer 'n 100 vierkante voet tot sy beskikking.



TABEL 41.

| Hostel | Aantal Hutte | Aantal Bantoes | Aantal Bantoes per Hut. |
|--------|--------------|----------------|-------------------------|
| Nguni  | 30           | 697            | 23.2                    |
| Sotho  | 25           | 503            | 20.1                    |

In die Meloding-Bantoeswoongebied is daar gesamentlik 701 wooncenhede. Die lokasie se erwe wat 'n oppervlakte van ongeveer 3,500 vierkante voet beslaan, is betreklik klein. Die huise is derhalwe ook relatief na aan mekaar geleë. Die lokasie is dus betreklik dig bebou. Omdat die grootte van die huise en die erwe min verskil, wissel die bewoningsintensiteit ook relatief min. Daar word ongeveer ses persone per huis aangetref. In die ekonomiese huise is die digtheidsyfer derhalwe 116 vierkante voet per persoon. In die privaat woonhuise bedra die gemiddelde digtheidsyfer ongeveer 250 vierkante voet per persoon. Hieruit is dit duidelik dat daar geen woonhuis is waarin daar relatief gesproke oorbevolking voorkom nie. Dit is hoofsaaklik te danke aan die doeltreffende beheer en beplanning van die lokasie deur die plaaslike owerheid.<sup>31)</sup>

#### 6. Kommersiële Struktuur.

Proudfoot se kensel van die kleinhandelstruktuur kan nie in sy geheel in die lokasie onderskei word nie. Van die vyf soorte kleinhandelstrukture wat hy beskryf het, kan slegs een soort in Meloding waargeneem word, naamlik die omgewingsakestraat-kleinhandelondernemingstruktuur. By die oorspronklike beplanning van die Bantoeswoongebied deur die

---

31) Alle inligting en statistiek in verband met die Meloding-Bantoeswoongebied is verskaf deur Virginia se Direkteur van Bantoesake.

plaaslike bestuur is daar slegs voorsiening gemaak vir enkele sakepersele op die hoofverkeersroetes in die woonwyke. Gevolglik kan daar geen werklike groot, gekonsentreerde sakesentrums onderskei word nie. Die ondernemings is relatief klein en voorsien net in alledaagse lewensbehoefte.

Die gebrek aan Bantoe-entrepeneurs en kapitaal en die teenwoordigheid van Blanke-konkurentie in die Virginia-dorpsgebied het tot die gebrekkige ontwikkeling van die kommersiële funksie bygedra. Die lokasie is as aanhangsel van die Blanke-nedersettingsgebied, merendeels 'n woongebied.

#### 7. Verspreide funksies.

##### i) Opvoedkundig.

Voordat daar 'n studie van die Onderwys in Meloding gemaak word, is dit noodsaaklik om ten aanvang enkele statistieke in oënskou neem.

TABEL 42.<sup>32)</sup>

#### Leerlingtal van Bantoeskole in Meloding.

| Skool               | Onderwysers | Leerlinge    | Aantal Leerlinge per Onderwyser. |
|---------------------|-------------|--------------|----------------------------------|
| Hoërskool Boitelong | 9           | 403          | 44.7                             |
| Laerskool Tikwe     | <u>12</u>   | <u>710</u>   | <u>59.1</u>                      |
|                     | <u>21</u>   | <u>1,113</u> | <u>53.0</u>                      |

Daar is een laerskool en een hoërskool in Meloding. Die laerskool het 'n leerlingtal van 710 terwyl die hoërskool 'n leerlingtal van 403 het.

Uit Tabel 42 blyk dit dat daar 'n relatiewe groot aantal leerlinge per onderwyser aanwesig is. In die laerskool is daar gemiddeld 59,1 leerlinge per onderwyser ter-

---

32) Inligting verskaf deur die Inspekteur van Bantoe-onderwys, Welkom.

wyl die hoërskool gemiddeld 44,7 leerlinge per leerkrug het. Soortgelyk aan die toestande in Thabong en Kulluanong ondervind Meloding ook 'n betreklike groot tekort aan onderwysers aangesien 35 leerlinge per leerkrug as bevredigend beskou word.

Die mees opvallende aspek in die lokalisasie van die opvoedkundige inrigtings in Meloding is dat die skole 'n sentrale ligging in die woonbuurtes het. Die laerskool is sentraal geleë in die suidwestelike gedeelte van die lokasie terwyl die hoërskool 'n sentrale ligging het in die noordoostelike deel van die lokasie. Albei skole is derhalwe binne maklike loopafstand van die residensiële gebiede. Die skole word voorts omring deur parke en sportterreine wat 'n stil en rustige omgewing verseker. Die terreine van die onderskeie skole is ook betreklik groot. Daar is derhalwe voldoende speelruimte vir die kinders.

#### ii) Sport en Ontspanning.

By die beplanning van die Meloding-Bantoeewoongebied is daar heelwat aandag aan ontspanningsfasiliteite gegee. Daar is voldoende parke en oop terreine in die residensiële gebiede wat as ontspanningsterreine gebruik kan word. Voorts is daar ook twee betreklike groot sportterreine wat sentraal geleë is in die lokasie. 'n Derde sportterrein het 'n randligging aan die noordoostelike kant van die lokasie. Die omvang van die sportterrein is sodanig dat dit noodwendig 'n randligging moet hê.

#### iii) Openbare Kantore en Openbare Dienste.

Hierdie funksies het 'n verspreide ligging in die hoofstraat wat die lokasie met die Blanke-areas verbind.

In Meloding is daar twee begraafplase wat

geleë is in die noordwestelike en suidoostelike gedeeltes van die lokasie. Al twee die kerkhove het 'n randligging.

iv) Kerklik.

Sewer denominasies het kerkgeboue in Meloding. Wat hierdie funksie betref is dit opmerklik dat daar 'n sentraliserende neiging ondervind word met voorkoms na aan die kerngebied van die noordoostelike residensiële areas. Al die kerke is binne maklike loopafstand van al die inwoners.

8. Verkeer as Geïntegreerde Funksie.

i) Staatfunksies.

Kenmerkend van die Meloding-Bantoeewoongebied is die onreëlmatige straatpatroon in soverre die poligoon oorwegend gebruik word by blokvorming. Die straatnetwerk verbind werkeplek en woonplek met mekaar. Voorts verbind dit ook die kinders met die skole. Die straatnetwerk is ook die media waarlangs die gebiedsinvloede, hetsy administratief, kultureel of kommersiël, beweeg.

ii) Tipes Straatverkeer.

Die belangrikste verkeersoort is die tussen woning en werk waarby die beweging van kinders na die skole ook ingesluit word. Hierdie soort verkeer het daaglikse spitsure tussen 6.30 voormiddag en 8.30 voormiddag en weer tussen 4.30 namiddag en 6.30 namiddag tot gevolg. 'n Kleiner verkeerspits word ook tussen 12 namiddag en 2 namiddag ondervind.

iii) Vervoermiddels en Vervoervolume.

In Meloding kan daar basies twee soorte vervoermiddels onderskei word. In die eerste plek is daar die openbare vervoerstelsel. Die stelsel bestaan uit busse wat vaste roetes volg op vasgestelde tye terwyl dit ongeveer dieselfde volume dra. In die tweede plek is daar die private vervoerstelsel wat bestaan uit private motors en fietse.

Daar word daaglik ongeveer 650 Bantoes vanaf Meloding vervoer. Die passasiers bestaan hoofsaaklik uit Bantoevroue omdat die werksplekke van die Bantoes oor die algemeen maklik te voet of per fiets bereik kan word. In Verdere 200 Bantoes word ook daaglik deur busse na Welkom vervoer. Hierdie passasiers bestaan hoofsaaklik uit Bantoesmans wat in Welkom werksaam is.

Daar is relatief min motors in private besit. In Meloding is daar slegs ongeveer 60 private motoreienaars. Daar is derhalwe relatief min swaar verkeer in die lokasie self. Die openbare vervoerstelsel maak ook net van die hoofstraat wat die lokasie met die Blanke-areas verbind, gebruik.

WERKVERSKAFFING AAN DIE STADELIKE BANTOE-  
VOLKING VAN MELODING.

I. Die Verbreding van die Nywerhede met betrekking tot  
Bantoe-werkverskaffing.

Daar is relatief min nywerhede in Virginia. Die 36 bestaande nywerhede kan in twee groepe verdeel word, naamlik swaar nywerhede en ligte nywerhede. In eersgenoemde groep is daar 13 nywerhede en in laasgenoemde groep 23. Die nywerheidsgebied is binne loopafstand van die lokasie geleë. In Tabel 43 word die vernaamste werkverskaffers in die nywerheids-afdeling aangedui.

TABEL 43.

| Bedryf                   | Aantal Bantoes. |
|--------------------------|-----------------|
| Hunt, Leuchars & Hepburn | 222             |
| Hume Pipe Company        | 88              |
| Virginia Bakkery         | 60              |
| Hugo's Transport         | 50              |
| Vianini Pipes            | <u>43</u>       |
|                          | <u>463</u>      |

Die 36 nywerhede van Virginia verskaf werk aan 726 Bantoes. In Odendaalsrus verskaf die nywerhede werk aan slegs 268 Bantoes.

II. Die Verbreiding van die Klein- en Groothandelaars met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

In Virginia is daar 201 klein- en groothandelaars. Die ondernemings het gesamentlik 809 Bantoes in diens. Dit weerspieël 'n gemiddeld van 4.0 Bantoes per onderneming. In Odendaalsrus is daar 114 dergelike ondernemings wat gesamentlik 378 Bantoes in diens het. Die gemiddelde aantal Bantoes per onderneming is derhalwe 3.3. Oor die algemeen het die ondernemings in Virginia dus meer Bantoes in diens as die ondernemings in Odendaalsrus.

III. Die Verbreiding van Openbare Dienste met betrekking tot Bantoe-werkverskaffing.

Die plaaslike bestuur, die Suid-Afrikaanse Polisie en die Suid-Afrikaanse Spoorweë het ock relatief baie Bantoes in diens. Virginia se plaaslike bestuur is die grootste werkverskaffer in hierdie afdeling met 536 Bantoes in diens. Die Spoorweë en Polisie het onderskeidelik 216 en 88 Bantoes in diens.



IV. Werkverskaffing aan Bantoevroue.

Daar is ongeveer 500 Bantoevroue wat as huisbediendes in die Virginia dorpsgebied werkzaam is. Voorts woon daar ook ongeveer 1200 Bantoevroue in die Blankewoongebied. Hierdie vroue, wat ook as huisbediendes werk, is woonagtig op die persele van die Blankewerkgewers.

D. Allanridge.

1. Historiese Oorsig.

Aanvanklik het twee goudmynmaatskappye, die Loraine Gold Mining Company en die Jeanette Gold Mining Company Ltd., goud in die omgewing van die huidige dorp, Allanridge ontgin. Lae goudwaardes het die Jeanette Goudmyn egter reeds in 1959 genoodsaak om produksie te staak. Die Loraine Goudmyn voer, om dieselfde rede, reeds vanaf sy stigting 'n betreklike sukkelende bestaan. Die relatiewe klein mynboubedrywighede om Allanridge het nie enige ander ontwikkeling gestimuleer nie. Daar is geen nywerhede in die dorp nie, en die sake-ondernemings voorsien net in alledaagse lewensbehoefte. Allanridge is derhalwe die kleinste dorp in die Oranje-Vrystaatse Goudveld.

2. Die Ligging en Omvang van die Bantoewoongebied; die Grootte en Samestelling van die Bevolking.

Allanridge het nie 'n beplande Bantoewoongebied nie. Die natuurlike woon in 'n plakkerdorp wat ongeveer 2.5 myl oos van die Blanke-dorpsgebied geleë is. Die Bantoewoongebied word omring deur die mynverhuringgebied van die Loraine goudmyn. Die lokasie beslaan 'n opneervlakte van ongeveer 10 morg.<sup>33)</sup>

---

33) Inligting en statistiek in verband met die plakkerdorp by Allanridge is verstrekk deur die sekretaris van die dorpsbestuur.

Daar is 520 Bantoes in die lokasie woonagtig. Die Bantoes bestaan uit 78 huisgesinne. Daar word derhalwe ongeveer 8 gesinne of naasteby 40 persone per morg in die lokasie aangetref. Die digtheidsyfer verskil derhalwe betreklik min van die digtheidsyfer in die beplande Bantoewoongebiede in die Oranje-Vrystaatse Goudveld.

Die bevolking van die lokasie is saamgestel uit 110 mans, 120 vrouens en 290 kinders onder die ouderdom van 18 jaar.

### 3. Geboorte- en Sterftesyfers.

Die geboorte- en sterftesyfers in die Allanridge lokasie bedra onderskeidelik 42.7 persone per 1,000 en 15.9 persone per 1,000. Hierdie geboorte- en sterftesyfers is effens hoër as die gemiddelde geboorte- en sterftesyfers van die drie beplande lokasies van die Oranje-Vrystaatse Goudveld. Die gemiddelde syfers bedra 37.3 geboortes per 1,000 en 12.3 sterftes per 1,000. Hierdie verskil in geboorte- en sterftesyfers kan moontlik verklaar word uit die gebrek aan mediese dienste en beheermaatreëls in die plakkerdorp.

## HOOFSTUK 6.

### DIE SLOTSCH.

In Hoofstuk 1 is dit ten doel gestel om met behulp van hierdie studie die resente en huidige Bantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld geografies te evalueer en te verklaar. In hoeverre in hierdie doel geslaag is, word aan eie oordeel oorgelant. Graag wil skrywer egter ten slotte enkele standpunte stel wat gedurende hierdie ondersoek na vore getree het.

Veral opvallend van die Bantoebevolking van die Oranje-Vrystaatse Goudveld is die hoë digtheid en die gekonsentreerde, stedelike karakter daarvan. Hierdie hoë digtheid en die gekonsentreerde, stedelike karakter van die bevolking moet enersyds aan die betreklike gunstige ekonomiese toestande en andersyds aan die Blanke-owerhede van die gebied toegeskryf word. Die ekonomiese toestande in die Oranje-Vrystaatse Goudveld is betreklik gunstig vir die Bantoebevolking in soverre die salarispeile relatief hoog is, terwyl goeie huisvesting ook verskaf word. Die Blanke-owerheid as oorsaak van die gekonsentreerde, stedelike karakter van die bevolking moet veral gesien word in die afbakening van Bantoe-woongebiede in of naby Blanke-stedelike gebiede.

Wat betref die gedifferensieerde digtheispatroon van die Oranje-Vrystaatse Goudveld val dit dadelik op dat die ekonomiese faktor 'n besondere rol in die intensiteit van digtheid in die gebied speel. Daar is veral 'n duidelike korrelasie tussen die digtheid van die onderskeie mynverhuringgebiede en die ekonomiese aktiwiteite binne die gebiede. Die korrelasie is eintlik so sterk dat die hoof-

bevolkingstreke van die Oranje-Vrystaatse Goudveld feitlik saamval met die ekonomiese streke. Die Suidelike Goudveld, die eerste hoofbevolkingstreek, is derhalwe baie dig bevolk, die Oostelike Goudveld, die tweede hoofbevolkingstreek, dig bevolk en die Noordelike Goudveld matig dig bevolk.

Die relatiewe lae goudwaardes van die goud-draende riuwe in die Noordelike en Oostelike Goudvelde is die grondliggende oorsaak vir die relatiewe lae bevolkingsdigthede in die twee streke. Die betreklike hoë digtheid van die Suidelike Goudveld word veroorsaak deur die hoë goudwaardes van die goudbevattende riuwe in die streek.

Die nedersettingspatrone in die Oranje-Vrystaatse Goudveld is voorts opvallend. Tot die skepping van hierdie nedersettingstipes het veral die mynowerhede en die onderskeie plaaslike besture bygedra. Die mees opmerklike nedersettingspatroon is die wat deur die mynowerhede geskep is in die onderskeie mynverhuringgebiede. Benewens hierdie nedersettingspatroon van die mynbantoebevolking is daar ook die nedersettingstipe van die stedelike Bantoebevolking wat uit beplande Bantoewoongebiede of lokasies bestaan.

Behalwe voorafgaande kenmerke, is die groot hoeveelheid trekarbeiders wat daar in die streek aangetref word ook opvallend. Ruim 65 persent van die totale Bantoebevolking van die streek bestaan uit trekarbeiders wat aan die goudmynbedryf verbonde is. Hierdie trekarbeiders, wat afkomstig is uit bykans al die state van Suidelike Afrika, is saangestel uit 'n groot aantal etniese groepe.

Ten slotte kan net gemeld word dat die oorheersende rol van die goudmynbedryf in die ekonomiese lewe van die streek gedurende hierdie studie telkens na vore ge-

tree het. Dit kan derhalwe nie nagelaat word om op die belang van ander ekonomiese ontwikkeling te wys nie. Vir die voortbestaan van die streek as geheel en die bevolking in die besonder is dit noodsaaklik dat daar 'n ander stimulus as die goudmynbedryf gevind word. In die verband word daar veral aan nywerheidsvestiging wat los staan van die goudmynbedryf gedink. Die onderskeie plaaslike besture en die regering is wel ten volle bewus van hierdie probleem. Daarom is dié owerhede dan ook besig om aandag aan die situasie te gee. Dit beteken egter nie dat die owerhede oor alle feite en kennis ten opsigte van hierdie situasie en verbandhoudende probleme beskik om doeltreffende maatreëls daar te stel waardeur die probleem opgelos kan word nie. Daar is gevolglik nog heelwat ruimte vir addisionele navorsing wat kan bydra om die kennis te verbreed. Praktiese oplossings kan sodoende gevind word wat tot voordeel van die totale bevolking van die streek sal strek.

BIBLIOGRAFIE.


- Anglo American Corporation. Die Oranje-Vrystaatse Goudveld  
(Johannesburg: Brosjure opgestel deur  
die Anglo American Corporation, 1962).
- Cartwright, A.P. The Gold Miners (Johannesburg: Purnell  
& Sons (SA) Pty. Ltd., 1963).
- Chamber of Mines, The. Native Labour on the Gold Mines  
(Johannesburg: Brochure compiled by  
the Chamber of Mines, 1968).
- Clarke, J.I. Population Geography (Oxford:  
Pergamon Press, 1968).
- Coetzee, C.B. Die Geologie van die Oranje-Vrystaatse  
Goudveld, Memoir 49 (Pretoria: Die  
Staatsdrukker, 1960).
- Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Die.  
Algemene omsendbrief nr. 9 van 1965  
(Lêer nr. C. 43/2).
- Department of Bantu Administration and Development, The.  
General Circular no. 20 of 1967 (File  
no. C. 43/3/3.
- Fair, T.J.D. The Distribution of Population in  
Natal (Ph.D.-verhandeling, Universiteit  
van Natal, 1954).
- Hodgsohn, F.D.I. The Relationship between Sedimentology  
and Gold Distribution (M.Sc.-verhandeling,  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat,  
1967).
- Jooste, P.G. Inleiding tot die Kartografie  
(Kaapstad: A. Balkema, 1967).



- Jooste, P.G.                    'n Kartografiese Studie van die Nie-  
Blanke Bevolkingsgroepe van Suidwes-  
Kaapland met die Oog op die Verwydering  
van die Bantoe uit die Streek (D.Phil.-  
verhandeling, Universiteit van  
Stellenbosch, 1968).
- Joubert, L.J.                    'n Geografiese Analise van die Stedelike  
Gebied Welkom (M.A.-verhandeling,  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat,  
1965).
- Kamer van Mynwese, Die. Die Mynwese (Johannesburg: Die  
Kamer van Mynwese, Kwartaalstate van  
Bedryfsresultate, 1950 tot 1968).
- Louw, M.J.                    'n Geografiese Studie van Funksionele  
Differensiasie in die Metropolitaanse  
Gebied van Pretoria (D.Phil.-  
verhandeling, Universiteit van Pretoria,  
1959).
- Mediese Gesondheidsbeampte. Jaarverslae van Mediese  
Gesondheidsbeampte (Odendaalsrus: Die  
Plaaslike Bestuur, 1950 tot 1968).
- Mediese Gesondheidsbeampte. Jaarverslae van die Mediese  
Gesondheidsbeampte (Virginia: Die  
Plaaslike Bestuur, 1958 tot 1968).
- Mediese Gesondheidsbeampte. Jaarverslae van die Mediese  
Gesondheidsbeampte (Welkom: Die  
Plaaslike Bestuur, 1954 tot 1968).

- Nel, A. „Worcester: 'n Proefneming in Funksionele Differensiasie", South African Geographical Journal (Johannesburg: The South African Geographical Society, Vol. XXXIV, Dec. 1952)
- Nel, A. en van Zyl, J.A. Stad en Dorp (Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars Edms. Bpk., 1962).
- Nel, D.E. Die Verbreiding van die Bevolking in die Transkei-Gebiede (D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1965).
- Proudfoot, M.J. "City Retail Structure", Economic Geography Vol. XIII Oct. 1937, pp. 425-428.
- Raad vir die Ontwikkeling van Natuur Hulpbronne. 'n Streek-opname van die Oranje-Vrystaatse Goudveld (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1954).
- Robinson, A.H. Elements of Cartography (New York: John Wiley & Sons Inc., 1960).
- Roodt, P.J. Stedelik-Geografiese Patrone van Queenstown (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1968).
- Schulze, B.R. "The Climates of South Africa according to the Classification of Köppen and Thornthwaite" The South African Geographical Journal (Johannesburg: The South African Geographical Society, Vol. XXIX, 1947).


- Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Die.  
Memorandum 1036/313(8) gedateer  
3 Augustus 1954, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1954).
- Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Die.  
Skrywe 202/313(c)(1) gedateer 15 Mei  
1958, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1958).
- Smailes, A.E. The Geography of Towns (London: Hutchinson University Library, 1964).
- Taylor, G. Urban Geography (London: Metuen & Co. Ltd., 1961).
- Toit, Alex, L. du. The Geology of South Africa, revised and enlarged, edited and prepared for publication by S.H. Haughton, 3rd ed. (Edinburgh and London: Oliver Boyd, 1954).
- Unie van Suid-Afrika. Die Delfstowwe van die Unie van Suid-Afrika, 4e uitgawe, (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1960).
- van Staden, M.P. 'n Geografiese Analise van die Stedelike Gebied Virginia (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1963).
- Welkom Stadsraad. Welkom (Welkom: Brosjure opgestel deur die Plaaslike Bestuur, 1967).
- Wellington, J.H. "A Physiographic Regional Classification of South Africa", The South African Geographical Journal (Johannesburg: The South African Geographical Society, Vol. XXVIII, 1946).
- Witwatersrand Native Labour Association. Reports of the Board of Management (Johannesburg: Witwatersrand Native Labour Association, 1950 to 1968).





HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0110024



111048586702220100014

A rectangular white label with rounded corners, positioned at the bottom center of the page. It contains the text "UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0110024" at the top, a standard 1D barcode in the middle, and the number "111048586702220100014" at the bottom.



**'N GEOGRAFIESE ANALISE VAN DIE BANTOEBEVOLKING  
VAN DIE ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD**

deur

**GABRIËL DU TOIT DE VILLIERS**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in die

Departement

**GEOGRAFIE**

aan die


**UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT**

(in twee dele)

**Deel II**

Datum van Indiening: 5 Januarie 1970.

Promotor: Prof. D. E. Nel, M.A., D.Litt. et Phil.





DE DITTE EKSEMPLAAR HAD ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN  
- 7-4-1970  
KLAS No. ET 301.3296834 V  
No. **110024**  
BIBLIOTEEK



## INHOUDSOPGAWE

Kaart  
Nommer

1. Die Ligging van die Oranje-Vrystaatse Goudveld.
2. Die Oranje-Vrystaatse Goudveld — Oriënteringskaart.
3. Die Oranje-Vrystaatse Goudveld — Mynverhuringgebiede.
4. Die Witwatersrand Kom.
5. Geologiese seksie deur die Sentrale Horst.
6. Deltas en Aanvoerrigtings in die Komgebied.
7. Suidelike Afrika — Die Herkoms van Bantoes werksaam in die O.V.S. Goudmyne.
8. Die digtheid van die Mynbantoebewolking volgens die mynverhuringgebiede.
9. Die Oranje-Vrystaatse Goudveld — Bantoebewolking.
10. Welkom — Tonnemaat en Waarde van Erts geproduseer Jan. tot Junie 1968.
11. Virginia — Tonnemaat en Waarde van Erts geproduseer Jan. tot Junie 1968.
12. Allanridge — Tonnemaat en Waarde van Erts geproduseer Jan tot Junie 1968.


Kaart  
Nommer

13. Odendaalsrus — Tonnemaat en Waarde van Erts geproduseer Jan. tot Junie 1968.
14. Welkom — Bantoebewolking.
15. Virginia — Bantoebewolking.
16. Allanridge — Bantoebewolking.
17. Odendaalsrus — Bantoebewolking.
18. Thabong Bantoewoongebied — Strukturele Differensiasie.
19. Thabong Bantoewoongebied — Etniese Groepering.
20. Kulluanong Bantoewoongebied — Strukturele Differensiasie.
21. Kulluanong Bantoewoongebied — Etniese Groepering.
22. Meloding Bantoewoongebied — Strukturele Differensiasie.
23. Die terrein van 'n Tipiese Produksieskag.




# ORANJE - VRYSTAAT

## DIE LIGGING VAN DIE GOUDVELD




-  dorpe
-  paaie
-  spoorwee
-  riviere en damme





# ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD


2



ORIËTERINGSKAART

VERKLARINGS

|   |                                |   |                           |
|---|--------------------------------|---|---------------------------|
| K | KALKSTEEN                      |   | SPOORLYNE                 |
| S | STEENKOOI                      |   | HOOFWATervoorsieningslyne |
| D | SLIKDAMME EN ROTSHOPE          |   | KRAGLYNE                  |
|   | DORPSGRENSE                    | R | RIOLWERKE                 |
|   | RESIDENSELE GEBEDE BLANKES     | O | ONTSPANNINGS TERREIN      |
|   | RESIDENSELE GEBEDE NIE-BLANKES | B | BEGRAFPLASE               |
| N | NYWERHEIDSGEBEDE               |   | OPELUGTEATER              |
| M | BESTAANDE MYNE                 |   | RIVIERE EN SPRUIE         |
| V | SAND VET BESPROEINGSGBIED      | P | PANNE                     |
|   | BESPROEINGSKANAAL              |   | LANDBOU                   |
|   | HOOF PAARIE                    |   | LENGTE EN BREEDTELYNE     |








DIE ORANJE-VRYSTAATSE  
GOUDVELD  
MYNVERHURINGSGBIEDE



VERKLARINGS

|   |  |
|---|--|
|  DORPSGEBIEDE |  GRENSE MYNVERHURINGSGBIEDE |
| A <u>ANGLO AMERICAN CORPORATION OF S.A. LTD.</u>  | A <sub>1</sub> <u>PRESIDENT STEYN GOLD MINING CO. LTD.</u>   |
| B <u>ANGLO-TRANSCVAAL CONSOLIDATED INVESTMENT CO. LTD.</u>                                      | A <sub>2</sub> <u>PRESIDENT BRAND GOLD MINING CO. LTD.</u>   |
| R <u>RAND MINES LTD.</u>  | A <sub>3</sub> <u>WELKOM GOLD MINING CO. LTD.</u>  |
| U <u>UNION CORPORATION, LTD.</u>  | A <sub>4</sub> <u>WESTERN HOLDINGS, LTD.</u>   |
|   | A <sub>5</sub> <u>FREE STATE GEDULD MINES CO. LTD.</u>   |
|   | A <sub>6</sub> <u>FREE STATE SAAIPLAAS GOLD MINING CO. LTD.</u>  |
|   | A <sub>7</sub> <u>FREDDIES CONSOLIDATED MINES, LTD.</u>  |
|   | B <sub>1</sub> <u>VIRGINIA OFS GOLD MINING CO. LTD.</u>  |
|   | B <sub>2</sub> <u>LORAINÉ GOLD MINES, LTD.</u>   |
|   | R <sub>1</sub> <u>HARMONY GOLD MINING CO. LTD.</u>   |
|   | R <sub>2</sub> <u>MERRIESPRUIT OFS GOLD MINING CO. LTD.</u>  |
|   | U <sub>1</sub> <u>ST HELENA GOLD MINES, LTD.</u>   |








### DIE WITWATERSRAND KOM


#### DIE VERBREIDING VAN DIE WITWATERSRANDSE SISTEEM

|                       |  |                                 |
|-----------------------|--|---------------------------------|
| Karoo Sisteem         |  | Sedimente, steenkool            |
| Waterberg Sisteem     |  | Sedimente, skalie ens           |
| Transvaal Sisteem     |  | Sedimente, lawa intrusies       |
| Venterdorp Sisteem    |  | Dolomitiese kalksteen           |
| Witwatersrand Sisteem |  | Lawa, kwartsiet, konglomeraat   |
|                       |  | Kwartsiet, konglomeraat, skalie |
|                       |  | Skalie, kwartsiet ens           |
|                       |  | OVS Goudveld                    |
|                       |  | Lawa en sediment                |
|                       |  | Graniet ens.                    |





# GEOLOGIESE SEKSIE DEUR DIE SENTRALE HORST










DIE ORANJE-VRYSTAATSE  
GOUDVELD

DELTA'S EN AANVOERRIGTINGS IN DIE  
KOMGEBIED



VERKLARING


-  VERSKUIWINGS
-  AANVOERRIGTINGS VAN SEDIMENTE
-  INGANGSPUNT VAN SEDIMENTE
-  AANVOER VERSTERK





# SUIDELIKE AFRIKA

DIE HERKOMS VAN BANTOES WERKSAAM IN DIE O.V.S. GOUDMYNE




100 0 100 200 300 400 500 MYL



# DIE ORANJE-VRYSTAATSE GOUDVELD







## DIGTHEID VAN MYNBANTOE


Bevolking per vk. myl volgens Mynverhuringsgebiede



### VERKLARING


Aantal Bantoes

|   |                |
|---|----------------|
|  | 100 — 300      |
|  | 301 — 500      |
|  | 501 — 700      |
|  | 701 — 900      |
|  | 901 — 1100     |
|  | 1100 — en meer |





DIE ORANJE-VRYSTAATSE  
GOUDVELD  
BANTOEBEVOLKING




| PERSONE |         | BAL |
|---------|---------|-----|
| 30      | - 80    | ●   |
| 150     | - 260   | ●   |
| 300     | - 500   | ●   |
| 550     | - 750   | ●   |
| 1000    | - 1500  | ●   |
| 2000    | - 3000  | ●   |
| 3100    | - 4000  | ●   |
| 4100    | - 5000  | ●   |
| 5100    | - 6100  | ●   |
| 11500   | - 12500 | ●   |
| 28000   | - 30000 | ●   |

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10  
MYL




# WELKOM

TONNEMAAT EN WAARDE VAN ERTS GEPRODUSEER  
JAN TOT JUNIE 1968




### VERKLARING








# VIRGINIA

## TONNEMAAT EN WAARDE VAN ERTS GEPRODUSEER JAN TOT JUNIE 1968



### VERKLARING









# ALLANRIDGE

## TONNEMAAT EN WAARDE VAN ERTS GEPRODUSEER

### JAN TOT JUNIE 1968



#### VERKLARING






# ODENDAALSRUS


## TONNEMAAT EN WAARDE VAN ERTS GEPRODUSEER

### JAN TOT JUNIE 1968






# WELKOM BANTOEBEVOLKING



**VERKLARING**


- RADIUS VAN ● = AANTAL BANTOES  
100
- BLANKE RESIDENSIELE AREAS
- STRATE
- SPOORWEE





# VIRGINIA

## BANTOEBEVOLKING





FREE STATE SAAIPLAAS GOLD MINING CO. LTD.



HARMONY GOLD MINING CO. LTD.



MERRIESPUIT GOLD MINING CO. LTD.




### VERKLARING

RADIUS VAN ● =  $\sqrt{\frac{\text{AANTAL BANTOES}}{100}}$

BLANKE RESIDENSIELE AREAS

STRATE


SPOORWEE





# ALLANRIDGE

## BANTOEBEVOLKING




### VERKLARING

RADIUS VAN ● =  $\sqrt{\frac{\text{AANTAL BANTOES}}{70}}$

□ BLANKE RESIDENSIELE AREAS

≡ STRATE

— SPOORWEE






# ODENDAALSRUS

## BANTOEBEVOLKING

17




KULLUANONG

BANTOEWOONGEBIED


•• KROONSTAD

ODENDAALSRUS DORPSGEBIED



### VERKLARING

- - **STREKINGSREKKE**
- - **BLANK WEDERREKKE AREA**
- ▨ - **STRAAT**
- ▩ - **SPORWEG**

























# THABONG BANTOEWOONGEBIED

## STRUKTURELE DIFFERENSIASIE

### VERKLARING

|  |                                |   |                         |
|--|--------------------------------|---|-------------------------|
|  | Opvoedkundig                   |  | Parke en Bome           |
|  | Sport en Ontspanning           |  | Begraafplaas            |
|  | Erf-en-Diensskema: wooneenhede |  | Kerklík                 |
|  | Sub-Ekonomiese wooneenhede     |  | Administrasie           |
|  | Ekonomiese wooneenhede         |  | Biertuin                |
|  | Ongelyksoortige wooneenhede    |  | Kliniek                 |
|  | Hostelle 1,2,3,4 en 5          |  | Suid-Afrikaanse Polisie |
|  | Strate                         |  | Sake-ondernemings       |
|  | Onbeboude persele              |  | Wieg                    |























# THABONG BANTOEWONGEBIED

19

## ETNIESE GROEPERING

### VERKLARING

|  |                      |   |                        |
|--|----------------------|---|------------------------|
|  | Opvoedkundig         |  | Kerklik                |
|  | Sport en Ontspanning |  | Administrasie          |
|  | Nguni-groep          |  | Biertuin               |
|  | Sotho-groep          |  | Kliniek                |
|  | Parke en Bome        |  | Suid-Afrikaanse Polise |
|  | Begraafplaas         |  | Sake-ondernemings      |
|  | Strale               |  | Wieg                   |
|  | Onbeboude persele    |  |                        |




THABONG




# KULLUANONG BANTOEWOONGEBIED

## STRUKTURELE DIFFERENSIASIE



### VERKLARING


|  |                                 |       |                         |
|--|---------------------------------|-------|-------------------------|
|  | Munisipale sub-ekonomiese huise | B     | Bersaal                 |
|  | Privaat woonhuise               | K     | Kerklik                 |
|  | Skole                           | KL    | Kliniek                 |
|  | Sport en Ontspanning            | P     | Poskantoor              |
|  | Begraafplaas                    | S     | Sake-ondernemings       |
|  | Onbeboude persele               | S.A.P | Suid Afrikaanse Polisie |
|  | Administrasie                   | T     | Transformators          |






# KULLUANONG BANTOEWOONGEBIED

ETNIESE GROEPING



### VERKLARING


|  |                      |  |       |                           |
|--|----------------------|--|-------|---------------------------|
|  | Sotho - groep        |  | B     | Biersaal                  |
|  | Nguni - groep        |  | K     | Kerkiik                   |
|  | Sport en Ontspanning |  | KL    | Klerek                    |
|  | Skole                |  | P     | Poskantoor                |
|  | Begraafplaas         |  | S     | Sake - ondernemings       |
|  | Onbeboude persele    |  | S.A.P | Suid - Afrikaanse Polisie |
|  | Administrasie        |  | T     | Transformators            |



















# MELODING BANTOEWOONGEBIED

## STRUKTURELE DIFFERENSIASIE




**VERKLARING**

|   |                      |   |                     |
|---|----------------------|---|---------------------|
|  | Opvoedkundig         |  | Begraafplaas        |
|  | Sport en Ontspanning |  | Kerklik             |
|  | Residensieel         |  | Administrasie       |
|  | Sotho-Hostel         |  | Biertuin            |
|  | Nguni-Hostel         |  | Kliniek             |
|  | Onbeboude persele    |  | Sake - Ondernemings |
|  | Parke en Bome        |  | Strate              |

125 0 125 375 625  
VOE T



# DIE TERREIN VAN 'N TIPIESE PRODUKSIESKAG



## VERKLARING

|   |                    |     |          |
|---|--------------------|-----|----------|
| A | Administrasie      | H   | Hostel   |
| G | Getroude kwartiere | SK  | Skag     |
| S | Sport-terrein      |     | Tuine    |
| W | Werkswinkels       | ==  | Paale    |
| R | Reduksie-inrigting | --- | Spoorweg |